

**IDEOLOGIE EN TAALHANDELING IN ENKELE AFRIKAANSE ROMANS
SEDERT 1980**

Mabel Aletta Rossouw, B.A., M.A., H.O.D.

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Afrikaans-Nederlands in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. D.H. Steenberg

Hulppromotor: Prof. P.S. de Bruyn

Potchefstroom
1991

DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan die volgende instansie en persone:

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, vir finansiële bystand. Die menings wat hier uitgespreek word en die gevolgtrekkings wat gemaak word, is uitsluitlik my eie en moet onder geen omstandighede as dié van die RGN beskou word nie.

Prof. D.H. Steenberg, vir sy bekwame en toegewyde leiding as promotor. Die voorbeeld wat hy stel as Christen-literator het dit vir my moontlik gemaak om in hierdie proefskrif standpunt in te neem oor kwessies wat my na aan die hart lê.

Prof. P.S. de Bruyn, hulppromotor, vir die deeglike en onontbeerlike hulp wat hy verleen het, veral betreffende die pragmatiek.

My ouers en skoonouers, vir aanmoediging en verskeie vorme van ondersteuning oor jare heen.

Mev. Naomi Matsotso, sonder wie se hulp in die Rossouw-huishouding dit nie vir my moontlik sou wees om die luukse van proefskrifskryf te bedryf nie.

Pieter, my man, wat my op meer maniere bygestaan en gehelp het as wat ek hier kan opnoem. Die wyse waarop hy na geregtigheid en versoening streef in sy teologiese arbeid, was en is vir my 'n inspirasie.

Ons seuns, Pierre, Jurie en Pieter, wat heelwat moes ontbeer terwyl ek my in hierdie studie verdiep het, maar dit alles met liefde verdra het.

Ons Hemelse Vader, wie se genade nog altyd vir my meer as genoeg was - selfs wanneer ek langs onortodokse weë na sy wil gesoek het, soos met hierdie ondersoek.

Our specific challenge is to offer alternative explanations and interpretations of literary works as concrete aspects of the reality we badly need to change.

Chidi Amuta

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN VERANTWOORDING

1.1 Probleemstelling en verantwoording	1
1.2 Onderzoekmetode en hipoteses	5
1.3 Doelstelling	10

HOOFSTUK 2: BEGRIPSOMSKRYWING EN WERKDEFINISIES

2.1 Ideologie	13
2.1.1 Geskiedkundige agtergrond van die term	13
2.1.2 Begripsafbakening	16
2.1.3 Definiëring: algemeen	18
2.1.4 Marxisties gedefinieer	20
2.1.5 Bybels-Reformatories gedefinieer	30
2.1.6 'n Werkdefinisie van ideologie	37
2.2 Ideologiekritiek	39
2.2.1 Die kritiese toerie	39
2.2.2 Theodor Adorno: die samelewing en kuns	41
2.2.3 Kritiek op die kritiese teorie	42

2.3 Literêre ideologiekritiek	42
2.3.1 Vroeë eksponente	42
2.3.2 Die 'strukuraliste'	48
2.3.3 Die semiotici	52
2.3.4 Fredric Jameson	56
2.3.5 'n Werkdefinisie van literêre ideologiekritiek	64
2.4 Taalhandelinge	67
2.4.1 Die pragmatiek en die taalhandelings teorie	67
2.4.2 Toepassings van die taalhandelings teorie op die literatuur	90
2.4.3 Mary Louise Pratt oor taalhandelinge en ideologie	101
2.4.4 'n Werkdefinisie van literêre taalhandelinge	109
 HOOFSTUK 3: 'N ONDERSOEKRAAM VIR DIE BESTUDERING VAN AFRIKAANSE PROSATEKSTE	
3.1 Inleiding	114
3.2 Situasië-ontleding: ideologiekritiek en die Afrikaanse letterkunde	115
3.2.1 Literêre kritiek in die tagtigerjare	115
3.2.2 Die eerste Afrikaanse ideologiekritici	116
3.2.3 Ander prominente Marxistiese literatore	125

3.2.4 Postmodernisme, dekonstruksie en ideologiekritiek	135
3.2.5 Ideologiekritiek op Bybels-Reformatoriese grondslag	144
3.3 Situasië-ontleding: die taalhandelingssteorie en die Afrikaanse letterkunde	147
3.3.1 <i>Wat sê jy?</i>	147
3.3.2 <i>Woorde as dade</i>	153
3.3.3 Ander toepassings van die taalhandelingssteorie op Afrikaanse prosatekste	161
3.4 'n Ideologiekritiese taalhandelingsraamwerk vir die ontleding van Afrikaanse romans	167
3.4.1 Die romanvorm en ideologie	167
3.4.2 Literêre gespreksvlakke in die roman	179
3.4.3 'n Ideologiekritiese taalhandelingsraamwerk vir die roman	189
 HOOFSTUK 4: 'N ONTLEDING VAN DIE LAASTE SONDAG (ELSA JOUBERT, 1983)	
4.1 Mesovlak: die bedoeling van die skrywer afgelei uit die verhaalstruktuur	196
4.1.1 Inleidend	196
4.1.2 Die storie en die verhaal	198
4.1.3 Tyd en ruimte	200
4.1.4 Vertelinstansie en fokalisering	202
4.1.5 Karakterisering	203

4.1.6 Die enkodering van ideologie	208
4.1.7 Afleidings oor illokusies en bedoelde perlokusies op die mesovlak	211
4.2 Mikrovlak: 'n ontleding van taalhandelinge deur die karakters	212
4.2.1 Inleidend	212
4.2.2 'n Analise van relevante taalhandelinge	213
4.2.3 Afleidings oor ideologiese implikasies op die mikrovlak	223
4.3 Makrovlak: 'n vergelyking tussen die bedoelde perlokusie en enkele werklike perlokusies	225
4.3.1 Bedoelde perlokusie: Elsa Joubert as prosaïs	225
4.3.2 Werklike perlokusies: Hoe geslaagd is die bedoelde perlokusie?	227
4.4 Ideologiese implikasies van taalhandelinge in <i>Die laaste Sondag</i>	230
4.5 <i>Die laaste Sondag</i> geplaas binne die Suid-Afrikaanse konteks	232
4.6 <i>Die laaste Sondag</i> : 'n sosiaal-simboliese taalhandeling	234

HOOFSTUK 5: 'N ONTLEDING VAN *OM TE AWOL* (ETIENNE VAN HEERDEN, 1984)

5.1 Mesovlak: die bedoeling van die skrywer afgelei uit die verhaalstruktuur ...	238
5.1.1 Inleidend	238
5.1.2 Die vertelinstansie as deiktiese sentrum van die verhaal	239

5.1.3 Karakterisering	247
5.1.4 Tyd en ruimte in die verhaal	254
5.1.5 Afleidings oor illokusies en die bedoelde perlokusie op die mesovlak	258
5.2 Mikrovlak: 'n ontleding van taalhandelinge deur die karakters	263
5.2.1 Inleidend	263
5.2.2 'n Analise van relevante taalhandelinge	263
5.2.3 Afleidings oor ideologiese implikasies op die mikrovlak	270
5.3 Makrovlak: 'n vergelyking tussen die bedoelde perlokusie en enkele werklike perlokusies	271
5.3.1 Inleidend	271
5.3.2 Bedoelde perlokusie: Etienne van Heerden aan die woord	273
5.3.3 Werklike perlokusie: resensies en besprekings	277
5.3.4 Gevolgtrekkings: Hoe geslaagd was die <i>engagé</i> -illokusies?	281
5.4 Ideologiese implikasies van die taalhandelinge in <i>Om te awol</i>	283
5.5 <i>Om te awol</i> - 'n sosiaal-simboliese handeling binne die Suid-Afrikaanse konteks	286

HOOFSTUK 6: 'N ONTLEDING VAN *SITATE OM 'N REWOLUSIE* (JEANETTE FERREIRA, 1985)

6.1 Mesovlak: die bedoeling van die skrywer afgelei uit die verhaalstruktuur ...	289
--	-----

6.1.1 Inleidend	289
6.1.2 Die vertelinstansie as deiktiese sentrum	290
6.1.3 Karakterisering	295
6.1.4 Tyd en ruimte	303
6.1.5 Skrywerstekst en kodesisteme	307
6.1.6 Afleidings oor illokusies en die bedoelde perlokusie op die mesovlak	313
6.2 Mikrovlak: 'n ontleding van taalhandelinge deur die karakters	317
6.2.1 Inleidend	317
6.2.2 'n Analise van relevante taalhandelinge	318
6.2.3 Afleidings oor ideologiese implikasies op die mikrovlak	331
6.3 Makrovlak: 'n vergelyking tussen die bedoelde perlokusie en enkele werklike perlokusies	333
6.3.1 Bedoelde perlokusie: Jeanette Ferreira aan die woord	333
6.3.2 Werklike perlokusies: resensies en besprekings	337
6.3.3 Gevolgtrekkings	342
6.4 Ideologiese implikasies van die taalhandelinge in <i>Sitate om 'n rewolusie</i>	343
6.5 <i>Sitate om 'n rewolusie</i> as sosiaal-simboliese handeling	346

HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKINGS

7.1 Ideologie en taalhandeling in die Afrikaanse roman van die tagtigerjare	353
7.1.1 Samevatting: die werkdefinisies en die ondersoekraamwerk	353
7.1.2 Ideologiese implikasies van literêre taalhandelinge: 'n vergelyking tussen die drie romans	356
7.1.3 Die Afrikaanse romanvorm en ideologie	361
7.2 Die sosiaal-simboliese rol van die Afrikaanse roman in die tagtigerjare	365
7.2.1 Die Afrikaanse romansier in die jare tagtig	365
7.2.2 Ideologie en utopie in die literatuur	367
7.2.3 'n Vergelyking tussen die drie romans as sosiaal-simboliese taalhandelinge	369
7.2.4 Die progressiewe moontlikhede van utopiese strewes in die roman	374
7.3 'n Bydrae tot die gemeenskapsrelevante gesprek rondom die Afrikaanse literatuur	375
ABSTRACT	381
BIBLIOGRAFIE	383

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN VERANTWOORDING

1.1 Probleemstelling en motivering

Gedurende die pas afgelope dekade het die konflik tussen twee onderskeibare groeperinge van skrywers en literatore in Suid-Afrika ongekende afmetings aangeneem. Binne die geledere van Afrikaner-skrywers en literatore het die stryd die felste gewoed. Enersyds was (en is) daar onder die literatore diegene wat die literêre teks in (akademiese) isolasie wil bestudeer en dit hoofsaaklik as 'n outonome, estetiese verskynsel beskou. Die opponerende groep, daarenteen, is oortuig daarvan dat die literatuur 'n manifestasie van 'n volk se geskiedenis is en dat dit daarom op 'n gemeenskapsrelevante wyse ondersoek behoort te word, dit wil sê as deel van die totale diskoers binne die samelewing, sodat etiese kwessies ook ter sprake sal kom by die beoordeling van 'n literêre teks. In hierdie saak, wat 'n persoonlike keuse noodsaak, laat ek my in die eerste plek deur die literêre tekste self lei, en in die besonder deur daardie tekste¹ wat die beste aanleiding verskaf vir die ideologiekritiese, pragmatiese ondersoek wat ek hier in gedagte het, naamlik langer prosatekste. Reeds by die oppervlakkige deurlees van die gekanoniseerde Afrikaanse romans wat gedurende die tagtigerjare verskyn het, blyk dit dat daar in hierdie tekste, op enkele uitsonderings na, 'n opvallende bewustheid is van die rasseproblematiek in Suid-Afrika. Dit is veral die Afrikaner se 'troetelideologie', apartheid (soms ook genoem Afrikaner- of wit nasionalisme), en die uitwerking daarvan op die Suid-Afrikaanse gemeenskap, wat 'n kerngegewe in verskeie romans is.

Ter bevestiging van die stelling hierbo oor die aard van die Afrikaanse roman van die tagtigerjare, kan die volgende tekste genoem word: *Houd-den-bek* (André P. Brink, 1982), *Onse Hymie* (Etienne Leroux, 1982), *Die laaste Sondag* (Elsa Joubert, 1983), *Blaaskans* (John Miles, 1983), *Die muur van die pes* (André P. Brink, 1984), *Om te awol* (Etienne van Heerden, 1984), *Grensgeval* (Hans du Plessis, 1985), *Sitatie om 'n rewolusie* (Jeanette Ferreira, 1985), *Die verlore vader* (J.C. Steyn, 1986), *Toorberg* (Etienne van Heerden, 1986), en laastens verskyn daar ook in 1987 *Kaapse*

1 Hier begin die keuse waarop ek afstuur reeds blyk.

rekwisiete van Wilma Stockenström en in 1989 *Suidpunt-jazz* (André Letoit), beide tekste waarin die rasseprobleem slegs sydelings aan die orde gestel word. Nouvelles wat in hierdie tydperk verskyn het, toon eweneens die neiging om genoemde ideologie te representeer as 'n kernvraagstuk in die gemeenskap². In kortverhaalbundels word daar byna deurgaans slegs 'n verhaal of twee opgeneem wat die problematiek rondom apartheid representeer. Langer prosatekste, en veral dan die roman³, blyk dus die vrugbaarste terrein te wees vir 'n ondersoek na ideologiese aspekte en funksies van die Afrikaanse prosa - die soort ondersoek wat ek met hierdie studie beoog.

Hoewel die apartheidsideologie, vanweë die aggressiewe aard en die verreikende sosiale implikasies daarvan, 'n sentrale verwysingspunt sal vorm in die ondersoek wat volg, sal die begrip 'ideologie' breër gedefinieer word om ander vorme van ideologiese bepaaldheid in te sluit. Voorlopig wil ek ideologie dan hier kortweg beskryf as 'n diskoers waarin die mens se optrede en denke gerig word deur 'n spesifieke sisteem van idees, norme en motiewe, wat afgestem is op die bevordering van 'n bepaalde groep se belange (ten koste van ander), deur die verkryging en vermeerdering van mag. Binne so 'n sisteem word die individu veral deur taal gekonstitueer as 'n subjek wie se denke, taaluiting en optredes grootliks bepaal word deur die historiese en materiële voorwaardes van sy bestaan binne daardie sisteem. In die Suid-Afrikaanse gemeenskap, waarin 'n laat-kapitalistiese sisteem deur die heersende minderheidsgroep in stand gehou word, vorm klassebewussyn, wat as gevolg van die apartheidbeleid ontaard het in 'n verwronge rassebewustheid, die grondslag vir ekonomiese, politieke, sosiale en morele teenstrydighede/kontradiksies. Hierdie teenstrydighede word enersyds onderdruk, en lei andersyds tot voortdurende konflik tussen die onderskeie strydende groepe.

Die toenemende geneigdheid tot die representasie van ideologiese kwessies in

2 Die volgende nouvelles dien as bewys hiervan: *Die kremetartekspedisie* (1981) deur Wilma Stockenström; *Ef* (1986) en *Klaaglied vir Koos* (1987) van Lettie Viljoen, en *Die eerste lewe van Adamastor* (André P. Brink, 1988) - almal oorwegend postmodernistiese tekste wat die gesag van taal en teken in die tekstuele diskoers sowel as in die gemeenskap bevraagteken en ondermyn (vgl. Coetzee, 1988:80-90 vir 'n bespreking van *Die kremetartekspedisie* in hierdie trant).

3 In ideologiekritiese kringe word daar dikwels verwys na die roman as die karakteristieke kapitalistiese literêre vorm (vgl. Slaughter, 1980:23).

Afrikaanse prosatekste van die tagtigerjare, kan gesien word as 'n weerspieëling daarvan dat konflik en stryd wat verband hou met die onderdrukking/repressie van die genoemde teenstrydighede 'n belangrike plek inneem in die konteks van die eietydse geskiedenis. Die omvattende en deurdringende wyse waarop hierdie ideologiese stryd in die literatuur gerepresenteer word, dui op 'n poging vanuit die geteisterde gemeenskap self om sin te maak uit 'n onhoudbare situasie; soms dui dit ook op 'n strewe om verandering teweeg te bring binne 'n situasie wat op die oog af onveranderbaar is. Watter soort rol of funksie die literêre teks in die sosiale diskoers rondom ideologiese kwessies vervul (of poog om te vervul), sal in die loop van die ondersoek blyk. In hierdie stadium kan daar slegs gemeld word dat tekste òf demistifiserend en ontmaskerend te werk gaan met ideologie, òf op subtile, onbewuste wyse meedoen aan die bevestiging van ideologiese vooronderstellinge, en sodoende sosiale teenstrydighede verdoesel. Meestal sal daar waarskynlik in 'n mindere of meerdere mate elemente van beide tendense in 'n teks teenwoordig wees, soos aangedui in die volgende stelling van Liebenberg (1989d:6): "dit (is) my uitgangspunt (...) dat elke literêre werk ook, nes die samelewing en die siening van die skrywer wat daarin tot uiting kom, konserwatiewe sowel as progressiewe⁴ elemente sal bevat".

Polemieke rondom die beoefening van literatuurwetenskap - kritiek sowel as teorievorming - dui in toenemende mate op polarisasie in die Afrikaanse gemeenskap, wat veral spruit uit die uiteenlopende houdings wat ingeneem word rondom kwessies wat (indirek) verband hou met apartheid en aanverwante ideologiese posisies. Die twis oor 'betrokke' skryf, versetliteratuur en die rol van die skrywer sowel as die literatuurwetenskap (teorie en kritiek) in die gemeenskap het, soos reeds gesê, in die dekade van tagtig 'n byna ondraaglike intensiteit bereik. Literêre ideologiekritiek en die reaksie daarop het toenemend gedui op diepliggende teenstrydighede in die gemeenskap sover dit skrywers, literatore en ander lesers se houding teenoor ideologiese kwessies aangaan. Midde in hierdie polemieë het die 'gewetensvolle' skrywer/literator/leser hom of haar in die onbenydenswaardige posisie bevind van iemand wat nie 'n plek kan vind binne die 'bevrydingstryd' nie. Die volgende brief van so 'n gewetensvolle skrywer (ene 'Hermias de Witte') is 'n sprekende voorbeeld van die dilemma waarin (veral wit)

4 Die begrip 'progressief' dui volgens Liebenberg (1989d:5,6) op elemente wat bevorderlik is vir die verandering van ons samelewing vol teenstrydighede.

persone wat met die literatuur gemoeid is, en terselfdertyd die sosiokulturele en politieke probleemvrae van Suid-Afrika op die hart dra, hulle steeds bevind. Omdat Hermias de Witte se pleitrede hierdie saak myns insien so treffend uitdruk, stel ek hom vervolgens self aan die woord, in die oortuiging dat hy ook namens vele ander spreek.

Genoemde skrywer bemerk naamlik by homself die onvermoë om iets anders as 'teoretiese' gedagtes op te skryf, en dui dan die drie fases aan waarin hierdie onvermoë uiteenval:

"In die eerste plek wéét ek dat my ervaring as 'n witmens uit die hoër middelklas uiters beperk is. Ek voel die onderdrukking nie aan den lywe nie. Tog lees ek elke dag in die koerante daarvan en is diep verontwaardig oor my taal- en klasgenote wat die meerderheid van die land se mense met soveel godskreienende brutaliteit onderdruk. As ek daaroor skryf, besef ek egter altyd dat ek as struktureel bevoorregte witmens skryf. En dié besef is iets wat ek eerlikheidshalwe altyd baie pertinent in my werk wil inwerk - sóveel so dat ek uiteindelik sit met bladsye vol selfverskonende en steriele selfverwysings! Dan skeur ek dit maar liever op (...)

"Die tweede fase is dat ek besluit om dan maar liever oor my honde, my jonkmanskas, my aambeie te skryf - eerlikies te hou by my allerindividueelste bourgeois-sorge sonder om my bloot te stel aan die pretensieuse valstrikke van selfrefleksiwiteit. (...) Maar dit skeur ek óók op, omdat dit óók vals is. Want my belewingswerklikheid is naamlik nie so eenvoudig nie, en ek wórd inderdaad op elke moment uitgedaag om my te verbéél hoe dit moet wees om swart te wees, stemloos, dakloos, aangehou sonder verhoor, gemartel tot die dood toe, kansloos tot die einde.

"Die derde fase is om die stryd aan te knoop en by organisasies aan te sluit. En meestal sluit ek my dan by die media-afdeling aan waar tydskrifte en plakkaat beslag kry. Maar dan het dit al voorgekom dat die organisasie my skryfsels opskeur omdat dit te 'literêr' sou wees en my voorstelle vir beeldende vorming op plakkaat van die hand wys omdat dit te 'esteties' en individualisties sou wees.

"En só kom dit dan dat ek 'n gewetensvolle kunstenaar is wat niks meer produseer nie - nie 'n reaksie op die objektiewe onreg in die land nie, nie oor sy subjektiewe

wit werklikheid nie, en ook nie ter ondersteuning van die politieke stryd nie" (opgeneem in Marlene Van Niekerk, 1989:41 en 44).

Dit wat die skeppende skrywer so belemmer in sy/haar pogings om 'n betekenisvolle bydrae te maak, is egter ook vir 'gewetensvolle' teoretiseerders en kritici problematies; ook hulle moet voortdurende selfondersoek toepas en hul vooronderstellinge op die (kollektiewe) dissekteertafel plaas. Dit is daarom myns insiens slegs in 'n gees van nederigheid dat 'n ondersoek na die wyse waarop ideologieë neerslag vind in eietydse prosatekste, kan hoop om 'n bydrae te maak ter verheldering van die dilemma waarin die Afrikaanse literatuur en literatuurwetenskap vir die afgelope dekade of meer reeds verkeer. Na my mening kan daar slegs op 'nederigheid' aanspraak gemaak word in so 'n ondersoek indien die eie ideologiese bepaaldheid erken en in berekening gebring word, vir sover dit vir die ondersoeker moontlik mag wees om dit self raak te sien! Wat ek ten minste wil probeer doen, is om die pragmatiese, ideologiekritiese posisie wat ingeneem word vir die doeleindes van hierdie ondersoek deurlopend so duidelik moontlik te stel.

1.2 Onderzoekmetode en hipoteses

Die motivering vir 'n ideologiekritiese ondersoek van verhalende tekste is in die eerste plek dan die feit dat daar pynlike onderliggende kontradiksies in sowel die maatskaplike lewe in Suid-Afrika as in die politieke onbewuste van die Afrikaner bestaan. Vanweë die gekompliseerde samestelling van die sosiale strukture in die Suid-Afrikaanse maatskappy, sou ek nie 'n poging kon aanwend om al die relevante teenstrydighede op te noem nie. Ek verwys dus slegs na enkele wat as oorkoepelend beskou kan word.⁵ Op ekonomiese gebied word die indruk geskep dat Suid-Afrika 'n land van kapitalistiese voorspoed, vooruitgang en onbeperkte geleenthede is. Die realiteit is egter dat hierdie voorregte oor die afgelope 40 jaar of meer deur wetgewing beperk was tot witmense, sodat die oorgrote meerderheid wat tot ander ander groepe behoort steeds in die uiterste armoede verkeer. 'n Roman soos *Toorberg* (Etienne van Heerden, 1986) verwoord dié werklikheid treffend. Die (teenstrydige) feit dat slegs wittes - by verre die minderheid in die land - binne die

5 In aansluiting by die ondersoektema word enkele prosatekste van die tagtigerjare waarin die tersaaklike teenstrydigheid deur representasie na die oppervlak gedwing word, aangedui.

Republiek van Suid-Afrika stemreg geniet en dus die politieke toneel beheer, het wye sosiale en ekonomiese gevolge waarop ek nie wil uitbrei nie. Voorbeelde van hoe hierdie situasie tot magmisbruik lei, word in verskeie romans van André P. Brink aangetref. Die kontradiksies wat egter na my mening die aktiefste onderdruk word in die Afrikaner se kollektiewe onbewuste, is dié met morele implikasies, byvoorbeeld: Terwyl daar steeds geroem word op 'beskaafde' en 'Christelike' norme, word die tweede gedeelte van die sentrale Bybelse liefdesgebod (Matt. 22:39 - "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself") deur vele geïnterpreteer as sou dit slegs van toepassing wees op volks- of rasgenote; van die voorbeeld van selfopofferende liefde (vir almal) wat Christus self gestel het, word daar gerieflikheidshalwe vergeet sover dit ander (kleur-) groepe betref⁶. *Die laaste Sondag* (Elsa Joubert, 1983) ontgin dié tema.

'n Onlangse voorbeeld van die traumatiese uitwerking wat dit op die gemeenskap het wanneer so 'n morele teenstrydigheid aan die lig gebring word, is die openbaarmaking van die koverte bedrywighede van die sogenaamde Burgerlike Beskermingsburo (BSB). Daar was beroering onder die 'volk' toe die vermoede gegroei het dat die 'beskaafde', 'Christelike' regering, wat met groot gebaar van die African National Congress (ANC) en andere geëis het om "geweld af te sweer", self hul oë gesluit het vir gruwelike geweldpleging, marteling en moorde op verdagtes (praktyke waarvan selfs *Kennis van die aand* en ander romans van Brink maar slegs ten dele kon getuig). Du Plessis (1990:28) suggereer weliswaar dat daar in hierdie geval sterk sprake moet wees van kollektiewe skuld, en hy gebruik die volgende aanhaling van sir Winston Churchill ter staving van sy argument: "When a nation has allowed itself to fall under a tyrannical regime, it cannot be absolved from the faults due to the guilt of that regime." Spoedig het dinge egter daarop begin dui dat die hele 'onsmaaklike' BSB-episode weer effektief onderdruk is, met die gedagte dat die kommissie van ondersoek wat die saak moes ondersoek, die wond sou opmaak en dit meteens ook sou verwyder uit ons midde. Die Harms-kommissie se bevindinge was egter na my mening uiters onbevredigend⁷, en niks daadwerkliks is

6 Dat juis die grootste Afrikanerkerk 'n aktiewe rol vervul het in die totstandbring van strukture van bevoorregting, dien allermins tot troos! (Vgl. bv. Lubbe, 1988.) Juis dít is vir my as Christen te meer regverdiging vir 'n ondersoek om vas te stel hoe die verband tussen kerk, samelewing en ideologie in literêre tekste gerepresenteer word.

7 Hierdie mening word ook deur vele andere gedeel. Vgl. l.b.v. die volgende uitspraak: "Die kommissie

steeds omtrent die saak gedoen nie; 'n 'simboliese' oplossing vir die probleem is blykbaar veronderstel om voldoende te wees binne die huidige bestel. In my ondersoek wil ek 'n poging aanwend om die Afrikaanse roman van die tagtigerjare binne hierdie konteks van repressie en ontkenning te plaas.

Aangesien ek ideologie⁸ in hierdie studie veral beskou as 'n kollektiewe, maatskaplike verskynsel wat 'n groot onbewuste komponent het, sal my siening van ideologie en literatuur in breë trekke ooreenstem met Fredric Jameson (1981) se siening van die literêre teks as 'n sosiaal-simboliese handeling wat uit die kollektiewe (politieke) onbewuste van 'n gemeenskap voortkom. Volgens hierdie siening verteenwoordig tekste dan 'n poging om op die vlak van die verbeelding oplossings te vind vir die onderliggende sosiale, politieke en ekonomiese teenstrydighede (oftewel kontradiksies) wat deur die gemeenskap gerepresseer word. Die tweeledige (ideologiese én utopiese) rol wat 'n verhalende teks (in die besonder) dan volgens hom in die gemeenskap vervul, is ensyds om bloot 'n denkbeeldige oplossing te bied vir die teenstrydighede, maar andersyds ook om op te tree as 'n ware (taal-) handeling en sodoende deel te vorm van die sosiale diskoers binne die gemeenskap. Deur dus in hierdie ondersoek klem te lê op die taalhandelingsaard van die literêre teks, en veral die roman, word daar 'n poging aangewend om hierdie soort teks sy regmatige plek te laat inneem as diskoers wat nie bloot die werklikheid wil beskryf nie, maar dit ook wil verander en daarom medeskepper daarvan wil wees, en inderdaad ook is. In terme van Paul Ricoeur se sterk positiewe siening van die utopie, wat ook in die ondersoek betrek sal word, tree die ware utopiese werking van die skeppende verbeelding van die mens hier na vore.

Die sosiaal-simboliese handeling in die literatuur is by uitstek taalhandelings. Wanneer 'n verskynsel so irrasioneel en ontwykend soos 'ideologie' ondersoek word, is dit al gou duidelik dat dit in die wesen saard daarvan is om wetenskaplike navorsing daaroor te ontwyk. Deur 'n gestruktureerde, en in sekere opsigte kontroleerbare teoretiese model soos die taalhandelings teorie by die teksontledings

se bevinding oor die weermag se Burgerlike Samewerkingsburo en die politieke verantwoordelikheid daarvoor is ook uiters onbevredigend. Net vir die geweldenaars en boewe wat met hul absurde vermommings voor die regter verskyn het, was dit 'n oorwinning' (Du Preez, 1990:20).

8 Hierdie omstrede en oorwerkte begrip word onder 2.1 noukeuriger omskryf.

te betrek, kan die moeilik bewysbare teenwoordigheid van ideologiese intensies (oftewel illokusies) waarskynlik met groter noukeurigheid aangedui word. Binne die kader van die taalhandelings teorie word die literêre teks dan gesien as 'n simboliese taalhandeling (op mikro-, meso- en makrogesprekswak) waardeur die samelewing waarin die teks geproduseer en gelees word, tot 'n denkbeeldige oplossing probeer kom van die teenstrydighede in die politieke onbewuste van hierdie gemeenskap. Die mesovak, wat as vertrekpunt vir elke teksontleding sal dien, bevat die taalhandelinge van die geïmpliseerde skrywer soos wat dit tot uiting kom in die wyse waarop die onderskeie narratiewe elemente aangewend en georganiseer is ter wille van die literêre kommunikasieproses. 'n Ontleding op die mikrovak behels die ontleding van taalhandelinge wat voorkom in die dialoog tussen karakters, terwyl die makrovakontleding sal bestaan uit 'n bespreking van relevante uitsprake van die konkrete skrywer sowel as van werklike lesers (resensente ens.) van die tersaaklike teks.

Omdat 'n geïntegreerde (kollektiewe) onbewuste volgens Carl Jung (1984) - en ook na my mening - deur die kunste nagestreef word ten einde die mens opnuut in herestelde verhoudinge binne die totaliteit van die werklikheid te staan te bring, is daar binne die literêre sfeer weinig ruimte vir die openlike vertroeteling van ideologieë en sal hulle eerder ontmasker en gedemistifiseer word, of so nie verswyg en onderdruk word. By geleentheid verklaar André P. Brink (s.j.:2) dat 'n skrywer se verpligting teenoor die waarheid hom nooit rus gun nie, en dat 'n roman soos *Kennis van die aand* juis verbied is omdat dit "die mens se geloof in geregtigheid, vryheid en waarheid bevestig" - eienskappe wat nie in 'n onderdrukkende samelewing geduld word nie. Later verwoord Brink (1987a:234) sy siening as "die onontkombare besef van die enkeling - die skrywer - se interaksie met en sy verantwoordelikheid teenoor sy samelewing". Veral gedurende die tagtigerjare het die besef van die interafhanklikheid tussen literêre teks en die sosio-politieke situasie van die dag toegeneem by skrywers sowel as literatore.

Uit hierdie noue wisselwerking tussen literatuur en eietydse konteks, kan daar afgelei word dat die betekenis van 'n literêre teks eers geaktiveer kan word wanneer dit as deel van 'n inklusiewe sosiale kommunikasienetwerk beskou en ontleed word. In literatuurwetenskaplike kringe duur die pogings tot dekontekstualisering en verselfstandiging van die literatuur (en taal) egter onverpoosd voort en wel onder die vaandel van 'wetenskaplikheid' en 'objektiwiteit', oftewel in die gees van die

positivisme⁹. Twee Afrikaanse literêr-kritiese publikasies wat egter eksplisiet daarop ingestel is om wel die sosio-politieke konteks van die literatuur te verreken, is *Literatuur en apartheid*, 'n literêr-sosiologiese studie deur Jakes Gerwel (1988) en *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde* van Ampie Coetzee (1988).

Aangesien literatuur in hierdie ondersoek ook binne 'n diskursiewe, kommunikatiewe raamwerk bestudeer word, word resepsieverslae van die tekste in die vorm van resensies en besprekings ontleed as 'n kontroleerbare aanduiding van die ontvangs van die betrokke tekste in die gemeenskap. Die uitwerking wat die lees van die teks op werklike lesers het (oftewel die perlokusie-effek) kan ook vrugbaar vergelyk word met die bedoelde perlokusie, wat in hoofsaak algelei kan word uit die illokusie (die betekeniswaarde binne 'n bepaalde konteks) van die teks, maar ook uit relevante verklarings en uitsprake van die werklike (konkrete) skrywer van die teks. Wanneer die resensente se reaksies op 'n roman uiteenlopend van aard is, of indien die teks se illokusies nie geslaag het nie, sou dit 'n verdere aanduiding kon wees van die onderliggende teenstrydighede wat in die gemeenskap vertroetel en gerepasseer word.

Die volgende drie romans sal ontleed en bespreek word: *Die laaste Sondag* (1983) van Elsa Joubert, *Om te awol* (1984) deur Etienne van Heerden, en *Sitate om 'n rewolusie* (1985) van Jeanette Ferreira. Hierdie tekste is hoofsaaklik gekies vanweë die feit dat die omvang van elk hanteerbaar is vir die gedetailleerde ondersoek wat 'n taalhandelingsaanslag sal verg; verder het nie een van die werke besondere groot openbare opspraak verwek of belangrike pryse gewen nie, sodat die meer spontane aspekte van die ideologiese werking van elkeen waarskynlik beter uit die resepsieverslae afgelei sal kan word; en laastens verteenwoordig die tekste sowel die jonger garde (twee is debuutromans) as die meer gevestigde skrywers. In die ondersoek sal daar nagegaan word watter demistifiserende en/of ideologiese taalhandelinge op die verskillende gespreksvlakke aangetref word in elk van hierdie tekste en watter sosiaal-simboliese rol dit speel of poog om te vervul, in die diskoers van die Suid-Afrikaanse maatskappy oor die algemeen, en in die Afrikaanse

9 Van Niekerk e.a. (1989:38) beskryf die positivisme as die wetenskaplike handlangers van die fascisme en as "n ideologie wat onder die selfregverdigende masker van 'objektiwiteit' en 'neutraliteit' en 'vakgerigtheid' daarin slaag om kennisvelde te fragmenteer en om vakgebiede te isoleer uit wyer historiese en sosiale kontekste".

taalgemeenskap in die besonder.

1.3 Doelstelling

Die ideologiekritiek wat gedurende die tagtigerjare in die Suid-Afrikaanse literêre konteks so druk ter sprake was, het hoofsaaklik 'n maatskappykritiese, Marxistiese oorsprong. In die ontleding van die tekste wil ek in 'n groot mate daarby aansluit omdat ons verpolitiseerde gemeenskap, diskoers en taal my weinig ruimte vir 'n ander keuse laat.¹⁰ Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die klassestryd (wat hier ook 'n rassestryd geword het) en die ekonomiese basis daarvan hoogs relevant. Die historiese materialisme verteenwoordig of verskaf nogtans nie vir my as Christen die finale antwoord op die sin van die menslike bestaan nie. Die Christen-gelowige behoort egter, myns insiens, juis ook krities te staan teenoor die vernaamste ideologieë wat sy/haar gemeenskap teister (as pseudo-religieë waarin die hoop gevestig word op valse, immanente bronne van sekerheid). Ideologiekritiek (in die algemene sin van die woord) sal dan in Christelike verband besonder pynlike selfkritiek wees waarin daar gepoog word om te bepaal wat die rol van die kerk is in òf die instandhouding òf die verandering van onderdrukkende sosiale strukture. Wanneer 'n Christen op ideologiekritiese wyse na die literatuur kyk, gaan dit egter by uitstek oor die wyse waarop sodanige sosiale strukture gerepresenteer word in die literêre diskoers - in hierdie geval die Afrikaanse roman.

Tog is my bedoeling nie soseer om in hierdie studie 'n formele voorstel te maak vir 'n 'Christelike ideologiekritiese benadering' nie. Hoewel daar vanuit 'n Bybelse vertrekpunt standpunt ingeneem word, wil ek geen dogmatiese of fundamentalistiese uitsprake maak oor die literatuur, die gemeenskap of wat ook al nie. Die geskiedenis van die Christendom in die wêreld, maar veral ook in Suid-Afrika, lewer genoeg getuienis daarvan dat die Woord van God misbruik kan word as 'n middel waarmee sekere partye goddelike gesag probeer verleen aan eie moralistiese en ideologiese standpunte. Hoewel ek my posisie dus duidelik stel, wil ek my sover moontlik weerhou van die soort 'magsmisbruik' waarna pas verwys is. Hierdie studie wil daarom geensins pretendeer om 'n ideologies-gesuiwerde

10 Vanuit 'n bepaalde 'ideologiese' oogpunt beskou, sal hierdie keuse wat ek maak eweneens 'ideologies' lyk! Die poging in hierdie betoog is egter juis om by vooroordele verby te reik en deel te wees van 'n dialektiese, konstruktiewe gesprek rondom uiters kontensieuse kwessies.

beredenering van die onderwerp te wees nie. Dit is my oortuiging dat 'n gespreksbydrae slegs gemaak kan word wanneer die eie posisie eerlik aangedui word, en wanneer die relatiwiteit en relasionaliteit van die ondersoeker se eie benadering tot die literatuur aanvaar word.¹¹

Omdat literêre tekste sulke kreatiewe, gesofistikeerde, maar tog ook by uitstek intuïtiewe, manifestasies van ideologiese aspekte in die gemeenskap is, behoort die bestudering daarvan waardevolle insigte op te lewer aangaande die wyse waarop literatuur taalhandeling word binne die diskoers in 'n gemeenskap. Literêre ideologiesekritiek verteenwoordig verder ook hier 'n poging om 'n besondere aspek van die Afrikaanse literêre konteks te integreer wat in die verlede dikwels genegeer en ontken is. Die taalhandelingsteorie dien as 'n poging om die pragmatiek op wetenskaplike wyse te betrek by die ondersoek, ten einde die ideologiese implikasies wat 'n individuele literêre teks binne die samelewing het, noukeuriger te kan verwoord.

Die bedoeling is dat hierdie dissertasie gestruktureer sal word in die vorm van 'n diskoers, en wel soos volg: Daar sal eerstens aandag gegee word aan die sieninge van wat ideologie, ideologiesekritiek en die taalhandelingsteorie na die mening van verskeie teoretici is, en in antwoord daarop sal 'n werkdefinisie van elk saamgestel word (hfst.2). Tweedens word 'n situasie-ontleding gemaak waarin Afrikaanse literatoure wat gedurende die tagtigerjare ideologiesekritiek beoefen, sowel as dié wat die taalhandelingsteorie op literêre tekste toegepas het, aan die woord gestel word; in antwoord hierop word daar dan 'n ideologiesekritiese taalhandelingsraamwerk vir die ontleding van Afrikaanse prosatekste voorgestel (hfst.3). Die toepassingsgedeelte (hfst.4, 5 en 6) is 'n poging om hierdie raamwerk te toets, ten einde te bepaal of die teoretiese uitgangspunte en aannames wat gestel is, vir die praktyk werkbaar gemaak kan word. In die finale gevolgtrekking (hfst.7) sal die bydrae uiteengesit word wat hierdie ondersoek wil maak tot die gesprek rondom die

11 Ek voeg my hier by Lubbe (1988:183) wat aandui dat 'n voortdurende soeke na die waarheid die eerste stap is in die bevryding uit ideologiese enghed: "Dit impliseer 'n erkenning van die eie geloofsverbintenisse, en die prysgawe van 'n alleenreg op die waarheid en prinsipiële absolutes". Lubbe wys ook op die feit (myns insiens) dat 'n ideologies-gesuiwerde waarheid slegs as 'n eskatologiese werklikheid bestaan; gevolglik sal ek ook nie in hierdie ondersoek probeer aanspraak maak op 'n posisie buite die ideologie nie.

Afrikaanse roman as diskursiewe struktuur, en veral as makrotaalhandeling met ideologiese sowel as utopiese implikasies binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Deurdat die sosio-politieke konteks ook betrek word by die ondersoek na die rol en betekenis van die Afrikaanse roman gedurende die tagtigerjare, kan daar ten slotte ook 'n poging aangewend word om 'n bydrae te maak tot die gesprek rondom die Afrikaanse literatuur, ook met die oog op die huidige dekade, waarin ingrypende, progressiewe veranderinge (so hoop ek) in Suid-Afrika gaan plaasvind.

HOOFSTUK 2

BEGRIPSOMSKRYWING EN WERKDEFINISIES

2.1 Ideologie

2.1.1 Geskiedkundige agtergrond van die term

Ideologie is waarskynlik een van die ontwykendste en meerduideligste begrippe in die sosiale wetenskappe; sommige beskou dit ook as 'n oorwerkte, selfs "erg verslete" (Malan, 1986:12) konsep wat liefs vermy behoort te word.¹ In hierdie ondersoek staan die term 'ideologie' sentraal en wel in 'n heel spesifieke betekenisfeer wat vervolgens so duidelik moontlik omlin sal word. Die historiese oorsprong en ontwikkelingsgang van die gebruik van die begrip vorm die aanleiding tot my definiering daarvan en sal daarom eerstens kortweg geskets word.

Die woord 'ideologie' is afgelei van die Griekse woord *idea* wat gedagtegang, idee, geestelike voorstelling of begrip beteken. Hoewel die Franse ab, Etienne Condillac, as die eintlike outeur van ideologie as 'n wetenskap beskou word (Larrain, 1979:27), is die term 'ideologie' die eerste keer gebruik deur die filosoof Antoine Destutt de Tracy (1754-1836) in 'n werk getiteld *Eléments d' Ideologie*, en wel teen die einde van die 18de eeu, gedurende die tydperk van die Franse Rewolusie. Laasgenoemde filosoof was die woordvoerder van 'n groep bekend as die *ideologues* wat veral krities gestaan het teenoor religieuse vooronderstellings oor sake wat nie deur waarneming bewys kon word nie. Ideologie het verwys na die 'wetenskap van idees' wat 'n positiewe wetenskap sou wees, "wat op seker kennis dui en alle metafisika of filosofiese spekulاسie sou vermy" (Botha, 1984:16). Die uitgangspunt was dat die menslike rede die samelewing sou kon reformeer deur die wysiging van idees en die bevryding van alle wanvoorstellings wat deur die kerke in stand gehou is; dit was die taak van *ideoloë* om dit teweeg te bring. In hul ontleding van die maatskappy word *natuurwette* gehandhaaf met as sentrale onderliggende beginsel die onvervreembare reg van elke individu tot *vryheid* (Lubbe, 1988:27) - sodoende het

1 Die grondliggende oorsaak vir die verwarring wat daar rondom die gebruik van hierdie term bestaan, word kortweg soos volg deur Cronin (1987:12) verwoord: "Ideology" is itself an ideologically contested term."

die ideoloë hulle meteen midde in die politieke arena van hul tyd bevind. In die konteks van die Rewolusie is die term ideologie gebruik as 'n stel revolusionêre idees wat daarop gemik was om ontslae te raak van die feodale onderdrukking deur die sogenaamde *ancien régime*.

Nadat Napoleon met hierdie groep eertydse vriende van hom gebots het omdat hulle hom nie in alles wou steun nie (veral nie in sy imperialistiese strewes nie!) en volgens sy mening bloot wêreldvreemde kamergeleerdes was, het die negatiewe waardering van die begrip ideologie begin posvat wat gedurende die 19de eeu voortgesit is. Die negatiewe konnotasies en inhoude wat in my definiëring van die begrip sentraal staan, se oorsprong lê egter veel verder terug in die geskiedenis van die mensdom as wat die gebruik van die term aandui. Probleme rondom die intellektuele legitimering van sosiale oorheersing en ander vorme van kennisverwringing ter wille van die voortbestaan van klassegemeenskappe, kom reeds eeue lank voor. Dit is egter eers sedert die disintegrasie van die Middeleeuse gemeenskapslewe dat hierdie soort verskynsels sistematies bestudeer is. Enkele relevante figure en idees rondom genoemde bewuswording word vervolgens heel oorsigtelik aangedui.

Een van die eerste skrywers wat sosiale kwessies aangeraak het wat verband hou met ideologiese verskynsels was N. Machiavelli (1469-1527), 'n verteenwoordiger van die vroeë bourgeoisie. Sy noukeurige waarnemings van die politieke praktyke van prinse, en die politieke gedrag van mense oor die algemeen, het die volgende afleidings opgelewer: mense se partydige en eensydige beoordeling van die hede word bepaal deur hul eie "appetites and interests" (Larraine, 1979:18); godsdiens word aangewend as 'n 'opvoedingmiddel' met die sosiale funksie om mense nederig en passief te hou sodat 'n kleiner groep se magsposisie versterk word; geweld en bedrog word gebruik vir die verkryging en instandhouding van mag. Machiavelli verteenwoordig verder ook reeds die strewe van 'n nuwe geslag intellektuele om die kunsmatige struikelblokke wat die feodale sisteem met sy teologiese siening van die wêreld in die weg gelê het van die verkryging van akkurate kennis van die natuur, uit die weg te ruim. Die behoefte aan presiese, onverdraaide kennis het die kritiese beoordeling van die toenmalige wêreldsiening ten grondslag gelê. Larrain (1979:19) verwoord dit soos volg: "This is why, together with the appearance of science, the concern for those factors which perturb its development is born."

Hierna het verskeie ander geleerdes aandag gegee aan sommige van die irrasionele elemente in die menslike denke wat in die weg staan van 'n voller insig in die werklikheid. In sy *Novum Organon* (1620) bevraagteken Bacon byvoorbeeld die tradisionele benadering tot die wetenskap en wys daarop dat die mens eers moet afstand doen van bepaalde valse idees, wat hy ook 'afgode' noem, voordat hy die waarheid kan bereik. Bacon dui reeds aan dat hierdie 'afgode' in mense se interaksie met mekaar en daarom deur taal na vore kom; sodoende gee hy erkenning aan die feit dat ideologiese verskynsels **sosiaal-gedetermineerde verwringings** van kennis is. Hobbes (1588-1676) se kritiese siening van godsdiens as gebaseer op vrees en onkunde, is deur filosowe van die Franse Verligting (bv. Holbach en Helvetius) verder gevoer. Hoewel die term 'ideologie' - soos reeds vermeld - 'n tyd lank positief gedefinieer is as die wetenskap van idees (deur o.a. Locke, Condillac en De Tracy), het hierdie wetenskap nie werklik inslag gevind nie, en was die kritiek op godsdiens en alle vorme van metafisika waarna verwys is, die belangrikste voorlopers van die negatiewe betekenis wat later aan die term geheg sou word.

In die tradisies van die positivisme in Frankryk (Comte e.a.) en die idealisme in Duitsland (bv. Hegel) is kritiek op die godsdiens verhef tot 'n totale verwerping daarvan. In eersgenoemde is empiriese waarneming bo die verbeelding (en metafisika) verhef en is wetenskaplike rasionalisme gevoer tot by 'n ongeveer meganiese vorm van materialisme. Idealiste soos Hegel (1770-1831) en Feuerbach (1804-1872) het weer die menslike bewussyn verabsoluteer en God beskou as 'n projeksie van die mens wat sy vervreemding in die hand werk. Karl Marx sou hierdie twee strominge tot 'n sintese laat kom deur sy siening van die mens as konkrete, histories-gesitueerde subjek wat tot 'n histories-bepaalde **klas** behoort, maar terselfdertyd die materiële werklikheid histories tot stand bring - en dit selfs op rewolusionêre wyse kan verander - deur sy **praktyk** (of: praxis).

In Marx se gebruik daarvan het die term sy negatiewe en kritiese beslag gekry wat meer was as die godsdienskritiek van genoemde voorgangers: "With Marx the concept of ideology came of age" (Larrain, 1979:34). Daar sal later teruggekeer word tot die inhoud wat Marx en sommige van sy opvolgers aan hierdie begrip toegeken het. Voordat die spesifieke definisies wat vir hierdie studie relevant is nader omskryf word, wil ek eers die begrip afgrens teenoor enkele ander wat daarnaas lê en soms selfs daarmee verwar word.

2.1.2 Begripsafbakening

In die omgangstaal word ideologie dikwels gelykgestel aan lewens- en wêreldbeskouing (d.w.s. 'n visie op die werklikheid of *Weltanschauung*²). Laasgenoemde dui volgens Botha (1984:21) op denkbeelde, opvattinge, aannames en oortuiginge wat op 'n alledaagse kennisvlak funksioneer en dus ten diepste konfessioneel van aard is. Hoewel hierdie aannames en denkbeelde nie noodwendig wetenskaplik verantwoordbaar is nie, ontspring dit soms uit wetenskaplike oortuigings of word daardeur gevoed. So 'n lewens- en wêreldbeskouing funksioneer op die bewuste sowel as onbewuste vlak en vorm 'n verwysingsraamwerk vir die beleving en interpretasie van die werklikheid en alles daarin. In hierdie grondliggende oortuigings setel die norme en riglyne vir menslike handeling, sowel in die individuele as in die kollektiewe sosio-politieke bestaan.

Die term dui volgens hierdie beskrywing dus op 'n meer omvattende saak as dit wat in hierdie ondersoek as 'ideologie' gereken word: "Sowel die diepste religieuse oortuiginge as ideologiese oortuiginge word in finale instansie gedra deur 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing", aldus Botha (1984:21). Wanneer ideologie dus 'neutraal' gedefinieer word as "een sisteem van voorstellingen, mythes, ideëen waardoor mense zich een bepaalde voorstelling kunnen maken van hun relatie ten opzichte van hun bestaansvoorwaarden" (Kummer, 1985:63), is dit te ruim gedefinieer en dui dit eerder op 'n wêreldbeskouing, wat 'n noodwendige onderdeel van elke mens se bestaan vorm. Indien die term 'ideologie' as sinoniem hiermee beskou word, verloor dit die unieke kritiese moontlikhede (wat later omskryf sal word) sodat daar myns insiens sin is daarin om die twee begrippe duidelik te skei. Ideologie kan hoogstens gesien word as 'n 'valse' lewens- en wêreldbeskouing met heel spesifieke eienskappe.

Nog 'n betekenisakkering van die (negatiewe) konnotasie van 'ideologie' kom ooreen met wat soms onder die begrip *mite* tuisgebring word. Die betekenisinhoud van laasgenoemde is hibridies van aard sodat dit die karakter van 'n religieuse ideëstelsel kan aanneem of ook op 'n *Weltanschauung* kan dui. In die reël word mites in verband gebring met die godsdienstige oortuiginge of 'openbaringe' van

2 'n Term wat deur Dilthey ontwikkel is (vgl. Cronin, 1987:14).

primitiewer kulture: religieuse simbole en beelde word gekombineer tot komplekse verhale wat voorgee dat dit een of ander aspek van die kosmiese orde (bv. die oorsprong van alle dinge) tot openbaring bring. Sulke mites vervul dan die rol van 'n lewens- en wêreldbeskouing deurdat dit 'n visie op die basiese struktuur van die werklikheid verwoord en die normatiewe riglyne verskaf waarvolgens gehandel behoort te word ten einde die huidige stand van sake te verbeter (verlossingselement). Die begrip word egter ook aangewend ter aanduiding van filosofiese denkbeelde en wetenskaplike beskouinge wat hulle grense oorskry; mites word dan ongeveer gelykgestel met dit wat vals of onwaar is, "maar wat tog 'n belangrike funksie in die menslike lewe en denke skyn te vervul" (Botha, 1984:18). Wanneer ideologieë die status van 'nuwe' mites verkry, word hulle impak op die samelewing hewiger en meer onontkombaar.

Sulke nuwe mites word dikwels aan filosofiese modeverskynsels gekoppel (Malan, 1986:14,15). **Filosofie** is van die bespreekte begrippe sowel as van ideologie te onderskei deurdat daar by 'n filosofie sprake is van 'n volledig uitgewerkte sisteem van sieninge aangaande die wêreld en die menslike bestaan. Dit spreek vanself dat daar belangrike verbindingslyne loop tussen die wêreldbeskouing en die filosofie wat in 'n bepaalde gemeenskap dominant is. In eersgenoemde word een of ander basiese insig tot finale verklaringsbeginsel of oorsprong van norme vir menslike handeling verhef; in die geval van 'n filosofiese sisteem "dien hierdie basiese insig as finale herleibare intellektuele postulaat op grond waarvan die hele denksisteem opgebou en ontwikkel word" (Botha, 1984:23). Wanneer 'n filosofie aan sekere vereistes begin voldoen, kan dit duidelik op die terrein van ideologiese denke begin opeere (vgl. die werkdefinisie van ideologie wat later volg).

'n Volgroeide ideologie toon verskeie raakvlakke met **religie** en **godsdiens**. Vanuit Christelike standpunt is die eenvoudigste definisie van ideologie 'gesekulariseerde religie', wat daarop dui dat dit al die komponente van 'n religie bevat, sonder die essensiële verwysingspunt na 'n bomenslike of goddelike mag. Die ware religie dui dan op 'n verankering in sekerhede wat gerig is op God - as sentrale verwysingspunt - soos Hy Homself in sy Woord openbaar. Godsdiens toon duidelike ideologiese trekke wanneer dit aangewend word as 'n middel waarmee die mens sy eie verlossing wil bewerk. Dit is byvoorbeeld moontlik dat die kerk deur 'n sogenaamde 'kerkgesentreerde' ideologie aangeval kan word. Leatt *et al.* (1986:300) rig die volgende waarskuwing hieroor: "A church-centred ideology is the most dangerous

ideology that can befall the church: it becomes the centre instead of God's kingdom, concerned about self-preservation, privileges and power rather than about the poor, the marginalised, the suffering people." Wanneer 'n Bybels-Reformatoriese siening van die begrip ideologie later aan die orde gestel word, sal die verhouding daarvan tot religie duideliker blyk (vgl. 2.1.5).

Uit bogenoemde afbakenings kan afgelei word dat ideologieë ontstaan wanneer 'n lewensbeskouing, filosofie, mite of religie bepaalde grense oorskry en spesifieke eienskappe aanneem. Die hieropvolgende aanduiding van sommige van die betekenisse wat aan die begrip geheg word, vorm 'n aanloop tot die definisies waaruit ek hierdie 'spesifieke eienskappe' wil aflei.

2.1.3 Definiëring: algemeen

Die reikwydte van die term, van die mees spesifieke duiding tot die algemeenste, word duidelik wanneer 'n mens pogings tot definiëring onder oë neem. Die volgende is 'n sprekende voorbeeld: "Het woord 'ideologie' kan men opvatten als leer aangaande de ideeën, als wetenschapsleer, als camouflage van sociaal-economische machtsverhoudingen, als vergoddelijkt geheel van uitgangspunten voor het gewelddadig optreden van die staat. Men kan het echter ook opvatten als geheel van kennisinhouden, inzichten en oordelen aangaande de werkelijkheid, van betekenis zowel voor de existentie als voor de samenleving" (Van Ruler, 1971:56).

In 'n sintese van moontlike betekenisse onderskei Leatt *et al.* (1986:281 e.v.) die volgende vier vlakke waarop die begrip ideologie verstaan kan word:

1. **Die epistemologiese vlak:** Ideologie word gesien as 'n organiese sisteem van idees wat as 'n **wêreldbeskouing** die werklikheid vanuit 'n spesifieke oriënteringspunt rig (bv. nasionalisme, eksistensialisme en Marxisme). Volgens hierdie siening is 'n ideologie neutraal en universeel, 'n noodsaaklike onderdeel van elke mens se bestaan: "Every thinking human being has his own ideology or ideologies that constitute his symbolic universe" (Leatt *et al.* 1984:281).

2. **Die vlak van die politiek en ekonomie:** Hiervolgens is ideologie 'n aksie-verwante sisteem van idees en instellings wat gerig is op die verandering of verdediging van die bestaande sosio-ekonomiese bestel (nasionalisme, sosialisme, kapitalisme,

anargisme, fascisme, rassisme). Die huidige situasie word geanaliseer en daarvolgens word 'n strategie bepaal vir die bereiking van die gestelde ideaal. Hierdie interpretasie is steeds universeel aangesien alle mense hulle binne so 'n politieke en ekonomiese bestel bevind, hoewel nie almal die betrokke ideologie onderskryf nie.

3. Die sosiologiese vlak: Hierdie oorwegend Marxistiese interpretasie van ideologie as **valse bewussyn** is nog meer beperk en geld net vir sekere van dié wat op die vorige twee vlakke funksioneer. Die kern van hierdie siening word soos volg deur Leatt *et al* (1986:283) saamgevat: "Ideologies as false consciousness distort the truth, consciously or unconsciously; they are a deformed and inverted reflection of what is real. They conceal behind a mask of objectivity and moral acceptability the actual economic, political and social interests of a specific group." Ideologieë in hierdie sin van die woord kom hoofsaaklik onder dominante groepe voor, maar die kollektiewe illusies van wettigheid en aanvaarbaarheid wat dit skep, moet ook deur 'n aansienlike gedeelte van die gedomineerde groepe gehuldig word ten einde koherensie te verseker. Binne hierdie raamwerk is daar ook sprake van 'ware bewussyn' wat dan die mees basiese belange soos geregtigheid en vryheid van die hele gemeenskap verteenwoordig.

4. Die religieuse vlak: Die **totalitêre ideologie** funksioneer op hierdie vlak. So 'n ideologie bied antwoorde op alle sekerheidsvrae, lees absolute waarhede in 'n bepaalde ideaal (bv. volk, kultuur, sekuriteit) en eis morele opofferinge en aanpassings (Lubbe, 1988:34). 'n Gedeelte van die werklikheid word aangebied as die totale werklikheid en waarheid sodat die ideologie die karakter aanneem van 'n mensgemaakte afgod op wie se altaar selfs morele oorweginge geoffer kan word. Nasionale-sekuriteit-staatsideologieë is goeie voorbeelde hiervan.

Hoewel die begrip binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap op al vier betekenisvlakke gehanteer word, kom die negatiewe, kritiese inhoud hoofsaaklik in die laaste twee tot sy reg en sal ek by die opstel van 'n werkdefinisie vir hierdie ondersoek daarby aansluit. Voordat die betrokke definisies nader omskryf word, wil ek die uiters gekompliseerde aard van die terrein wat betree word, illustreer deur enkele vrae te poneer wat beantwoord sal moet word wanneer daar tot 'n eie definiëring oorgegaan word:

Ten eerste: Word ideologie gedefinieer in 'n positiewe of negatiewe sin? Met ander woorde: Is dit bloot die opinies, teorieë en houdings van 'n bepaalde klas of groep waardeur hulle belange bevorder en beskerm word, of is dit gebaseer op 'n 'valse bewussyn' wat die mens se vermoë om die werklikheid te begryp ernstig aan bande lê en verwing?

Tweedens: Word dit gesien as by uitstek subjektief en psigologies van aard of as 'n verskynsel wat berus op objektiewe faktore? "If subjective, ideology is conceived of as a deformation of consciousness, which somehow is unable to grasp reality as it is. If objective, ideology appears as a deception induced by reality itself: it is not the subject that distorts reality but reality itself which deceives the subject" (Larrain, 1979:13).

Die derde en laaste vraag: Hoe moet die verhouding tussen ideologie en wetenskap benader word? Is 'n ideologie die antitese van die wetenskaplike siening van sake sodat dit gelykgestel kan word aan "preconceptions or irrational elements which disturb reason, thus preventing it from reaching the truth"? (Larrain, 1979:14). Indien wetenskaplike metodes korrek aangewend word, behoort die ideologie dus te verdwyn. Andersyds kan ooreenkomste beklemtoon word sodat ideologie en wetenskap 'n gemeenskaplike basis in die wêreldbeskouing van die betrokke groep of klas sou hê. Volgens hierdie standpunt kan ideologie nie deur wetenskap oorkom word nie, en word die twee begrippe dikwels op dieselfde vlak geplaas sodat wetenskap as ideologies en ideologie as wetenskaplik verantwoordbaar gesien word.

Daar word vervolgens gepoog om oorkoepelende definisies van die Marxistiese en die Bybels-Reformatoriese siening van die begrip ideologie te verwoord. Hierdie twee rigtings word uitgesonder omdat dit na my mening binne die Suid-Afrikaanse konteks die twee brandpunte vorm waarin die stryd rondom ideologiese kwessies woed. In my definiëring van die begrip sal elemente van beide opgeneem word.

2.1.4 Marxisties gedefinieer

Die konsep ideologie het juis in Karl Marx se gebruik daarvan sy beslag as kritiese term gekry; tog is dit waar dat dit nog een van daardie konsepte is wat nie duidelik gedefinieer word in Marx se geskifte nie en daarom oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies. Hoewel daar volgens sommige 'n sekere evolusie in sy gebruik van

die begrip oor die jare heen te bespeur is, meen Larrain (1979:36) dat daar 'n basiese nukleus in die betekenis daarvan is. In 'n poging om hierdie nukleus raak te vat in 'n (Marxistiese) definiëring van die konsep, moet die ondersoeker trag om binne die raamwerk van Marx se sosio-ekonomiese teorie te beweeg.

Sover dit die siening van latere Marxiste oor die term ideologie aangaan, is dit 'n klassieke geval van soveel hoofde soveel sinne. In 'n navolging' van Marx is daar uiteenlopende Marxistiese en Marxiaanse teorieë rondom die begrip opgebou. Daar sal in die hieropvolgende definiëring slegs oorsigtelik verwys word na enkele Marxistiese teoretici en wel na dié wat tans redelik dikwels binne die Afrikaanse literêr-kritiese konteks aangehaal word, naamlik Antonio Gramsci, Louis Althusser, Terry Eagleton en Fredric Jameson.

As aanloop tot die begripsomskrywing moet daardie kernaspekte van Marx se denke wat verband hou met sy siening van ideologie, of om 'n ander rede relevant is vir hierdie studie, kortliks uiteengesit word.

As vertrekpunt kan daar verwys word na die basis/superstruktuur-metafoor waarmee Marx die samestelling van 'n gemeenskap wou verduidelik. Hiervolgens vorm die **ekonomiese** (of produksiewyse) die **basisstruktuur**, terwyl die **superstrukture** (of bobou) van 'n maatskappy gevorm word deur die kulturele (filosofie, religie, ens.), die juridiese en die politieke superstrukture sowel as die staat. Produksieverhoudinge (d.w.s. klasse) vorm hier deel van die basis terwyl ideologie (as sosiale bewussyn) 'n aspek van die superstruktuur is (Goldberg, 1987:28).³ In Marx se **materialistiese**⁴ konsepie van die geskiedenis neem produksiewyses, as die prosesse waardeur die mens voedsel, kleding en 'n woonplek bekom, 'n sentrale plek in.

3 Hoewel sommige eietydse Marxiste hierdie "vulgar Marxist theory of levels" (Jameson, 1981:32) skerp kritiseer as 'n allegoriese meesterkode wat tot ekonomiese determinisme kan lei, wys ander daarop dat Marx steeds beklemtoon het dat beide strukture deel vorm van 'n enkele totaliteit en dat die feit dat die ekonomiese primêr is nie, verhoed dat bv. die ideologiese sfere daarop reageer en dit ook op hul beurt beïnvloed nie (vgl. Larrain, 1979:70).

4 Leatt *et al.* (1986:206) wys daarop dat Marx se materialisme 'n reaksie was teen idealisme: "The material conception of history means, simply, that man is not the product of material conditions, but that he creates himself in history on the basis of his material conditions."

Vir Marx is die mens die begin, die middelpunt en die doel van alle geskiedenis (Leatt *et al.*, 1986:202). Sy utopiese siening van die 'hele' mens, oftewel die 'universele individu', wat tegelyk unieke, vrye individu én sosiale wese is, lê ten grondslag van die ideale wat hy gestel het vir die bereiking van 'n klaslose, kommunistiese gemeenskap. Die mens is ook 'universeel' in die sin dat hy moet tuiskom in die besef dat die hele wêreld en die ganze geskiedenis eintlik aan hom behoort, "that they are an extension of his body" (Leatt *et al.*, 1986:202). Slegs wanneer die mens se universele aard gerealiseer word in al die relasies waarin hy hom bevind, kan sy individualiteit en vryheid ten volle ontplooi. Hiermee kom ons dan by 'n sleutelaspek van Marx se filosofie: Die basiese eenheid wat die werklikheid konstitueer, is 'n relasie. Hierdie relasionele werklikheidsiening wat Marx van Hegel oorgeneem het, verklaar ook waarom hy (en veral ook Friedrich Engels na hom) die dialektiek⁵ as fundamentele benadering tot die werklikheid aanvaar het. Die gedagte van die totaliteit hang hiermee saam en kom ook indirek van Hegel: Slegs wanneer die enkele werklikheid binne die konteks van die totaliteit van sy relasies begryp word, kan die waarheid daarvan gesnap word. In die sentrum van hierdie totaliteit staan die mens as 'universele individu'.

Die mens se mees grondliggende relasie is sy relasie tot die natuur, en sy basiese aktiwiteit kan beskryf word as kreatiewe arbeid (in teenstelling met die siening wat eeue lank deur Westerse filosowe gehuldig is, nl. dat denke die basiese aktiwiteit is). Deur kreatiewe arbeid kan die werkende mens (*homo faber*) die oënskynlike opposisie tussen subjek en objek oorkom: "Man humanises nature and nature naturalises man to produce an historical world in which man is at home, is fully free,

5 Hegeliaanse dialektiek verwys na 'n filosofiese metode of proses wat gekenmerk word deur die opheffing van teenstellings - in die denke sowel as in die werklikheid. In aansluiting hierby ontwikkel Marx en Engels se dialektiese materialisme as die dinamiese proses waarin die geskiedenis van die syn (d.i. die materiële werklikheid) bepaal word deur die voortdurende stryd tussen opponerende kragte (idees, diskoerse). Hierdie konflik tussen tese en antiese word opgelos wanneer 'n nuwe krag (sintese) gevorm word. Wanneer die sintese weer 'n opponerende krag oproep, begin die proses van voor af, maar op 'n steeds hoër niveau. In 'n veralgemeende sin kan hierdie beginsel toegepas word op baie ander terreine, veral in die siening van die diskoers binne 'n samelewing as 'n dinamiese, voortstuwende proses waarin daar steeds nuwe oplossings uit konflikterende relasies gebore moet word.

consciously at one with himself and the world" (Leatt *et al.*, 1986:203).

Die hoofrede waarom hierdie ideale toestand nog nie bereik is nie, vorm 'n fokuspunt van Marx se filosofie: die teorie van **vervreemding**, wat hoofsaaklik in sy vroeër werke soos *Die deutsche Ideologie* behandel word. Binne die burgerlike kapitalistiese gemeenskap (wat direk teenoor die kommunistiese sisteem staan) het vervreemding 'n dieptepunt bereik en wel in die vervreemding van die mens se arbeid in die volgende vier basiese relasies: Die mens is vervreemd (1) van die produk van sy arbeid; (2) van sy produktiewe aktiviteit; (3) van sy spesie, dit wil sê van sy unieke aard as mens; en (4) van sy medemens. Die hooforsaak van hierdie ingrypende vervreemdingsproses lê volgens Marx in die **verdeling van arbeid**, wat ongelyke beroepe tot gevolg gehad en grootskaalse beperkinge en eensydigheid veroorsaak het (vgl. Marx & Engels, 1974:65); hieruit het die ongelykheid tussen mense voortgekom wat noodwendig sou lei tot die totstandkoming van 'n **klassemaatskappy** en die gepaardgaande **klassekontradiksies**. Laasgenoemde twee konsepte verskaf die direkte aanleiding tot die verskyning van **ideologie**.

In 'n gemeenskap wat in sosiale klasse verdeel is, handhaaf die **dominante klas** onderdrukkende relasies met die ander klasse as gevolg van kontradiksies wat in die basisstruktuur van so 'n gemeenskap voorkom. Larrain (1979:45) dui die verband met ideologie soos volg aan: "The basis upon which Marx approaches the concept of ideology is this contradictory character of social reality, which is brought about by the restricted productive forces and the division of labour." Die volgende stelling van Marx (1970:182) verskaf 'n belangrike riglyn tot die verdere verloop van sake:

"(M)ankind always sets itself only such tasks as it can solve; since looking at the matter more closely, it will always be found that the task itself arises only when the material conditions for its solution already exist or are at least in the process of formation."

Wanneer die materiële voorwaardes (soos geld) vir die oplossing van 'n sosiale kontradiksie ontbreek, is dit prakties onoplosbaar; dit is dan ook nie vir die mens moontlik om in die bewussyn oplossings te vind vir sodanige teenstrydigheid nie. Wanneer sulke onoplosbare kontradiksies hulleself aan die bewussyn opdring, word daar noodgedwonge in die denke verwronge oplossings daarvoor gevind. "Ideology is, therefore, a solution in the mind to contradictions which cannot be solved in

practice; it is the necessary projection in consciousness of man's practical inabilities" (Larrain, 1979:46). Hierin lê die oorsprong van die Marxistiese siening van ideologie as **valse bewussyn**, waaraan sekere navolgers van Marx (soos Georg Lukács) meer aandag gegee het as hyself.

Ideologie is valse bewussyn omdat dit **onbewus**⁶ is van sy werklike funksie, naamlik om die bestaande produksieverhoudinge, waarin die heersende klas bevoordeel word, te legitimeer en te sanksioneer. Op ekonomiese gebied beteken dit byvoorbeeld dat mense onder die indruk verkeer dat die kapitaliste die gemeenskap dien deur te investeer in die produksie van goedere, terwyl hierdie kapitaliste in werklikheid die gemeenskap uitbuit deur die leeu-aandeel van die winste van dit wat geproduseer word, in te palm. Omdat die heersende produksiewyse homself ten alle koste wil kontinueer, word die dominante groep se belange voorgedou as universele belange en waardes sodat die mistifiserende uitwerking van ideologiese voorstellinge noodwendig ook die gedomineerdes se denke begin rig.

Die siening van ideologie as 'n suiwer negatiewe begrip en as 'n blote **sisteem van idees** (soos sommige Marx se stellings geïnterpreteer het), het 'n belangrike wending geneem met die bydraes van **Antonio Gramsci** (1892-1937). Vir hom was ideologie 'n superstrukturele uitdrukking van 'n teenstrydige werklikheid, 'n uitdrukking van die 'koninkryk van noodsaak' wat elke klas in die gemeenskap insluit (sodat Marxisme ook daaraan onderworpe is). Dié ideologieë (daar is ook ander) wat histories-organies groei (d.w.s. noodsaaklik is binne 'n gegewe struktuur), ontleen hulle geldigheid en praktiese waarde aan die volgende: "they 'organise' human masses, and create the terrain on which men move, acquire consciousness of their position, struggle, etc." (Gramsci, 1971:377). Vir meer ortodokse Marxiste kom hierdie siening van ideologie neer op 'n veralgemening tot 'n soort *klasse-Weltanschauung* (vgl. Larrain, 1979:81). Van belang binne die Suid-Afrikaanse konteks is Gramsci se bekendstelling van die begrip **hegemonie** wat hier te lande dikwels in gesprekke rondom die literatuur opduik. Hegemonie dui op die morele en intellektuele oorwig van die heersende orde in 'n samelewing en die verspreiding

6 Hoewel hier eksplisiet verwys word na valse 'bewussyn' is ek dit met Althusser eens dat ideologie by uitstek onbewus is: "So ideology is a matter of the lived (imaginary) relation between men and their world. This relation, that only appears as 'conscious' on condition that it is unconscious, in the same way only seems to be simple on condition that it is complex" (Althusser, 1969:233).

van hierdie orde se waardes deur middel van instellings van die burgerlike gemeenskap (Gramsci, 1971:261 se 'civil society'), byvoorbeeld die staat, die familie, kerk, skole, en selfs literêre instellings. Die oordrag van hierdie waardes geskied volgens Gramsci nie direk nie, maar eerder bemiddel en dialekties.

Die belangrikste kontemporêre bydrae tot die gesprek rondom 'n Marxistiese siening van ideologie is gelewer deur die Franse filosoof **Louis Althusser**. Volgens hom kom Marx se siening van ideologie soos afgelei uit *The German Ideology* (1845-46) daarop neer dat dit 'n blote stel illusies is⁷; hierteenoor definieer Althusser die konsep in postmodernistiese terme as 'n **sisteem van representasies of voorstellinge** (deur diskoerse, beelde, mites) aangaande die verbeelde (*imaginary*) verhoudinge van individue tot die werklike voorwaardes van hulle bestaan (Althusser, 1971:162) - ideologie is dus tegelyk 'illusion' (verbeelde voorstellinge) en 'allusion' (dit verwys wel na aspekte van die werklikheid). In hierdie **non-essensiële, diskursiewe siening** van ideologie staan die mens, die idee of selfs die *logos* nie meer in die sentrum nie; volgens Belsey (1980:57) het Althusser hiermee weggebreek van die opvatting dat ideologie 'n stel idees in mense se koppe is, sodat die debat van die 'werklikheid' na **diskoers** verskuif het. Die volgende stelling van Althusser (1971:165) verskaf die aanleiding tot so 'n siening: "What is represented in ideology is ... not the system of real relations which govern the existence of individuals, but the imaginary relations of those individuals to the real relations in which they live." Hieruit word dan op indirekte wyse afgelei dat die relasie tussen die mens as subjek en die werklikheid deur diskoers gemedieer en deur ideologie gedetermineer word.

Uit Althusser se siening van die rol wat die mens speel as **subjek in ideologie**, volg die sentrale tese van sy siening van ideologie, naamlik dat ideologie die konkrete **indiwidu as subjek**⁸ konstitueer of **interpelleer** (Althusser se term). Die gedagte is

7 Goldberg (1987:31) en Larrain (1979:55-63) argumenteer oortuigend dat Althusser se interpretasie van Marx op hierdie punt gebrekkig is en dat dit vir Marx inderdaad gegaan het om **werklike** verhoudings wat verwring word, sodat ideologie nie deur laasgenoemde tot 'n illusionêre, irreële verskynsel gereduseer word nie.

8 In hierdie stadium wil ek die terme 'indiwidu' en 'subjek', waarna daar vervolgens in hierdie studie dikwels verwys gaan word, kortlik soos volg omskryf: **Indiwidu** verwys na die konkrete persoon; die term het positiewe konnotasies en korrespondeer ongeveer met die standaard idealistiese siening van die 'subjek' as "individual, autonomous and prior" (Van Zyl, 1982:85). Die **subjek** word deur Belsey

dat ideologie en ideologiese waarde-oordele dit vir die mense moontlik maak om as subjekte op te tree. "Onbewust identifiseren zij zich met bepaalde waarden en normen die hun tot subjecten maken en voor hun min of meer coherent handelen verantwoordelijk zijn" (Zima, 1981:9). Wat uit 'n postmodernistiese oogpunt van belang is, is dat ideologie die individu in taal en in diskoers interpeleer as 'n 'unified subject' wat sentreer om 'n essensie, naamlik die 'ewige menslike natuur'. Hoewel die individu as subjek in taal 'n gesplete subjek is, poog ideologie juis om hierdie teenstrydigheid te onderdruk tussen die bewuste self, wat bewus is in soverre dit in diskoers kan optree (*feature*), en die self wat net gedeeltelik in die diskoers verteenwoordig word (vgl. vir nadere verwysing Belsey, 1980:85). In hierdie sin is alle individue wel 'subjekte in ideologie'. Dit blyk egter dat Althusser ideologie soms ook beskou as minder omvattend aangesien nie alle mense volgens hierdie (alternatiewe) siening volledig as subjekte gekonstitueer word nie.⁹ Die feit dat slegs sommige individue (weliswaar die meerderheid!) deur die ideologie as ware subjekte 'gewerf' word (Althusser, 1971:174), bly ongelukkig vir Althusser onverklaarbaar.

Hoewel Althusser (1969:232) ideologie as 'n haas onontkombare funksionele vereiste in die samelewing beskou, is dit duidelik dat hy meestal negatief daaroor oordeel. So wys hy daarop dat diegene wat 'in' die ideologie leef, glo dat hulle daarbuite is: "one of the effects of ideology is the practical *denegation* of the ideological character of ideology by ideology" (Althusser, 1971:174). Slegs diegene wat hulle in die sfeer van subjeklose wetenskaplike kennis bevind, kan ideologie van buite ondersoek. Die enigste moontlikheid om met ideologie te breek, lê daarin dat ons vanuit ons ideologies geïnterpelleerde posisie poog om 'n wetenskaplike (d.i. subjeklose) diskoers oor ideologie te omlin wat breek met die spesifieke ideologie of ideologieë van die huidige sosiale formasie (vgl. Belsey, 1980:62).

(1980:58) kortweg gedefinieer as "the individual in society", maar hier oorheers die negatiewe aangesien hierdie subjek deur ideologie gekonstitueer, sowel as gedetermineer, weerspieëlend (*reflective*) en superstruktureel van aard is (volgens Van Zyl, 1982:85 die standaard Marxistiese beskrywing van die subjek).

9 Althusser blyk, volgens Cronin (1987:16), ook een van daardie Marxiste te wees wat poog om die twee (uiteenlopende) gebruike van die term byeen te bring: "In such endeavour ideology is portrayed as 'False Consciousness' and a necessary superstructural instance in all class societies."

Volgens Larrain wyk Althusser op kardinale punte af van Marx se siening van ideologie, hoofsaaklik omdat Althusser nie die essensie van die oorsprong van ideologie in klassekontradiksie erken nie en hom daarom wend tot die twyfelagtige oplossing van die wetenskap, wat hoogstens 'n ideologie kan ontmasker, maar steeds op rewolusionêre praktyk moet wag om die omstandighede daadwerklik te verander. Die volgende (sprekend Marxistiese) stelling dui egter daarop dat Althusser die noue verband tussen ideologie en klassedominasie raakgesien het:

"In a class society ideology is the relay whereby, and the element in which, the relation between men and their conditions of existence is settled **to the profit of the ruling class**. In a classless society ideology is the relay whereby, and the element in which, the relation between men and their conditions of existence is lived to the profit of all men." (Althusser, 1969:236 - my beklemtoning, MAR)

Hieruit blyk egter steeds dat ideologie beide negatief en positief kan funksioneer, 'n siening wat ook by Eagleton (in navolging van Althusser) aangetref word. Aan die negatiewe, kritiese kant het Althusser verder ook daarop gewys dat ideologie kontradiksies ten opsigte van die bestaansvoorwaardes op diskursiewe wyse verdoesel deur **halwe waarhede** as die volle waarheid op te dis. Belsey (1980:57) verwoord sy siening treffend:

"(Ideology) is a set of omissions, gaps rather than lies, smoothing over contradictions, appearing to provide answers to questions which in reality it evades, and masquerading as coherence in the interest of the social relations generated by and necessary to the reproduction of the existing mode of production."

Hierdie siening van ideologie as halwe waarhede wat as die totale waarheid voorgehou word, vind weerklank in Jameson se definiering van ideologieë as '**strategies of containment**', wat slegs ontmasker kan word indien dit gekonfronteer word met die idee van die **totaliteit** (Jameson, 1981:53). Daar sal later (vgl. 2.3.4) volledig ingegaan word op Jameson se ideologiekritiese benadering (in aansluiting by sy siening van literatuur as sosiaal-simboliese handeling waardeer die ideologiese kontradiksies in die gemeenskap 'n verbeelde oplossing vind).

By al bogenoemde kenmerke sou 'n mens nog vele kon voeg, byvoorbeeld dat ideologie slegs ontstaan in 'n situasie waarin mense **gemanipuleer** word deurdat 'n

bepaalde waardesisteem aan hulle voorgelê word as universeel; dat dit as valse bewussyn 'n **regverdigende funksie** het "omdat zij bepaalde ideëeën, waarden en begrippen (als eigendom, eigendomsrecht, natie, staat, etc.) als *natuurlike*, universele eenhede voorstelt en de ontdekking van hun historisch, relatief en vergankelik karakter niet toelaat of bemoeilijkt" (Zima, 1981:7). Ideologie word ook deur sommige Marxiste gesien as **bevestigende denke** wat dien as **instrument van heerskappy** in die hande van die hegemoniese klas.

In 'n meer resente Marxistiese¹⁰ beskouing, dié van John Frow, word ideologie deurgaans in terme van **diskursiewe mag** gedefinieer en word daar doelbewus wegbeweeg van die tradisionele normatiewe, ontologiese en/of strukturele beskouinge. Frow (1986:61) beskryf ideologie kortliks as "a *state of discourse or of semiotic systems in relation to the class struggle*", wat manifesteer as 'n onderskeibare relasie tot mag. Hy vermy die eensydige, monolitiese siening van ideologie wat inherent is aan die "false consciousness"-teoretisering daaroor aangesien dit volgens hom nie moontlik is om so oor ideologie te dink sonder om 'n outoritêre posisie 'buite' die ideologiese te vestig nie; "but to the extent that this position claims an epistemological and so a political authority, it reveals itself to be complicitous with power, with the will to knowledge which is a form of the will to power" (Frow, 1986:51). Hoewel dit hier steeds hoofsaaklik gaan oor "ruling-class power", is dit duidelik dat daar geen (diskursiewe) posisie bestaan wat totaal buite die magsveld val nie; mag is nie aan een 'kant' gesetel nie, maar is altyd asimmetries verdeel met 'n definitiewe oorwig aan die kant van die hegemoniese groep. Die dominante ideologie reflekteer dus nie bloot die bestaansvoorwaardes van die dominante klas nie, maar eerder die **konkrete politieke relasie** tussen die dominante en gedomineerde klasse in 'n sosiale formasie. Frow se argumente handel nie oor 'n ideologie wat afsonderlik gespesifiseer sou kon word nie, maar eerder oor wat hy in verhelderende terme beskryf as: "the differential, and differentially effective, investment of discourse by power, and in particular ruling-class power" (Frow, 1986:62). Hierdie oorwegend semiotiese beskouing van ideologie lyk vir my besonder bruikbaar en sal in 'n volgende afdeling (2.3.3) nader toegelig word.

10 Hoewel Frow hom eksplisiet distansieer van die Marxistiese benaderings van byna al sy voorgangers, tipeer hy sy eie teoretisering soos volg: "My argument is Marxist above all in its commitment to the concept of class and class struggle and to considering the intrication of power in symbolic systems" (Frow, 1986:vii).

As 'n samevattende gedagte oor die (meer outentieke) Marxistiese definiëring van ideologie wil ek aansluit by Larrain (1979:210): "For ideology to be present, the two conditions which Marx laid down should be satisfied: the objective concealment of contradictions, and the interest of the dominant class. Ideology is not a simple error. It is a particular kind of distortion, dependant upon real contradictions, which demands their solution in practice before it can be overcome." Juis hierdie teenstrydighede en die opposisies wat dit in 'n gemeenskap tot stand bring, lê ten grondslag van die **dialektiek van die geskiedenis**, wat 'n verdere grondgedagte van die Marxisme is.

Watter bydrae maak die Marxisme dan tot die gesprek oor ideologie in Suid-Afrika? Vir sommige dien dit as (ateïstiese) sondebok en weerligafleier waarmee alle legitieme kritiek teen die bevoorregtes van die samelewing gerieflik geëtiketteer word; hierdie bedreigingspersepsie word dan 'n funksie van die heersersposisie van blankes: "Dit beteken dat beklemtoning van die godsdiensvyandigheid van Marxisme en Kommunisme onbewus funksioneer as 'n rookskerm vir die behoud van 'n sosiaal voordelige posisie in 'n samelewing wat gekenmerk word deur 'n onregverdige en ongelyke verdeling van sosiale goedere - presies die probleem waarvoor Marxisme en Kommunisme 'n oplossing aan die hand doen" (Snyman, 1988:367). Dit is inderdaad ook waar dat Marx, en Marxiste sowel as neo-Marxiste na hom, nie net protesteer teen ekonomiese eksploitasie nie, maar ook teen die onderdrukking van menswaardigheid - hierin kan hulle deur humaniste sowel as Christene nagevolg word. Die waarheidsmomente (m.i.) in Marx se siening van ideologie, sowel as in dié van Althusser, Jameson en andere, sal in die ideologiekritiese benadering wat ek wil volg, meespreek.

Sekere kernvrae word egter volgens my oordeel nie deur die Marxisme beantwoord nie, byvoorbeeld: Waarom het vervreemding (tussen mens en natuur, mens en arbeid, tussen mense onderling en van die mens met homself) oorspronklik ingetree indien mense wesenlik die goeie nastreef? Watter waarborg is daar dan dat 'n klaslose gemeenskap nie weer eens die prooi sal word van die verdeling van arbeid en hernude vervreemding nie? Wat was die diepste oorsaak van die mens se 'sondeval' tot 'n klassegemeenskap? Hoe kan hierdie oorsaak permanent opgehef word? Of nog nader aan die essensie, of die 'non-essensie': Is die mens werklik in die sentrum van die geskiedenis? En laastens: "What is man when set against the

immensity of the galaxies?" (Leatt, 1986:215). Dit bring my dan by die definiëring van ideologie vanuit 'n Bybels-Reformatoriese oriëntasie.

2.1.5 Bybels-Reformatories gedefinieer

Uit wat reeds gesê is oor die historiese ontwikkeling van die konsep ideologie, behoort dit duidelik te blyk dat ideologiekritiek oor die algemeen stewige wortels het in kritiek op die godsdiens. Hoewel Marx hom mettertyd teen alle vorme van verwronge bewussyn uitgespreek het, lui 'n vroeë stelling van hom byvoorbeeld soos volg: "the criticism of religion is the prerequisite of all criticism" (Marx, 1975:243). Die Christendom, en veral die institusionele kerk, het volgens hierdie siening 'n duister geskiedenis van ideologiese verknegting - deur die eeue heen het dit dikwels 'n 'valse bewussyn' bevorder; dit het gedien as 'opium vir die volk', in belang van die maghebbers (altyd die besitters) se voortgesette oorheersing oor die magteloses (besitloses). In die Suid-Afrikaanse konteks staan verskeie kerke (veral Afrikaanse kerke vir blankes) reeds jare lank in die beskuldigdebank op soortgelyke aanklagte wat moeilik ontken of weggeredeneer kan word. Vir die Reformatoriesegesinde Christen en kerk moet ideologiekritiek as maatskappykritiek dan ook altyd met pynlike selfkritiek gepaard gaan. Die definisies wat vervolgens aangehaal word, is almal in 'n gesindheid van selfondersoek saamgestel en sluit dus daardie uit wat op 'Bybelse' gronde trag om die eie ideologie te ontken en verdoesel deur steeds 'n beskuldigende vinger na ander te rig.

Die uitgangspunt van hierdie definiërings is dat die mens in die eerste en laaste instansie 'n religieuse wese is. Die term religie¹¹ dui in hoofsaak op die **verbondenheid** van die mens aan iets of iemand buite homself wat as die singewende grond van sy bestaan moet dien. Oftewel: "Religie is die verband tussen die mens se soeke na sin en daardie iets of iemand buite homself waarin hy selfverwesenliking soek" (Lubbe, 1988:5). Vir die Christen is hierdie Iemand die drie-enige God wat Hom steeds in sy Woord aan die mens openbaar. Hierdie oriëntasie vanuit die religieuse verklaar die sterk Bybels-normatiewe inslag van hierdie definisies.

Volgens Goudzwaard (1981:18) hou ideologie in die oorspronklike sin van die

11 Die Latynse woord *religare* beteken om te bind of vas te maak.

woord in: 'n hele stelsel van waardes, opvattinge, motiewe en norme wat as instrument gebruik mag (moet) word om 'n allesoorheersende praktiese doel te verwesenlik. Ideologieë is dus 'ingehuurde' (gekoöpteerde!) norme- en waardesisteme, "gericht op die verwerkelyking van één selfgekozen allesbeheersend doel, wat ook alle gebruikte middelen bijvoorraat regtvaardigt" (Goudzwaard, 1981:25). Hierdie doel word ook soms 'n verabsoluteerde idee genoem wat terugspeel op die samestelling van die woord ideologie uit die twee Griekse woorde *idea* en *logos*. Daar is 'n legio idees wat op hierdie wyse verabsoluteer kan word. Na analogie van Goudzwaard (1981) se indeling waarin hy dit reduseer tot vier 'legitieme doelwitte', verwys ek na die volgende wat ook in Suid-Afrika prominent is: die (utopiese) idee van 'n rewolusie wat alle ongelykheid tussen mense sal uitwis; die sekuriteitsgedagte wat bepaal dat die veiligheid van die self, geliefdes en gemeenskap ten alle koste verseker moet word; die welvaartsidee wat ekonomiese vooruitgang tot norm verhef; en die ideaal oor die voortbestaan van 'n nasie (of kulturele entiteit soos die eie volk) wat hy 'n volksideologie noem - die ander drie is dan onderskeidelik 'n rewolusie-ideologie, veiligheidsideologie en welvaartsideologie.

Die grondoorsaak van die mens se poging om 'n doelstelling of idee tot 'verlosser' te verhef, lê in die feit dat hy van God (die transendente) **vervreemd** geraak het en gevolglik sy egte religieuse verbondenheid verloor het. Die sekularisasieproses wat hiermee intree, het tot gevolg dat die mens hom ontreddeerd en bedreig voel sodat daar dringend gesoek moet word na nuwe sin, sekerhede en geborgenheid. Wanneer die mens homself op 'n immanente waarborginstansie oriënteer, word hy die prooi van sy eie beperkinge.

Omdat ideologie die plek van religie moet inneem, manifesteer dit as **pseudo-religie, immitasie-religie, ontspoorde of gesekulariseerde religie** - almal terme waarmee aangedui word dat 'n 'volgroeide ideologie' uiteindelik al die

12 Volgens Botha (1984:19) is die verankerung in sekerhede 'n tipies menslike behoefte; indien dit egter nie op God nie, maar op iets uit die werklikheid (of op die mens self) gerig word, verkry dit ideologiese trekke.

13 Goudzwaard (1981:28) gebruik hierdie term vir 'n ideologie waarin alle gebruikte middelle onherroeplik tot gode geword het: "Ze ontpoppen zich als niet meer te controleren machten die mensen en volken dicteren - met de consequenties van: angst; een besef van ontzaglijke

komponente van 'n religie bevat, sonder die verwysingspunt in 'n bomenslike of goddelike mag (Botha, 1984:19). Hieruit volg dat daar ook tekens is van 'n pseudo-openbaring van sin, sonde en heil. In uiterste vorms verg die ideologie selfs bloedige offers as immitasie en ontleding van die Messias se sterwe. Hiermee is ons dan volledig terug by die idee van 'n afgod waarna Bacon reeds eeue tevore verwys het (vgl. 1.2.1.1). Omdat ideologie die Christelike religie so getrou naboots, word dit duidelik waarom religieuse elemente so geredelik deel kan word van 'n ideologie; die kerk swig dan ook spoedig voor die versoeking om die Bybel selektief te lees in belang van die groep wat deur die ideologie bevoordeel word.

Enkele van die belangrikste kenmerke van 'n ideologie soos vanuit Christelik-Reformatoriese oriëntasie beskou, is die volgende: dit konstitueer 'n **totalitêre** werklikheidsbeskouing (Lubbe, 1988:39) wat inhou dat leuen; en halwe waarhede aan die gemeenskap opgedring word ten einde met die beperkte visie van die ideologie die totale werklikheid te probeer insluit (Jameson se 'strategies of containment' gee ongeveer dieselfde gedagte weer). Die regverdigingsaksie waarna Goudzwaard ook verwys, word deur Snyman (1988:372) in verband gebring met 'n verdoeselingsaksie - beide aksies kan bewus, onbewus of beide bewus en onbewus wees. Uit hierdie pogings tot verdoeseling en regverdiging van 'n siening waarin die eie belange grondliggend is, ontstaan daar 'n soort kollektiewe psigose (Botha, 1984:24) - aanhangers word op 'n subtile wyse verblind en verdwaas sodat hulle suksesvol gemobiliseer kan word ter bereiking van die einddoel. Omdat die einddoel, as enigste absolute, mettertyd 'n buitengewone houvas op sy aanhangers verkry, verloor die mens sy greep daarop sodat hy as't ware die slaaf van sy eie skepsel word. Die oortuiging dat hierdie doel alle middele heilig, begin posvat en spoedig moet norme omgebuig en aangepas word om alle effektiewe middele te akkommodeer (tot selfs institusionele misdaad of doelbewus verwronge Skrifeksegese).

Volgens Vermaat (1977:16) is 'n ideologie altyd gebaseer op 'n **voortgangsoptimisme** en stel hy hom ten dienste "van de verkrijging of instandhouding van de macht van diegenen die pretenderen de beste vertegenwoordigers en/of uitleggers van de betreffende leer te zijn". Dat mag

afhanklikheid, tot verslaving toe; en van een stroom van offers, die steeds weer opnieuw voor de goede zaak gebragt moeten worden."

bekom sal word, blyk spoedig noodsaaklik te wees ter beheersing van die middele waarmee die doel bereik moet word. Indien daar vanuit die gemeenskap kritiek ingebring word teen die ideologie, word sulke persone tot **vyande** verklaar en, indien uit eie geledere, tot verraaiers. Hierdie persone word 'nuttige' sondebokke wat tot stilsweye gedwing, geneutraliseer of desnoods geëlimineer moet word - 'Operation Just Cause'¹⁴ is in volle swang! Snyman (1988:372-374) wys daarop dat Marx onder baie blankes as so 'n sondebok funksioneer binne die Suid-Afrikaanse konteks. Hiervoor kwalifiseer hy vanweë sy ateïsme. Daar kan egter tereg gevra word waarom ander ateïste, nihiliste, humaniste ensovoorts dan binne hierdie selfde konteks dikwels met groot instemming op allerlei vakgebiede aangehaal kan word.

In sintese berus ideologie volgens hierdie definisies verder op 'n vermenging van waarheid en leuens, en juis daarom is dit vir die instandhouding daarvan noodsaaklik dat die volle waarheid van die gemeenskap weerhou word. Dit is dus nodig dat almal wat binne die ideologie se invloedssfeer val, **geïsoleer** sal word waaruit voortvloei dat kommunikasie met die (sogenaamde) vyand 'n absolute taboe is wat aan verraad grens. Beheer oor die media moet - volgens hierdie siening - verkry en behou word sodat alle inligting in ideologies-geïnterpreteerde vorm deurgegee kan word. Vanweë gebrekkige kontak en kommunikasie vind daar stereotipering van die opposisiegroep plaas, polarisasie neem toe en uiteindelik kom twee opponerende ideologieë wat op mekaar 'parasiteer' teenoor mekaar te staan (so funksioneer byvoorbeeld sosialisme en kapitalise, of ook Wit nasionalisme en Swart nasionalisme as teenhangers van mekaar, vgl. Van Niekerk, 1984:32).

In die Suid-Afrikaanse gemeenskap, waar die meeste mense aan 'n (laat-) kapitalistiese ekonomiese stelsel onderworpe is, is **geld** die vernaamste produksiemiddel waardeur die soort mag en beheer waarna vroeër verwys is, verkry en behou kan word. In die definisies en ontledings wat ek in hierdie gedeelte van die ondersoek betrek het, word daar op enkele uitsonderings na nie in soveel woorde groot prominensie verleen aan ekonomiese aspekte, klassekontradiksies en die menslike situasie as materiële werklikheid nie. Verskeie skrywers wys egter tereg daarop dat belange dikwels in die sentrum van ideologiese bedrywighede staan. Die volgende kompakte definisie is getuigenis daarvan: "ideologie is 'n diskoers wat 'n

¹⁴ Die term waarmee daar verwys is na Amerika se ngrype/inmenging in Panama teen die einde van 1989.

partikuliere belang bevorder op 'n manier wat nadelig is vir ander en hulle oor hierdie nadeligheid mislei" (Snyman, 1988:372). Lubbe (1988) en veral ook Snyman (1988) en Leatt et al. (1986) skroom nie om die Suid-Afrikaanse maatskappy en veral die kerk op krities-solidêre wyse met maatstawwe te meet waarin ook die materiële belange en nood van mense aangespreek word nie.

Die verhouding tussen die Christelike geloof en ideologie bied 'n verhelderende invalshoek waarmee daar allerweë, maar veral ook maatskappykrities, gekyk kan word na die wyse waarop ideologieë hier en nou werksaam is. Wanneer daar dan nou teruggekeer word na die vier vlakke (vgl. 2.1.3) waarop die begrip ideologie verstaan kan word, sien bogenoemde verhouding soos volg daar uit:

1. Wanneer ideologie as **lewens- en wêreldbeskouing** gesien word, is dit essensieel dat die **totaliteit** van die wêreld gesien word deur die perspektief van die openbaring van God in Christus (sonder dat enige teologiese openbaringsperspektief verabsoluteer word). Dit is in hierdie betekenis dat dit vir Van Ruler (1971) moontlik is om na die 'Christelike ideologie' te verwys as die 'ware ideologie'. Volgens hom moet kennis van die heil ingebou word in die kennis van die totale werklikheid ten einde hierdie ideologie te konstitueer as Christelike lewensbeskouing.

2. Op die vlak van die **politiek en ekonomie** (steeds universeel) begin die verhouding tussen geloof en ideologie reeds kontensieuse elemente vertoon: wanneer die kerk hom volledig met 'n spesifieke politieke of ekonomiese 'ideologie'²² vereenselwig, word sy uitsig op die ewige koninkryk van God versper. Omdat die Bybel nie stap vir stap uiteensit hoe die ekonomie, politiek, literatuur of wat ook al bedryf moet word nie, moet die kerk waak daarteen dat hy in hierdie sin van die woord as ideologie optree. Hoewel teenswoordige menslike inspanning nie uitgesluit is nie, sal die koninkryk van God eers ten volle realiseer in 'n toekoms anderkant hierdie geskiedenis: "The hope for this kingdom therefore relativises any value and any ideology centred on this value, cuts it down to human size and prevents it from becoming an absolute that can demand any sacrifice" (Leatt et al. 1986:301). Omdat die werklikheid nie 'n dualisme is waarin gees en materie in stryd verkeer met

22 Die aanhalingstekens dui aan dat die term volgens hierdie definiëring nie binne my definisie as ideologic geld nie.

mekaar nie, maar as 'n wesenlike eenheid, is dit wel belangrik dat die maatskappy nie vergeestelik en die materiële nood van mense negeer sal word nie; daardie politieke en ekonomiese 'ideologieë' wat die waardes van God se koninkryk die beste bevorder en die mens as beeldraer van God beskou (sodat menswaardigheid en menseregte nagestreef word), behoort volgens hierdie standpunt gesteun te word.

3. Wanneer ideologie as **valse bewussyn** gedefinieer word, klink die waarskuwing wat aan gelowiges gerig word steeds dringender: Christene het 'n profetiese taak om daardie ideologieë te **ontmasker** en te **demistifiseer** wat 'n basiese beleid van dominasie en onderdrukking versteek agter 'n morele en wetenskaplike fasade (Leatt *et al.*, 1986:302). Daar moet veral geprotesteer word wanneer die Christendom en sy simbole as etalering gebruik word waar klassekondrasies verdoesel word, en wanneer die Christelike geloof aangewend word as 'n 'opium vir die mense' wat moet lei tot 'n passiewe aanvaarding van ongeregthede en onnodige lyding.

4. Wanneer die Christelike geloof gestel word teenoor die **totalitêre ideologie** blyk dit dat laasgenoemde die rol vervul van 'n 'valse god' wat slegs gekonfronteer kan word in die naam van die enigste ware God as die enigste Absolute aan Wie alleen die mens absolute gehoorsaamheid verskuldig is. "For a christian only God and the kingdom are ultimate realities, all others are penultimate, and cannot be taken with ultimate seriousness" (Leatt *et al.*, 1986:302). Wanneer Christene hulle aan 'n totalitêre ideologie onderwerp het, sal die noodsaaklike selfondersoek pynlik ingrypend wees. Die Christen wat te staan kom teenoor so 'n ideologie, se laaste toevlug is die rus wat hy vind in die wete dat God almagtig, regverdig en glorieryk is.

Enkele laaste aspekte wat van belang is met die oog op die werkdefinisie, is die vrae wat (indirek) ook by die Marxistiese siening ter sprake was, naamlik of ideologie **kollektief** optree en of dit sy invloed **bewus** en/of **onbewus** laat geld onder die mense. Wanneer Goudzwaard (1981:40) die oorsprong van 'n volksideologie probeer naspur, maak hy die volgende stelling: "In het collectieve onderbewustzijn van volken zijn er steeds roerselen waarvan op misdadige wijze misbruik kan worden gemaakt" (beklemtone van my). Leatt *et al.* (1986:288) wys op die gemeenskapsbasis van ideologie en die karakteristieke eienskap van kollektiewe

self-regverdiging wat daarmee saamhang.²³ Hierdie kollektiewe element (Botha se siening van ideologie as 'n 'kollektiewe psigose' waarna reeds verwys is, sluit hierby aan) verklaar dan ook die feit dat daar meermale sprake is van kollektiewe skuld wanneer 'n gemeenskap die bestaan van ideologiese sosiale strukture in sy midde toelaat of selfs legitimeer. Leatt et al. (1986:286) het die volgende te sê oor die verhouding tussen hierdie strukture en ons kollektiewe denke: "Reflections of those social structures and processes on the level of our consciousness is called ideology." Kollektiewe optrede het egter uiteraard ook 'n groot onbewuste element sodat daar met Snyman (1988:372) saamgestem kan word dat 'n ideologie 'n bewuste sowel as onbewuste noodsaak het en dat dit met allerhande waarneembare en nie-waarneembare dwangmiddels (soos spesifieke geïnternaliseerde denkmeganismes) werk om hierdie noodsaak te volvoer.

Die rol wat taal en die sosiale diskoers in ideologievorming speel, word slegs enkele kere aangeraak of bespreek. Snyman (1988:371) verwoord sy gedagtes oor ideologie soos volg: "Dit is 'n diskoers waarin die wêreld ... geïnterpreteer, gedui en verklaar word vanuit die partikuliere belang by die verkryging, behoud en/of vermeerdering van mag deur 'n bepaalde groep in die samelewing". Wanneer diskoers of gesprek ter sprake is, word die aandag noodwendig op taal gevestig. Ideologie se rol as taalmanipuleerder bepaal die kommunikeerbaarheid en daarom die 'verkoopbaarheid' (sic) van die ideologie (so gestel deur Olivier, 1984:65). Opsommenderwys dui Olivier (1984:67) aan ideologiese taalgebruik (oftewel propaganda) met halwe waarhede, oorvereenvoudigings, teenstellings, simbole, karikature, trefwoorde, neologismes, vaaghede, absolute veralgemenings in tiperings werk. "Die doel hiervan is die mobilisering van 'n wesenlike gedeelte van die gemeenskap, die oorhaal daarvan tot die werklikheidsbeskouing, strategie en eindideaal van die ideologie" (Olivier, 1984:67). Uit die ontleding van die wyses waarop taal as magsinstrument aangewend word (naas die fisiese demonstrasies van mag), word dit maar alte duidelik dat die diskoers (ook die literêre) in 'n ideologiegeteisterde gemeenskap byna nooit onskuldige, neutrale kommunikasie is nie. Onder hierdie omstandighede is dit die Christen se taak en opdrag om die

23 Die proses van kollektiewe gerusstelling verloop ongeveer soos volg: "If I notice that what I do is done by many others around me, I am persuaded that I am doing the normal, which then conveniently becomes the normative for me" (Leatt et al., 1986:288). Dit is moeilik vir 'n individu om 'n 'onhoudbare' standpunt te regverdig in opposisie tot die gemeenskap waarin hy leef.

waarheid te onthul en die leuen te ontmasker, ook wanneer literêre teksbeskrywing aan die orde is.

2.1.6 'n Werkdefinisie van ideologie

In die samestelling van 'n werkdefinisie vir die ondersoek van die literêre representasie van ideologie, wil ek ten eerste onomwonde stel dat die definisie se vertrek- en eindpunt is dat die mens 'n **religieuse wese** is wat voor die sondeval in sy/haar (paradyslike) verbondenheid aan God oor ware, absolute, totale sin en sekerheid beskik het. Vanuit hierdie oorspronklike verbondenheid is alle ander **relasies** gedui: dié van die mens met sy medemens, met homself, met sy menswees, met sy arbeid, en met die natuur. Toe daar **vervreemding** tussen die mens en sy God ingetree het, is alle relasies aangetas en het die mens sy sin vir die Absolute en die Totaliteit verloor. Waarmee elke mens dus in die loop van sy/haar lewe op aarde besig sal wees, is 'n voortdurende soeke na die ontwykende sin en betekenis van alles wat hy/sy waarneem en ervaar. Dit net as agtergrond oor die algemene houding wat ek as ondersoeker inneem in hierdie studie. Die definisie van ideologie wat ek vervolgens wil poneer, sal egter meer spesifiek moet wees om kritiese waarde te hê vir die ondersoek.

Omdat hierdie studie oor die literatuur handel, en oor die wyses waarop taal 'handelinge' word in die literêre teks en konteks, word ideologie in die eerste plek gedefinieer in terme van die **diskoers** in 'n bepaalde gemeenskap. Die Afrikaanse literêre skrywer, teks en leser bevind hulle binne 'n konteks waar die apartheidsideologie (sowel as sy meelopers en teenhangers) so prominent is dat dit *of gekonfronteer moet word, of (indien bv. genegeer) gekondoneer en in stand gehou word*. Omdat apartheid myns insiens (en volgens baie ander) gewortel is in klassekontradiksies wat in 'n venyniger vorm as 'rassekontradiksies' manifesteer, word die werkdefinisie verder toegespits op die maatskappykritiese siening daarvan.

Hoewel alle verbandhoudende kritiese elemente wat vervat is in die Marxistiese en Bybels-Reformatoriese sieninge (soos hierbo uiteengesit) hier meesprek, word die volgende definisie gestel as vertrekpunt vir die gesprek rondom ideologie en taalhandelinge in die Afrikaanse prosa wat in hierdie studie voorgestel word:

'n Ideologie is 'n **diskoers** waarin die individu hoofsaaklik deur taal gekonstitueer

(geïnterpelleer) word as **subjek** binne 'n bepaalde **sisteem** of **stelsel** van idees, beskouinge, waardes, norme en motiewe wat daarop afgestem is om die **belange** van 'n spesifieke groep te bevorder op 'n wyse wat nadelig is vir ander. Hierdie belange word bevorder deur die verkryging, behoud en vermeerdering van allerlei vorme van **mag** waardeur die **sosiale kontradiksies** wat in so 'n **gemeenskap** ontstaan, **verdoesel** moet word. Omdat 'n ideologie gerig word vanuit 'n **immanente, valse oorsprong**, moet dit ten alle koste 'n 'verhewe' doel skep wat as universeel en in almal se belang gerepresenteer word in die diskoers. In die kader van die ideologie **regverdig** hierdie verabsoluteerde doel byvoorraat alle **middele** wat effektief aangewend sou kon word ter bereiking daarvan. As **strategie** waardeur die totaliteit ingesluit moet word binne 'n beperkte stel **verbeelde relasies**, word die bevordering van **valse bewussyn** deur 'n subtile vermenging van waarheid en leuen noodsaaklik. Hierdie diskursiewe proses vind veral **kollektief** plaas en het 'n groot **onbewuste element** wat gerepresenteer en nie in taal geartikuleer word nie. In 'n **klassegemeenskap** word die diskoers bepaal deur **klassekontradiksies** wat nie in die praktyk opgelos kan word nie en gevolglik **onderdruk** word in belang van die ekonomiese, politieke en kulturele magposisie van die **hegemoniese groep**.

Om ten slotte terug te keer tot die drie vrae aangaande die definiëring van ideologie wat voorheen gestel is (vgl. 2.1.3): In antwoord op die eerste vraag is dit duidelik dat ideologie volgens die werkdefinisie 'n negatiewe, kritiese begrip is. 'n Ideologie is (tweedens) tegelyk subjektief, psigologies en onbewus van aard, maar setel tog ook in die materiële werklikheid sonder dat dit meganies-deterministies daardeur bepaal word. Die derde vraag oor die verhouding tussen ideologie en wetenskap kan soos volg beantwoord word: Indien ideologie as wetenskap beskou word, verkry dit 'n legitimiteit en status wat dit nie toekom nie; ideologie verwing dikwels die mens se werklikheidsbeeld sodanig dat ideologiese persepsies selfs ten gronslag lê van 'wetenskaplike' aannames, teorieë en paradigmas. Hierdie drie antwoorde dui elkeen daarop dat ideologieë (volgens my definiëring dan) nie deur *enkeling of* gemeenskap as onvermydelike en onveranderlike teenwoordighede in die samelewing beskou behoort te word nie, maar bestry, ontmasker en gedemistifiseer behoort te word. Hoewel die ondersoeker nie self kan aanspraak maak op 'n posisie 'bo' of 'buite' die ideologie nie, kan hy/sy tog aktief deelneem aan die stryd daarteen, asook teen die manifestasies daarvan in die gemeenskap én in sy/haar eie strewes, gedagtes en handeling (ook taalhandelinge).

2.2 Ideologiekritiek

2.2.1 Die kritiese teorie

Die term 'ideologiekritiek' (*Ideologiekritik*) kan in die eerste plek in verband gebring word met die neo-Marxistiese *Frankfurter Schule*, wat veral met die studente-opstande van 1968 (hoofsaaklik in Duitsland en Amerika) bekendheid verwerf het met die gedagte van 'n sogenaamde **kritiese teorie**. Onder die bekendste lede van die Frankfurtse Skool van filosowe (en ander akademici) tel Max Horkheimer, Theodor Adorno, Herbert Marcuse en Jürgen Habermas - almal lede van die Instituut vir Sosiale Navorsing wat in 1923 aan die Universiteit van Frankfurt gestig is. Die bedoeling is nie om vervolgens 'n oorsig te gee van die hoogs gekompliseerde filosofiese denke van hierdie skool nie; daar sal net een en ander uitgelig word aangaande die 'kritiese teorie', *Ideologiekritik* en ten slotte ook Adorno se siening van kuns en die samelewing.

Die neo-Marxistiese gedagte agter die ontstaan van die kritiese teorie was dat die steeds ernstiger wordende politieke, ekonomiese en sosiale vraagstukke van Europa (na die Eerste Wêreldoorlog) in die gees van Marx bestudeer kon word, maar dan op 'n geheel anderse wyse as wat die ortodokse Marxisme in Sowjet-kommunisme gestalte gekry het. Vir hierdie doel moes Marx se teorieë verder ontwikkel word (vgl. Snyman, 1987:155). Na Hitler se bewindsoorname in 1933 gaan die Instituut in ballingskap na Amerika waar Marcuse aanbly ná die oorlog terwyl veral Adorno en Horkheimer in Duitsland studente inspireer om in opstand te kom teen positivistiese wetenskapsbeoefening en outoritêre gesagstrukture. Hoewel die kritiese teorie spoedig by die studente in onguns verval het nadat Marcuse, Adorno en Habermas hulle totalitêre optredes in die opstand veroordeel het, was hierdie teorie 'n belangrike aanleiding tot die beëindiging van die mode van eksistensiefilosofie, empirisme en positivisme in akademiese kringe.

Die Frankfurtse Skool verstaan onder 'n 'positivis' 'n persoon wat aanvaar dat 'n empiristiese weergawe van die natuurwetenskappe voldoende is, en dat alle kennis in essensie dieselfde kognitiewe struktuur as natuurwetenskap moet hê (Geuss, 1981:2). Die positivistiese denkhouding (vgl. ook hfst. 1, voetnoot 9 hieroor) het ook maatskaplik kwessies gereduseer tot vraagstukke van tegniese organisasie wat in baie gevalle tot verdingliking gelei het. Wat hierdie soort wetenskapsbeoefening vir

die kritiese teorie des te meer onhoudbaar gemaak het, is die feit dat dit verandering stol en verhoed dat 'n mensliker wêreld tot stand gebring word: agter die gewaande 'objektiwiteit' en 'waardevryheid' skuil bevordering van belange by die inhoud van die *status quo*. Die Frankfurtse Skool se veranderingsmotief berus op hul dialektiese samelewingsbegrip¹⁷ wat die bereiking van menslike vryheid as doelwit stel. Volgens Geuss (1981:2) is 'n kritiese teorie (die belangrikste middel waardeur hierdie doelwit bereik kan word) "a reflective theory which gives agents a kind of knowledge inherently productive of enlightenment and emancipation"; deurdat die mens vasstel wat sy 'ware belange' is, word hy geëmansipeer tot bewuste menslike optrede.¹⁸ Omdat die teorie in die eerste plek fokus op dit wat sleg en onmenslik is in die gemeenskap (Adorno verwys veral dikwels na Auschwitz), wil dit 'n terapeutiese rol in die sosiale werklikheid speel.

Dit is veral die pejoratiewe gebruik van die term ideologie wat deur die kritiese teorie hanteer word. Ideologiekritiek is radikale gemeenskapskritiek wat in die eerste instansie kritiek op die dominante ideologie in die samelewing is. In 'n laat-kapitalistiese samelewing is die besittersklas en sy dialektiek steeds dominant, maar omdat die werker nou ook geïntegreer geraak het by die belang by kapitaalvermeerdering, het die klassekonflik ongeveer verdwyn. In sy plek het 'n nuwe konflik gekom, naamlik "die konflik tussen 'n partikuliere belang wat veralgemeen word en waarmee die geheel van die samelewing moet identifiseer, en die eie, oorspronklike (oftewel ware - MAR) belang van elke individu" (Snyman, 1987:166). Hierdie partikuliere belang wat veralgemeen word, dui op die werking van valse ideologiese voorstellinge sodat ideologiekritiek 'n integrerende deel van 'n kritiese samelewingsteorie moet uitmaak. Vanweë die inklusiewe, totalitêre aard van die boosheid in die wêreld kan selfs die kritiese teorie daardeur besmet word

17 Die dialektiek lê (volgens die kritiese teorie) hier tussen die begrip en die werklikheid van die begrip - of die een of die ander is meer as sy dialektiese maat. Op paradoksale wyse kan die volgende situasie binne hierdie dialektiese verhouding ontstaan: "n samelewingsbegrip kan sy gedeeltelike verwerkliking meer maak as wat dit is deur dié feite in die sosiale werklikheid wat hom weerspreek, te ontken, te versluier en/of te onderdruk" (Snyman, 1987:159) - ideologiese sieninge maak hier hul verskyning (MAR).

18 Hierdie gerigtheid op die mens, wat ook 'n gesosialiseerde individu in die samelewing is, verskaf die aanleiding daartoe dat Leatt *et al.* (1986:252) sommige lede van die Frankfurtse Skool onder die Marxistiese humaniste groepeer.

sodat ook selfkritiek 'n onverbiddelelike eis is. In die werk *Negative Dialektik* (Adorno, 1970:356) word die volgende stelling in hierdie verband gemaak: "Denke moet, om waar te wees, vandag in elk geval, ook teen homself dink."

2.2.2 Theodor Adorno: die samelewing en kuns

Hoewel Adorno se kunsbeskouing in sy halfvoltooide werk *Ästhetische Theorie* hoofsaaklik handel oor die musiek as die kunsvorm wat die verste verwyder is van enige konnotasies met die begrip, laat hy hom ook enkele kere uit oor die sosiale relevansie van die literatuur. In 'n debat met Walter Benjamin (wat in 1962 ten einde geloop het) kritiseer Adorno alle direkte politieke kuns en veral letterkunde. Enkele van die argumente wat hy gebruik in 'n betoog oor 'betrokke' en 'outonome' kuns, is die volgende: Werke wat openlik politiek betrokke is, het die neiging om aan hulleself elke moontlike edel waarde toe te ken en daarna hierdie selfde waardes na hartelus te manipuleer! "The type of literature that, in accordance with the tenets of commitment but also with the demands of philistine moralism exists for man, betrays him by traducing that which alone could help him, if it did not strike a pose of helping him" (Adorno, 1978:317). As skynwerklikheid is kuns in staat om die werklikheid te transendeer en so die waarheid oor die mens se 'allerindiwidueleste lyding' tot uitdrukking te bring. Die dilemma is egter verder dat literatuur wat volkome outonoom wil wees en net ter wille van homself wil bestaan, óók tot ideologie degenereer. Die aporiese posisie is dat literatuur steeds deel van die gemeenskap bly, hoe hard dit ook al probeer om dit te opponeer ('n gedagte wat in aangepaste vorm by ander Marxiste, byvoorbeeld Jameson, terug te vind is). Literêre werke wat meer neig tot die esteties-outonome is egter vir Adorno steeds te verkies bo 'betrokke' literatuur, onder meer om die volgende redes: "The uncalculating autonomy of works which avoid popularization and adaptation to the market involuntarily becomes an attack on them" (Adorno, 1978:314); in hierdie onbewuste aanval op die magte wat in 'n konsumpsiemaatskappy aan die werk is, bring die outonome kunswerk sy dialektiese teendeel tot stand - juis omdat hy as pseudowetenskaplike konstruksie weier om deel te neem aan die praktyk (praxis) van "the creation of a just life", wys dit op analoë, mediërende wyse heen na die ideale soort toestande wat tot stand gebring moet word in die samelewing, aldus Adorno.

2.2.3 Kritiek op die kritiese teorie

In die huidige wêreld neig alle kulturele verskynsels om deur *kitsch* verswelg te word en probeer elkeen voorgee dat hy egte, relevante politiek bedryf - dit alles "oblige the mind to go where it need not degrade itself" (Adorno, 1978:318). Hierdie laaste stelling onthul iets van dit waarteen die grootste kritiek op die Frankfurtse Skool gerig was, naamlik dat hulle ten slotte 'n praxisvreemde ivoortoringmentaliteit gekoester het. Volgens Lukács was hulle soos mense wat op die rand van die afgrond (die niks, die sinloosheid) in 'n luukse hotel (die Grand Hotel Afgrond!) gesit het en hulle by die aanblik van die afgrond des te meer verheug het in hulle geraffineerde maaltye en kunsproduksies. Omdat hulle die ivoortoring as 'n vorm van protes verdedig, bly hulle volgens Snyman (1987:174) hoogstens in die voorportaal van 'n mensliker en regverdiger samelewing, wat die dryfveer agter die kritiese teorie was. Hoe dit ook al sy, ideologiekritiek het veral in die sestiger- en sewentigerjare heelwat aan stukrag gewen deur die optrede van die Frankfurtse Skool.

In die bespreking van literêre ideologiekritiek wat volg, sal daar beweeg word in die rigting wat Habermas (1973:120-159) aangedui het met sy gedagte van 'n kommunikasiegemeenskap en 'n "teorie van kommunikatiewe handeling"; hiermee het hy gepoog om die selfverlamming van die kritiese teorie te oorstyg deur 'n universele hermeneutiek en 'n vrye kommunikasie en dialoog te stel as middels waarmee 'n nuwe wêreld, vry van lyding, ontwerp kan word.

2.3 Literêre ideologiekritiek

2.3.1 Vroeë eksponente

Om 'n oorsig te probeer gee van al die teorieë en sieninge wat die verband tussen ideologie en literatuur wil aandui, sou aan die onmoontlike grens. Ook in hierdie verband word die term ideologie in byna elke moontlike betekenisakkering gebruik (van noodsaaklike wêreldbeskouing tot valse bewussyn en illusie - kyk 2.1). Die volgende dien as voorbeeld van die gebruik van die konsep in die soort nie-pejoratiewe sin wat as te algemeen gereken word vir die doeleindes van hierdie ondersoek. 'n Britse teoretikus, Newton, onderskei in 'n artikel tussen literêre diskoers en alle ander diskoerse en maak dan die volgende stellings: "... for a discourse to exist at all it must be the embodiment of a system of interests or

ideology of some kind, and the fundamental ideological assumption of literary discourse is, I would argue, that interpretation for its own sake is intrinsically valuable. Literary discourse serves the human need or desire to interpret without being constrained in advance by any defined set of limits; in other words, it serves the imagination."¹⁹ Hoewel Newton se tipering van literêre diskoers nie onversoenbaar is met die standpunt wat in hierdie studie ingeneem word nie, wil ek die term ideologie steeds reserveer vir 'n negatiewe, maatskappykritiese gebruik en sal slegs ideologiekritiese beskouings van die literatuur vervolgens aan bod kom.

Marxistiese literêre ideologiekritiek het, sedert Marx en Engels 'n rudimentêre maar wesenlike begin gemaak het daarmee, so geweldig ontwikkel en uitgebrei dat ek myself ook met betrekking tot hierdie saak moet beperk tot dit wat vir hierdie ondersoek werklik relevant is. As 'n vertrekpunt vir die bespreking wat volg, wil ek stel dat ideologiekritiek in die eerste plek te make het met die opvatting dat literêre kritiek altyd ook maatskappyanalyse is, vanweë die feit dat literatuur 'onredbaar' verbonde is aan 'n sosio-ekonomiese konteks. Hiermee word 'n poging aangewend om literatuur se tradisionele aura van 'geïnspireerde outonomie' te ontmasker.

Hoewel Karl Marx nooit 'n volledige, sistematiese literêre toerie geformuleer het nie (vgl. Slaughter, 1980:22), is die basiese posisie²⁰ wat hy inneem duidelik: literatuur behoort geanaliseer te word in die karakteristieke terme van die dialektiese en historiese materialisme, dit wil sê as 'n integrerende deel van die gemeenskap, wat op sy beurt 'n ekonomiese basis (d.i. 'n bepaalde produksiewyse) het. Die produksiewyse en -verhoudinge berus in 'n kapitalistiese gemeenskap op oorheersing deur die dominante klas - 'n toestand vol kontradiksies wat deur die sosiale superstrukture (bv. juridiese, religieuse en kulturele strukture) verdoesel en

19 Volgens Newton (1982:112) word die 'nodige' beperkinge op hierdie 'vrye' interpretasie deur die "institution of literature" opgelê.

20 In sy inleiding tot *Marx and Engels: On Literature and Art* verwoord Morawski (Baxandall & Morawski, 1974:8) so 'n 'basiese posisie' ('n soort sleutelformulering waaroor daar min of meer konsensus is) rakende Marxistiese estetiese denke soos volg: "Aesthetic phenomena are studied in a context of socio-historical processes, and in this way are regarded as part of a broad, 'civilizational' activity by which the species *homo sapiens* advances slowly to realize an innate potential. Art objects are not isolated phenomena, but are mutually dependent with other cultural activity of predominantly social, political, moral, religious, or scientific character."

in stand gehou moet word, en wel deur ideologie²¹ as die betrokke gemeenskap se "lived experience of capitalism" (Posel, 1982:130). Binne hierdie denkraamwerk word literatuur, godsdiens en die regspraak (bv.) beskou as ideologies in soverre dit hierdie legitimerende ervaring van kapitalisme (lees: oorheersing en onderdrukking) reproduseer en versterk.

Hoewel ideologieë as hoogs kompleks beskou word, kan daar uit Marx se siening afgelei word dat hulle in die laaste instansie bepaal word deur die voortdurende teenwoordigheid van kontradiksies²² (waarna in die vorige paragraaf reeds verwys is) binne die klassegemeenskappe van die geskiedenis. Oor die groot teenstrydigheid wat die gemeenskap se houdings teenoor estetiese verskynsels beïnvloed en bepaal, maak Morawski (Baxandall & Morawski, 1974:9) die volgende insiggewende stelling: "(It) repeatedly asserts itself between settled ideology and the attitudes which individuals freshly discover in assessing the human social and natural situation". Marx gee die (rewolusionêre) transendering (*Aufhebung*) van kapitalistiese vervreemding (vgl. wat hieroor gesê is in 2.1.4) aan as 'n noodsaak wat gebore word uit die objektiewe sosiale, politieke en ekonomiese kontradiksies in 'n gemeenskap. In hierdie strewe na die opheffing van die vervreemding is kuns (volgens Slaughter, 1980:23 se interpretasie van Marx) veel meer as 'n blote 'weerkaatsing' van die klassestruktuur: "(Art) is a product of the men thrown into struggle by the specific contradictions of the given social formation." In hul literatuur en kuns gee mense dus uitdrukking aan die inhoud van die fundamentele stryd wat hulle voer teen die natuur en teen hul eie aard, te midde van die betrokke gemeenskap (waarvan hulle deel is) wat hierdie stryd voortdra of inhibeer (of beide).²³

21 In hierdie verband definieer Morawski (Baxandall & Morawski, 1974:9) ideologieë kortweg as denksisteme wat afgebaken (*delimited*) is deur menslike belange, en op ooreenstemmende wyse ook beperk is in benaderings tot die gegewene.

22 In *Theories of Surplus Value* (1861-62) word die volgende voorbeeld aangetref van die wyse waarop Marx self hierdie term aangewend het vir die doeleindes van die literatuurstudie: "Adam Smith's contradictions are of significance because they contain problems which it is true he does not resolve, but which he reveals by contradicting himself" (aangehaal in Eagleton, 1976:64).

23 Slaughter (1980:23) sê vanuit Marx se oogpunt (en sy eie) ook die volgende van skrywers en kunstenaars: "They express the struggle for consciousness of what they must do to survive against the dangers of these particular contradictions, whether they can be overcome or merely resisted with

Dat daar krities gekyk sal word na die wyse waarop literatuur 'n ideologiese rol speel in die gemeenskap deur die heersende produksiewyse (vol teenstrydighede) òf te reproduseer òf te ondergrawe, volg eintlik vanselfsprekend uit wat reeds gesê is. Watter soort analise van of benadering tot die literêre teks hierdie soort ondersoek die beste sal dien, is nooit deur Marx uiteengesit nie. Wat wel blyk, is dat die reduksionistiese standpunte wat sogenaamd in navolging van Marx ingeneem is (bv. dat literatuur bloot 'n imitasie is van die ekonomiese basis), nie reg laat geskied aan sy gesofistikeerde, hoogs verwikkelde siening van die maatskappy en sy geskiedenis nie. Die volgende uitspraak van Posel (1982:131) beaam hierdie stelling: "... if Marx's stand against reductionism is to be taken seriously, literary merit cannot be conflated with anti-propaganda". Die feit dat Marx en Engels nie bedoel het dat literatuur met rigiede, beperkende maatstawwe gemeet moes word nie, is onder meer af te lei uit 'n opmerking wat Engels in 1847 oor Goethe gemaak het: "We are not criticizing Goethe (...) for not being a liberal, but for being a philistine at times; we do not assert that he was incapable of any enthusiasm for German freedom, but that he sacrificed his sounder aesthetic feeling, which did occasionally break through, to a small-town aversion of every great contemporary historical movement. (...) In general, we are reproaching him neither from moral nor from partisan standpoints, but chiefly from aesthetic and historical standpoints" (Marx & Engels, 1974:80-81).

Slaughter (1980:205) wys daarop dat Marx literatuur beslis nie as 'ideologie' beskou het nie, maar in 'n sekere sin as "one of the *forces* of production". Volgens hierdie siening is daar inderdaad literêre werke waarvan die beeldspraak (*imagery*) die ideologiese regverdiging van die kontemporêre wêreld transendeer, "in such a way as to clear the path for necessary changes in consciousness and action (through its affective or emotional as well as its intellectual components)" (Slaughter, 1980:205). Die feit dat literatuur, wat wesenlik tot die kulturele superstruktuur behoort, soveel inspraak verkry in die basisstruktuur, dui enersyds op die besondere waarde wat Marx daaraan geheg het, maar andersyds ook weer eens op die wyse waarop basis en superstruktuur as 'n enkele totaliteit funksioneer sonder dat die ekonomiese basis die superstrukture op deterministiese wyse bepaal.

Volgens Marx is die verhouding tussen basis en superstrukture dus in 'n kapitalistiese gemeenskap een waarin die dualiteit tussen afhanklikheid en onafhanklikheid steeds gehandhaaf bly: enersyds word alle sosiale superstrukture in die laaste instansie bepaal deur die produksiewyse (basis), maar andersyds bly dit relatief (in beperkte mate) onafhanklik van daardie basis. Presies wat die implikasies van hierdie Marxistiese standpunt van dualiteit is en in watter mate dit geldig is, vorm steeds 'n sentrale debatspunt in Marxistiese kringe en veral wanneer die sosio-ekonomiese dimensies van literatuur onder bespreking is.²⁴

Een van die invloedrykste, maar ook mees omstrede figure uit die geledere van daardie Marxiste wat hulle in die besonder met die literatuur bemoei het, is **Georg Lukács**. Jameson verwys byvoorbeeld na Lukács as die grootste Marxistiese filosoof van die moderne wêreld en na sy bydrae oor 60 jaar (!) tot die literatuurondersoek (hoewel kennelik nie sonder tekortkominge nie) as "(t)he most developed corpus of Marxist literary theory in our time" (Jameson, 1981:105). Hiernaas lewer Slaughter (1980:115-116) die volgende verdoemende getuienis oor hierdie 'fenomeen': "One way of seeing Lukács is as the extreme example (type?) of the bourgeois intellectual who shows great sympathy for the proletariat and its struggle so long as these can be contained within the scope of the bourgeois-democratic ideal and do not spill over into the realm of political independence of the working class." Vanuit hierdie bedenkbare posisie (vir 'n Marxis) was dit vir Lukács moontlik om diensbaarheid aan Stalinisme én die ortodokse kommunistiese burokrasie te bewys.

Lukács se ideologiekritiek word deurentyd hoofsaaklik op die kapitalisme gerig en in sy literêr-teoretiese werke soek hy dikwels na moontlike wyses waarop literatuur wat in 'n kapitalistiese gemeenskap geproduseer word, aan die burgerlike ideologie en die legitimering van die *status quo* kan ontkom ten einde 'n effektiewe kritiese posisie in te neem ('n vraagstuk waarmee die ideologiekritiek steeds worstel). Daar word dus gesoek na wyses waarop die skrywer teen die stroom in kan swem, of ook: wyses waarop die literêre werk krities kan wees sonder dat dit noodwendig die bedoeling van die skrywer was (die omgekeerde is natuurlik ook moontlik). Omdat

24 Hoewel ek nie die ekonomiese (of produksiewyse) as die absolute basis van die gemeenskap en sy kulturele aktiwiteite beskou nie, kan ek my vereenselwig met Marx se (afgeleide) standpunt dat literêre kritiek ook maatskappyanalise moet wees. My eie benadering wat vir die ondersoek geld, is breedweg geskoei op die lees van Marx se uitgangspunte soos hierbo uiteengesit.

die ideologiese neerslag in 'n teks volgens Lukács eerder in die literêre vorm as in die inhoud setel, word die verlangde ontbloting van die teks se onderliggende ideologie bemoontlik deur 'n analise van vorm. Hierdie beginsel is dan ook die vertrekpunt van Lukács se uitvoerige besprekings van realisme en modernisme en die ideologieë onderliggend aan elk. Daar word uitdruklik voorkeur gegee aan die realisme aangesien dit vir Lukács die beste te versoen is met 'n Marxistiese siening van die mens as sosiale, strydende wese, wat diepsnydende kritiek op die *status quo* bied in die bevestiging van die mens se potensieële vermoë om die samelewing te verander. Hierteenoor stel die modernisme die mens op nihilistiese wyse voor as eensaam, vervreemd en verlam deur *angst* - oorgelewer aan die onontkombare menslike situasie waarin hy hom bevind. Mettertyd het hy wel tot die besef gekom dat van die vormtegnieke wat deur die moderniste gebruik is (bv. bewussynstroon) 'n meer 'realistiese' beeld kan bied van die menslike toestand in 'n kapitalistiese maatskappy sodat sy definiering van wie en wat alles in die kamp van die realisme bymekaargebring kon word, haas onbeperk geraak het.

Wanneer Lukács ideologie vir die literatuur in die besonder definieer, doen hy dit in die volgende terme: 'n literêre ideologie is 'n konstellasie van idees oor die lewe en die wêreld, oftewel 'n *'Weltanschauung'* wat 'n skrywer se werk ten grondslag lê en nie noodwendig ooreenkom met die skrywer se bewuste intensies nie (Lukács, 1972:133). Hierdie algemene definisie van ideologie, wat nie meer te versoen is met die wesenlik Marxistiese siening nie, is simptome van die sterkste beskuldiging wat Jameson (1988:137) teen Lukács inbring, naamlik dat hy nie die konsepsie van klas as die "ultimate determining instance", waarsonder ideologiese analise ondenkbaar is, gehandhaaf het nie. Slaughter (1980:116) se bedenkinge sluit by hierdie stelling van Jameson aan: "When it came to questions of history and class struggle, Lukács did not proceed from the revolutionary role of the proletariat and the economic contradictions of capitalism, but from the ideological consequences of the 'totality' of capitalist ideology ..." Ook in sy vele besinninge oor die roman as genre word 'n realistiese 'ideologie' steeds as die ideaal voorgehou en slaag Lukács volgens sy kritici nie daarin om die teks werklik binne 'n wyer sosio-ekonomiese konteks te plaas nie: "As a result, the link between literary meaning and its economic basis is not completely forged" (Posel, 1982:137).

Wat alle (ware) Marxistiese literêre teoretici gemeen het, is volgens Posel (1982:142) die siening dat 'n kapitalistiese gemeenskap 'n sisteem van klasse-

oorheersing met 'n ekonomiese basis is en dat literêre produksie hierdeur bepaal word. Daar is die afgelope dekade of drie toenemend ingesien dat hierdie beskouing van die literatuur kan lei tot determinisme en/of reduksionisme (wat dikwels die geval was); die behoefte aan 'n meer gesofistikeerde siening van die verhouding tussen literatuur en gemeenskap het teoretici daartoe gebring om in 'n konstruktiewe dialoog te tree met ander teoretiese benaderings (bv. psigoanalise, strukturalisme, linguistiek, semiotiek en selfs dekonstruksie). Vir die meeste het 'ideologie' egter 'n sleutelkonsep gebly. Daar word vervolgens verwys na enkele Marxistiese teoretici wat strukturalistiese en semiologiese sentimente in hul analyses en ondersoeke betrek het.

2.3.2 Die 'strukturaliste'

Ook op die gebied van die literêre kritiek het Louis Althusser (vgl. ook 2.1.4) se invloed nie uitgebrei nie. As belangrikste eksponent van die sogenaamde 'strukturalistiese' Marxistiese tradisie het literêre teoretici in navolging van hom sodanige metodes aangewend in 'n soeke na 'n meer 'wetenskaplike' basis vir literêre kritiek (vgl. Slaughter, 1980:200). Strukturalisme²⁵ dui in hierdie (Marxistiese) verband veral op die siening dat die essensiële aard van ideologie slegs verstaanbaar is deur die struktuur²⁶ daarvan: "Ideology is indeed a system of representations, but in the majority of cases these representations have nothing to do with 'consciousness': they are usually images and occasionally concepts, but it is above all as *structures* that they impose on the vast majority of men, not via their 'consciousness'" (Althusser, 1969:233). Althusser sluit literatuur in by die ideologiese

25 Selden (1985:49) dui aan dat die verskil tussen Marxistiese en (ware) strukturalistiese teorieë veel groter is as die ooreenkomste: "While Marxist theories are about the historical changes and conflicts which arise in society and appear indirectly in literary form, structuralism studies the internal working of systems divorced from their historical existence." Waar Marxiste se aandag in die laaste instansie bepaal word by die materiële of historiese bestaan van menslike gemeenskappe, gaan dit vir strukturaliste om die aard van taal.

26 Hoewel hier veelal van 'struktuur' sprake is, dui Jameson aan dat Althusser se strukturalisme gekwalifiseer moet word as 'n strukturalisme waarvoor net *een* struktuur bestaan, naamlik die produksiewyse self (produksiewyse is hier 'n omvattende begrip en nie gelyk aan die ekonomiese nie); hierdie struktuur kan ook omskryf word as die sinchroniese sisteem van sosiale relasies as 'n geheel (Jameson. 1981:36).

'apparate' wat hydra tot die reproduksie van die produksieverhoudinge, dit wil sê die sosiale verhoudinge wat 'n voorwaarde is vir die voortgesette bestaan van die kapitalistiese produksiewyse. Hierdie ideologiese staatsapparate (ISA's)²⁷ verwys na daardie instellings in die (kapitalistiese) gemeenskap wat ideologiese praktyke ondersteun en reproduseer - die belangrikste hiervan is die opvoedkundige sisteem, wat bygestaan word deur die gesin, die regstelsel, die media, die kunste, ensovoorts. Al hierdie instellings, ook literêre instellings dus, werk op 'n subtile wyse mee om die ideologiese mites en oortuiginge in stand te hou wat nodig is vir die konstituering (interpellasie) van individue as subjekte, waarna reeds verwys is (vgl. 2.1.4). Dit is dan veral hierdie ideologiese rol van literatuur wat krities ondersoek moet word.

Die 'strukturelistiese' rigting waarin Althusser beweeg het, is veral uitgebou deur **Pierre Macherey** in Frankryk, wat die 'onbewuste' ideologiese aspek van literatuur beklemtoon het en ook aangetoon het hoe onderdrukte teenstrydighede van 'n ideologie as 'gapings' en 'weglatings' in 'n teks te voorskyn kom. Volgens Macherey laat stol literêre vorms as't ware die vloeibare diskoers van ideologie in 'n gemeenskap: "by giving it formal substance the text shows up the flaws and contradictions in the ideology it uses" (Selden, 1985:41). In Engeland sluit ook **Terry Eagleton** aanvanklik by hierdie Althusseriaanse rigting aan. Met die toetrede van Macherey en Eagleton blyk dit mettertyd dat 'n tydperk betree is waarin Marxistiese teorieë gekenmerk word deur 'n bevraagtekening van die status van die literêre teks as 'n feitlik gegewe objek wat geïsoleer kan word vir die ondersoek. Omdat literatuur nou gesien word as 'n komplekse verwerking (oftewel herdeurwerking) van reeds bestaande diskoerse, is literêre kritiek nie meer begaan oor òf die wette van literêre vorm òf die teorie van ideologie nie, maar eerder oor "the laws of the production of ideological discourse as literature" (Eagleton aangehaal in Selden, 1985:43). Hierdie fase in die ontwikkeling van die Marxistiese ideologiekritiek word deur sommige latere eksponente beskou as (nog) 'n epistemologiese breuk met die ortodokse Marxistiese beskouinge²⁸. Sonder om hier in te gaan op die filosofiese aspekte van die kritiek wat oor en weer geslinger word, wil ek voortgaan deur

27 Die ISA's is te onderskei van die repressiewe staatsapparate (RSA's) soos die polisie, die weermag, die howe, die gevangenis (maar ook die regering en staatsadministrasie), wat geweld gebruik wanneer eersgenoemde 'apparate' nie die verlangde effek het nie (Althusser, 1971:142-145).

28 Vir 'n uiteensetting van wat hiermee bedoel word, vgl. Frow, 1986:18 e.v.

enkele aspekte van Eagleton se kritiese onderneming aan te dui.

Soos Althusser stel Eagleton hom dit (aanvanklik dan) ten doel om 'n 'wetenskaplike' basis²⁹ vir literêre kritiek daar te stel met die doel om meer akkurate kennis te bekom en groter sensitiviteit te ontwikkel ten opsigte van die kenmerkende ideologiese vorms (d.i. ideologiese verdedigingsmeganismes) van die klassegemeenskap waarin 'n bepaalde teks ontstaan het. Die taak van kritiek is: "to show the text as it cannot know itself, to manifest those conditions of its making (inscribed in its very letter) about which it is necessarily silent" (Eagleton, 1976:43). In die strewende na hierdie doel, moet die literêre kritiek homself distansieer van sy ideologiese voorgeskiedenis³⁰ en ook buite die sfeer van die teks stelling inneem, op die alternatiewe terrein van wetenskaplike kennis. In hierdie stadium het Eagleton (1976:44-63) gemeen dat wetenskaplike kennis bekom kon word langs die weg van 'n analise van die komplekse historiese 'artikulasies' van die volgende strukture of kategorieë waaruit 'n materialistiese literêre kritiek saamgestel kan word: algemene produksiewyse (GMP); literêre produksiewyse (LMP); algemene ideologie (GI); outeursideologie (AuI); estetiese ideologie (AI); en die teks (waar die teks wesenlik as objek van ondersoek figureer, maar tog ook in relasie tot die ander kategorieë staan). Dit is juis hierdie 'doktrinêre' sisteem wat volgens Eagleton se kritici simptome is van die 'meganiese' materialisme (ook teenwoordig by Althusser en Macherey), "i.e., a materialism in which the 'active side', man's practice, is neglected" (Slaughter, 1980:208).³¹ In die laat sewentigerjare sou post-strukturalistiese denke egter 'n radikale verandering in Eagleton se werk tot gevolg hê, wat genoemde besware teen hom grootliks sou ondervang. Sy nuwe posisie word gekenmerk deur 'n terugkeer na die klassieke rewolusionêre teorie wat Marx in 1845 soos volg verwoord het: Die filosowe het die wêreld slegs op verskillende wyses *geïnterpreteer*; waar dit op aankom, is om dit te *verander*.

29 Vgl. die hoofstuk "Towards a Science of the Text" in Eagleton (1976:64-101).

30 Dit wil sê daardie voorwaardes waaronder dit ontstaan het en die doel waartoe dit in die lewe geroep is (Eagleton, 1976:17).

31 Ook die feit dat Eagleton en Macherey klem lê op die sogenaamde "omissions" in 'n teks, as aanduidings van die feit dat die teks onbewus is van sy eie ideologie, is volgens Slaughter (1980:201) 'n bewys daarvan dat die moontlikheid dat 'n skrywer sou kon deurdring tot die bron van die ideologiese struktuur by voorbaat hier uitgesluit word.

Oor literatuur en ideologie laat Eagleton (1983:22) hom in een van hierdie later werke soos volg uit: "Literature, in the meaning of the word we have inherited, is an ideology. It has the most intimate relations to questions of social power." Wanneer hy dit teen die einde van hierdie werk het oor "political criticism" vra hy onder meer die volgende vrae: Wat is die sin van literêre teorie en waarom sou 'n mens daarop aandring om politiek in die argumentasie daaroor by te sleep? Die antwoord is: "There is, in fact, no need to drag politics into literary theory: as with South African sport, it has been there from the beginning" (Eagleton, 1983: 194). Onder politiek word hier dan verstaan: "the way we organize our social life together, and the power-relations which this involves" (194) - in hierdie sin is alle literêre teorie politiek en het dit nog altyd 'n bydrae gemaak tot die instandhouding en versterking van politieke sisteme. Slegs 'n kulturele of kritiese teorie wat steeds voor oë hou dat die voorreg om in die veld van kulturele aktiwiteite werksaam te wees, moontlik gemaak word deur die arbeid van ander wat nie hierdie voorreg het nie, kan enige waarde hê.³² Tog kan kultuur (en dus ook literatuur) nuwe relevansie verkry wanneer dit deel uitmaak van die stryd teen verskillende vorms van oorheersing (Eagleton, 1983:215,216). Indien 'n beweging van werkersklasliteratuur (*working-class writing*) dan byvoorbeeld op die voorgrond tree, kan dit 'n breuk veroorsaak met die dominante verhoudinge van literêre produksie en die heersende definisies van literatuur bevraagteken en ondergrawe.

In die Suid-Afrikaanse literêre sisteem is daar aanduidings dat die soort beweging wat Eagleton bepleit reeds op gang gekom het.³³ Dit is ook my oortuiging dat literatuur, én literêre kritiek, (veral binne die 'strydperk' van 'n klassegemeenskap) se relevansie verhoog wanneer dit streef om die stryd teen alle vorme van oorheersing te bevorder. By Eagleton se latere posisie vind ek daarom genoegsaam

32 Eagleton (1983:208, 214-215) maak hier, in aansluiting by die bekende uitspraak van Benjamin (1979:359 - aangehaal in 3.2.2), ook die volgende stelling: "There is no document of culture which is not also a record of barbarism."

33 Vgl. 'n publikasie soos *SA in poësie / SA in poetry* (1988), wat volgens die samestellers "radikaal anders" saamgestel is as die tradisionele bloemlesing: "die uitgangspunt is nie meer esteties nie (...), maar die gedigte wat insae bied in ideologiese formasies soos dit binne die geskiedenis staan" (Van Wyk e.a., 1988:inl.). In 'n onlangse publikasie, "I Qabane Labantu", distansieer die samestellers hulle eksplisiet van die "kanon Letterkunde" wat deur die "Literêre Kritiek" geproduseer word en van "'n verabsoluteerde algemene esteties" (Coetzee & Willemsse, 1990:2).

aanklank om aspekte daarvan in die loop van die ondersoek te betrek.

2.3.3 Die semiotici

'n Ander vertakking van Marxistiese literatuurondersoek wat eweneens gebruik maak van Althusser se definisie van ideologie, word verteenwoordig deur teoretici wat semiologiese konsepte en metodes bygehaal het om die belangrikheid van taal vir hierdie soort ondersoek te beklemtoon. **Rosalind Coward** en **John Ellis** se posisie kan beskryf word as 'n poging om Althusseriaanse Marxisme³⁴, Lacaniaanse psigoanalise en semiologiese konsepte uit die werke van Julia Kristeva (sowel as die psigoanalise Jacques Lacan) te verenig in 'n benadering wat die noue verbintenis tussen ideologie en taal ten volle in berekening bring, wat die historiese materialisme na hulle mening nie gedoen het nie. Dat taal, soos alle ander aspekte van die sosiale totaliteit 'n **materiële** rol in die gemeenskap speel, was hulle vertrekpunt. Tussen taal en ideologie is daar 'n besondere bondgenootskap aangesien ideologiese konsepte juis in taal gekonstitueer en geaktiveer word. Coward en Ellis (1977:9) gaan van die standpunt uit dat die metodologie vir die ontsyfering van taal en ideologie aan die semiologie ontleen moet word. Dit is veral Lacan se teorie van signifikasie en die verhouding daarvan tot die konstituering van subjektiwiteit, wat na hulle mening aangewend kan word ter uitbreiding van Althusser se siening van ideologie en die 'subjek' (vgl. 2.1.4).

Coward en Ellis (1977:2) plaas die subjek soos volg binne die taal-ideologie-bondgenootskap: Ideologie word opgeneem as die wyse waarop 'n subjek in taal 'geproduseer' word ten einde homself of haarself te kan 'representeer' en in die sosiale totaliteit te kan optree, "the fixity of those representations being the function of ideology. Die sentrale (Althusseriaans-Marxistiese) probleem van die subjek³⁵

34 Althusser se invloed blyk duidelik uit die volgende definisie: Ideology is not a slogan under which political and economic interests of a class presents itself. It is the way in which the individual actively lives his or her role within the social totality; it therefore participates in the construction of that individual so that he or she can act" (Coward & Ellis, 1977:67 - my beklemtoning, MAR).

35 Volgens Coward en Ellis (1977:91) bevind die (Althusseriaanse) Marxisme met sy siening van die mens as gedetermineerde, gekonstitueerde subjek hom voor 'n naastenby onmoontlike opgaaf: "until Marxism can produce a revolutionary subject, revolutionary change will be impossible". Die noodsaaklike rewolusie waarna die ortodokse Marxis hunker, kan nooit op gang gebring word deur

kan volgens Coward en Ellis beter ondersoek en aangespreek word deur psigoanalise (d.m.v. Lacan se uiteensettings van die wyses waarop 'n kind deur taalverwerwing leer om homself as subjek³⁶ van die uiterlike wêreld te onderskei) en deur 'n semiologiese analise van die konstituering (konstruksie) van subjektiviteit in en deur taal. Vir 'ortodokse' Marxiste (vgl. Larrain, 1979:170-171) is die semiologiese aanpassings van Marx se teorieë egter maar net nog idealistiese pogings om die noodsaak van 'rewolusionêre praktyk', wat bepaal word deur materiële kragte in die gemeenskap, te ontwyk deur 'betekenisse' en 'diskoerse' as die konstituerende faktore van literatuur voor te hou.

'n Meer onlangse weergawe van 'n Marxisme teorie van literêre diskoers (en ideologie), wat myns insiens nie so geredelik deur bogenoemde kritiek gediskwalifiseer kan word nie, is dié van John Frow³⁷, wie se teoretisering deur homself beskryf word as "part of a semiotically oriented intervention in cultural politics" (Frow, 1986:1). Sonder 'n volledig geformuleerde konsepsie van ideologie kan daar volgens Frow nie geteoretiseer word oor die wyse waarop sosiale produksieverhoudinge, sosiale mag en diskoerssisteme met mekaar skakel nie. Soos voorheen reeds aangedui (vgl. 2.1.4) definieer hy ideologie as 'n *toestand* van die diskoers of semiotiese sisteme in relasie tot die klassestryd³⁸ en daarom as 'n onderskeidende/onderskeibare (*differential*) relasie tot mag. Volgens Frow het alles wat te make het met die verskillende wyses waarop klassekonflikte 'uitbaklei' word politieke waarde; hieruit volg dat alle **betekenis** (by uitstek) polities is, juis omdat die produksie en sirkulasie van betekenis in 'n klassegemeenskap as 'n determinerende en gedetermineerde vlak binne die antagonistiese sosiale produksieverhoudinge funksioneer. Die betekenis wat aan tekens toegeken word,

'gewone' subjekte nie, omdat die wesensaard van hierdie subjekte juis die antitesis van rewolusionêre optrede is.

36 Hierdie subjek van Lacan is daarop afgestem om die ideologiese diskoers waarin hy/sy gevorm is, te saboteer (vgl. Van Zyl, 1982:86) en is in beginsel dus oorgehaal vir die rewolusie.

37 Hoewel hy homself as 'n Marxistiese teoretikus beskou (vgl. 2.1.4), huldig hy die volgende nugter standpunt oor hierdie benadering: "Marxist theory is inescapably involved in making political judgments about discourse, on the basis of categories which are necessarily provisional and are themselves positionally constituted" (Frow, 1986:61); hierby voeg hy egter onomwonde dat dié politieke krag van ideologie as konsep behou moet word, maar dan sonder om dit te ontologieseer.

38 Volgens Frow (1986:52) kan 'klas' kortweg omskryf word as 'n ekspressiewe eenheid.

berus op sosiale konsensus; wanneer die konsensus gegrond is op sosiale verhoudinge wat kontradiktories is, is die simboliese (mags-) orde³⁹ noodwendig betrokke by dié kontradiksie. Ideologie as sentrale konsep skakel soos volg met hierdie beskouing van betekenis: "A theory of ideology is a theory of semiotic value, because within the symbolic order the position and intensity of values are the index of a mediated tactical assertion, the site of a struggle for symbolic power" (64).

Volgens Frow se siening kan die nut van tekstuele analise dan onder meer wees om te bepaal watter diskursiewe domeine (bv. die religieuse, die opvoedkundige of die juridiese) tans die hewigste deur mag 'beset' is of in 'n bepaalde periode beset was. Vir die Marxistiese teoretikus is die deurslaggewende vraag aangaande ideologie die moontlikheid van die **verbreking van diskursiewe outoriteit** en die integrasie van hierdie verbreking in die algemene politieke stryd. Wat hier van groot belang is, is die feit dat Frow hierdie moontlikhede bedink in terme wat nie berus op die postulering van 'n sogenaamde "realm of freedom" (Frow, 1986:81) ekstern tot die diskoers nie. Sonder dat die ondersoeker se eie posisie uitgesluit word van magsbesetting, word hier dus (na wat ek kan aflei) beding vir en gestry om 'n meer eweredige verspreiding van mag. Met hierdie siening (en die ander wat hierbo uiteengesit is) kan ek my vereenselwig.⁴⁰ In die werkdefinisie (2.3.5) sowel as in die ondersoek sal Frow se uitgangspunte betrek word.

As 'n algemene, samevattende gedagte oor die benaderings wat hierbo bespreek is, haal ek vervolgens vir Butler (1984:112) aan wat meen dat daar, vanuit 'n Marxistiese oogpunt beskou, veral twee take gestel kan word vir interpretasie: "Firstly to show how, directly or indirectly, the work expresses the dominant ideology. Secondly to show how this leads the text into contradictions which are symptoms of its false consciousness, which it will always attempt to suppress, but which interpretation can reveal." By 'n noukeurige interpretasie van die teks is die

39 Hoewel Frow geen nadere besonderhede verskaf oor wat hy met "symbolic order" bedoel nie, gebruik hy dit waarskynlik na analogie van die term wat deur Lacan gebruik word. Eagleton (1983:187) omskryf Lacan se term soos volg: "(It is) the patriarchal sexual and social order of modern class-society, structured around the 'transcendental signifier' of the phallus, (...)".

40 Wat in die inleiding (vgl. 1.3, voetnoot 11) gesê is oor die onbereikbaarheid van 'n ideologies-ge suiwerde waarheid (behalwe as eskatologiese werklikheid) sluit hierby aan, hoewel die perspektiewe verskil.

eerste taak implisiet ingesluit wanneer die tweede uitgevoer word. In die besonder kan sulke teenstrydighede ook nagespeur word tussen die bewuste wêreldbeskouing van die skrywer en die alternatiewe, implisiete een wat ontbloom word wanneer die "gaps and splits" in die teks geïnterpreteer word as die skrywer se onbewuste reaksie op die teenstrydighede in die gemeenskap. Volgens kritici van Marxistiese interpretasie is hierdie strategie slegs 'n poging om gedurig 'versteekte implikasies' in tekste te ontbloom wat in ooreenstemming is met die 'politieke ideologie' van die Marxiste self (Butler, 1984:112). Verskeie van die meer resente Marxistiese teoretici (soos Jameson en Frow) toon egter sodanige openheid teenoor ander benaderings⁴¹ dat hierdie soort kritiek nog kwalik geldig is ten opsigte van hulle politieke analyses van die literatuur.

Uit wat voorheen van Frow se benadering gesê is, blyk dat hy literatuur beskou as 'n diskursiewe domein wat as't ware deur mag 'beset' is. Een van die sentrale debatspunte in kontemporêre ideologiekritiese ondernemings handel dan ook juis oor die verband tussen literatuur en mag. Mag en pogings om dit te bekom of in stand te hou, is tans voortdurend onder die soeklig wanneer daar besin word oor die rol wat literatuur in die gemeenskap vervul. Die volgende uitspraak van Bersani (1977:6) gee 'n goeie aanduiding van hoe daar (deur sommige altans) in hierdie verband oor literatuur gedink word: "literature may not *have* much power, but it should certainly be read as a display of power; and it is a peculiarly instructive model of that play of complicity and resistance which characterizes the innumerable local confrontations of power in human life". Vir ander is daar in die literatuur as sodanig mag gesetel, hoewel getemper deur die feit dat literatuur as't ware uit die hoofstroom van die gemeenskapslewe verwyder is deur die etiket van 'literêre elitisme' wat daaraan geheg word. Ten einde hiervan ontslae te raak, moet die finale poging van ideologiekritiek dan wees om literêre taal te bestudeer saam met ander vorme van diskoers, 'n onderneming wat volgens Eagleton daartoe kan lei dat die rewolusionêre moontlikhede wat in die literatuur opgesluit is tot volle ontplooiing kom: "It is not out of the question that the death of literature may help the lion to awaken" (Eagleton, 1983:217). Die aanname hier is dat die relasie tussen literêre diskoers en die politieke 'struggle' duidelik sal blyk sodra eersgenoemde uit

41 Posel (1982:145) maak die volgende stelling in hierdie verband: "Contemporary literary theorists have brought Marxist literary theory to the point of constructive dialogue with other theoretical approaches to literature which they previously dismissed as false or fruitless."

sy 'literêre' gevangenskap vrygelaat word.

Ook Frow stel dit in die vooruitsig dat die **poëtika** getransformeer sal word in 'n **algemene retorika**: In die eerste instansie moet die (tradisionele) grense tussen 'hoë' en 'populêre' literêre diskoers, en tussen 'literêre' en 'nie-literêre' diskoers bevraagteken word; die mees radikale, maar tegelyk logiese konsekwensie van die huidige klemverskuiwings in literêre teorie, sou egter wees dat die strategieë en belangstellings van literêre analise uitgebrei word na nie-estetiese diskursiewe domeine (bv. die juridiese, natuurwetenskaplike, historiografiese, morele en religieuse diskoerse, sowel as na alledaagse taalgebruik). Die samestelling van so 'n algemene poëtika sal neerkom op 'n uitbreiding en radikalisering van die vraag na **diskursiewe mag** (vgl. Frow, 1986:234-5). Die poging om die oordeterminering deur mag binne die literêre diskoers te verbreek, moet dus volgens hierdie siening uitgebrei word na ander diskursiewe terreine ten einde 'n (sosiaal) bruikbare praktyk daar te stel.

2.3.4 Fredric Jameson

'n Ander eietydse teoretikus wat daarna streef om Marxistiese literêre studie so in te klee dat dit 'n nuttige rol kan speel in die (politieke) praxis, is Fredric Jameson. Soos Frow beantwoord Jameson die beskuldigings dat Marxistiese benaderings tot die literatuur deterministiese en/of reduksionistiese neigings het, met sy beredenering van 'n uiters gesofistikeerde benadering tot die literatuur en verbandhoudende kontekstuele kwessies. Dit is veral in *The Political Unconscious* (1981) dat Jameson hierdie onderneming voer tot 'n nuwe hoogtepunt vir sy tyd.

Hoewel Jameson in die voorwoord tot *The Political Unconscious* (1981:12) verklaar dat hierdie werk nie as 'n metodologiese handboek vir 'ideologiese analise' (die gepaste eindbestemming vir 'n Marxistiese kritiese metode) bedoel is nie, sluit die interpretasies en analyses van die literatuur wat hy vervolgens voorstel en gebruik, ten nouste aan by die 'ideologiekritiese' rigtings wat hierbo bespreek is. Vroeëre werke van Jameson toon veral die invloed van figure verbonde aan die Frankfurtse Skool: in *Marxism and Form* (1971) trek hy die buitelyne van 'dialektiese kritiek'⁴²

42 Selden (1985:46-47) omskryf Jameson se siening van dialektiese kritiek soos volg: "A dialectical criticism will seek to unmask the inner form of a genre or body of texts and will work from the surface

na aanleiding van 'n reeks studies oor Adorno, Benjamin, Marcuse, Bloch en veral Lukács. In *The Political Unconscious* word daar steeds met groot lof verwys na laasgenoemde (vgl. 2.2.2), maar hier tree Jameson in 'n 'Hegeliaanse' (d.w.s. dialektiese) teoretiese dialoog met die metodes van diegene wat hy beskou as die groot pioniers van verhaalanalise: Northrop Frye en die mitekritiek, die formalisties-semiotiese kodesistiem van A.J. Greimas, Sigmund Freud se psigologiese insigte, en elemente van Claude Lévi-Strauss se strukturalistiese benadering. In sy gesprek met hierdie en ander teoretici stuur Jameson af op 'n bepaalde kritiese en interpretatiewe taak, naamlik: "to restructure the problematics of **ideology**, of the **unconscious** and of **desire**, of **representation**, of **history**, and of **cultural production**, around the all-informing process of *narrative* (...) - the central function or *instance* of the human mind" (Jameson, 1981:13 - my beklemtoning, MAR).

Die **narratiewe** of verhalende as sodanig is vir Jameson eerder 'n epistemologiese kategorie as 'n literêre vorm of struktuur; dit is slegs deur verhale dat die wêreld kenbaar word en oopgestel word vir interpretasie. Die gedagte dat die narratiewe as't ware die inhoudlose vorm van die mens se mees basiese ervaring van die werklikheid is, verleen noodwendig daaraan 'n **kollektiewe, sosiale funksie**: "To imagine a story (...) is to imagine the society within which it is told" (Dowling, 1984:115). 'n Tipies Marxistiese beklemtoning van die **totaliteit en historisiteit** tree in werking wanneer Jameson verder daarop aandring dat die 'menslike avontuur' as 'n sosiale en historiese **eenheid** gesien moet word, en as 'n groot, ononderbroke kollektiewe verhaal, die verhaal van die **klassestryd** tussen onderdrukkers en onderdruktes. Die paradoksale omtrent hierdie verhaal is dat dit, volgens hom, terselfdertyd die inherente **teenstrydighede** van daardie klassestryd onderdruk⁴³, sodat dit (d.i. die kollektiewe verhaal) uiteindelik deel word van die kollektiewe (politieke) **onbewuste** van die betrokke gemeenskap.

Die hooforsaak van hierdie repressiewe funksie van die narratiewe is vir Jameson

of a work inward to the level where literary form is deeply related to the concrete." Wat in *The Political Unconscious* nagestreef word, sluit steeds nou hierby aan.

43 Dowling (1984:115) verwys in hierdie verband na Jameson se siening van die narratiewe as "the specific mechanism through which the collective consciousness represses historical contradictions". Ook Freud se teorie oor **repressie** is dus hier van toepassing.

geleë in die onvermoë van die kollektiewe burgerlike bewussyn om te aanvaar dat die sosiale teenstrydighede (van 'n markgebaseerde, kapitalistiese gemeenskap) slegs opgelos kan word deur 'n rewolusie. Die onderdrukking van die rewolusie geskied hoofsaaklik deur ideologieë wat optree as **meesterkodes** of "strategies of containment" (Jameson, 1981:53) waardeur die gemeenskap verklarings verskaf vir die onderliggende teenstrydighede van die Geskiedenis (as die brute realiteit van ekonomiese Noodsaak). In die lig hiervan stel Jameson die sentrale taak van ideologiekritiek as die imperatief om te **totaliseer** te midde van 'n toenemende neiging tot **fragmentering**, **privatisering** en **disintegrasie** in die laat-kapitalistiese maatskappy. Aangesien genoemde tendense veral ook neerslag vind in kulturele tekste (soos literêre werke) is dit die taak van kulturele (dus ook literêre) kritici om hierdie fragmentering te beskryf en te verduidelik aan die hand van die manifestering daarvan in (bv.) die literatuur, ten einde die historiese proses wat die groot **sosiale rewolusie** (onontkombaar) voortbring, te bevorder.

Die imperatief om te totaliseer gaan by Jameson, soos hierbo aangedui, hand aan hand met die aandrang om te **historiseer** (in die Marxistiese sin van die woord). Hiermee bedoel hy dat die andersins onbeweeglike chronologiese en 'liniêre' historiese data radikaal geherstruktureer moet word en wel in die vorm van Noodsaak ('Necessity'): "why what happened (at first received as 'empirical' fact) had to happen the way it did" (Jameson, 1981:101). Geskiedenis⁴⁴ is die ervaring van hierdie vervreemdende Noodsaak as die meedoënlose *vorm* (eerder as inhoud) van gebeurtenisse. Geskiedenis kan ook slegs ervaar word deur die effekte daarvan (hier sluit Jameson aan by Althusser se siening van Geskiedenis as 'n "absent cause") en nie as 'n gematerialiseerde krag ("reified force") wat gereduseer kan word tot 'n meesterkode tussen ander nie. Die geskiedenis is die grond sowel as die onoortrefbare horison wat skaars teoretiese regverdiging nodig het: "we may be sure that its alienating necessities will not forget us, however much we might prefer to ignore them!" (Jameson, 1981:102). Dit is op grond van die Marxistiese teoretici se historiserende, totaliserende en dialektiese ideale dat Jameson homself die reg toe-eien om die Marxistiese interpretatiewe raamwerk te beskou as 'n "untranscendable

44 Jameson (1981:102) gee ook die volgende treffende omskrywing van wat hy (en ander Marxiste) onder Geskiedenis verstaan: "History is what hurts, it is what refuses desire and sets unexorable limits to individual as well as collective praxis, which its 'ruses' turn into grisly and ironic reversals of their overt intention."

horizon" (Jameson, 1981:10) wat alle ander kritiese werksaamhede insluit en oortref.

'n Verhaal vra om geïnterpreteer te word. Omdat daar volgens die radikale sosialisme van Jameson niks is wat nie sosiaal en histories is nie, behoort die interpretasie van kulturele artefakte in die 'finale analise' 'n analise van die 'politieke onbewuste' te wees wat lei tot die ontmaskering van hierdie artefakte as 'sosiaal-simboliese handeling' (Jameson, 1981:20). Jameson doen aan die hand dat sodanige interpretasie (van bv. 'n literêre teks) geskied binne drie konsentriese semantiese horisone, wat op hul beurt (uiteeraard) binne die sosiale totaliteit val. Binne die eerste horizon word die individuele teks beskou as 'n sosiaal-simboliese handeling wat denkbeeldige oplossings bied vir werklike sosiale teenstrydighede; in die tweede horizon word die teks geplaas binne die groot kollektiewe klassesdiskoerse, en die objek van ondersoek is die ideologieem (d.i. die kleinste verstaanbare eenheid waarin die antagonistiese diskoerse binne 'n klassegemeenskap manifesteer); en die derde is die horizon van die kulturele rewolusie⁴⁵, waar die teks geplaas word binne die hele geskiedenis van die mensheid. As objek van ondersoek word die sogenaamde ideologie van vorm (bv. genre) hier uitgesonder met duidelike politieke implikasies (die heterogeniteit van die teks se ontstaan en bestaan te midde van 'n verskeidenheid produksiewyses is hier ter sprake).

'n Vollediger uiteensetting van Jameson se interpretatiewe strategie is nie ter sake vir hierdie studie nie en daarom wil ek vervolgens net stilstaan by sommige van die begrippe wat hierbo genoem is. Met die verwysing na 'n literêre werk as 'n sosiaal-simboliese handeling vind Jameson (1981:81) aansluiting by die tweeslagtige, dubbelsinnige status wat Kenneth Burke aan alle kuns en kultuur toeken: "a symbolic act is on the one hand affirmed as a genuine act, albeit on the symbolic level, while on the other it is registered as an act which is 'merely' symbolic, its resolutions imaginary ones that leave the real untouched" (Jameson verwys hier na Burke, 1973:5-6). Die kwessie van die subteks, en daarmee saam die ewig problematiese verhouding tussen die literatuur en die werklikheid, kom hier ter

45 Met kulturele rewolusie bedoel Jameson (1981:95): "that moment in which the coexistence of various modes of production becomes visibly antagonistic, their contradictions moving to the very center of political, social, and historical life".

sprake. Die soort interpretasie wat Jameson voorstel, kan verstaan word as die 'herschryf' van die literêre teks op so 'n wyse dat die teks self gesien kan word as die herskrywing van 'n voorafgaande historiese of ideologiese subteks wat nie onmiddellik teenwoordig is nie. Hy som die paradoks van hierdie subteks soos volg op: "the literary work or cultural object, as though for the first time, brings into being that very situation to which it is also, at one and the same time, a reaction. It articulates its own situation and textualizes it, thereby encouraging and perpetuating the illusion that the situation itself did not exist before it, that there is nothing but a text, that there never was any extra- or con-textual reality before the text itself generated it in the form of a mirage" (Jameson, 1981:82). Op hierdie punt vind Jameson dit nodig om die leser daaraan te herinner dat die geskiedenis inderdaad 'n realiteit is en *nie* bloot 'n teks nie, maar dat dit wel slegs toeganklik is deur (her-) tekstualisering.

Die wyse waarop tekste as sosiaal-simboliese handelinge hul ideologiese rol volvoer, word vervolgens verduidelik aan die hand van Claude Lévi-Strauss se lesings van mite en estetiese struktuur, wat die volgende analitiese of interpretatiewe beginsel as uitgangspunt het: "the individual narrative, or the individual formal structure, is to be grasped as the imaginary resolution of a real contradiction" (Jameson, 1981:77). S6 geformuleer kan die narratiewe vorm gesien word as 'n ideologiese **handeling** in eie reg, aangesien dit werklike teenstrydighede masker deur hulle op verbeeldingsvlak op te los. Jameson se siening van kuns as simboliese handeling vind daarin neerslag dat hy aan hierdie **denkbeeldige oplossing** 'n simboliese status toeken⁴⁶ en die volgende werkwyse aan die hand doen: "our discovery of a text's symbolic efficacy must be oriented by a formal description which seeks to grasp it as a determinate structure of still properly formal *contradictions*" (Jameson, 1981:77). Soos in Lévi-Strauss se (visuele) voorbeeld van die unieke gesigsdekorasies van die Caduveo Indiane, stel Jameson voor dat daar begin word by 'n immanente analise van die vormlike teenstrydighede wat in 'n teks teenwoordig is en dat daar vervolgens gevra word na die onderliggende sosiale teenstrydigheid waarvoor eersgenoemde 'n simboliese oplossing is (vgl. hieroor Dowling, 1984:120-121).

46 Dowling (1984:121) stel die volgende as die essensie van Jameson se teorie en metode: "he will always begin by asking of what real contradiction a given text is an imaginary or symbolic resolution" (my beklemtoning - MAR).

Hoewel Jameson in gesprek tree met teoretici uit 'n verskeidenheid van denkrigtings (soos hierbo aangedui), berus sy teoretisering rondom 'n Marxistiese interpretasiemodel hoofsaaklik op die **strukturele** vorm van **kousaliteit**⁴⁷ waaraan Althusser voorkeur gee. Binne die raamwerk van 'n analitiese model van die **sosiale totaliteit** as 'n 'n **sisteem van relasies** waarin die **produksiewyse** self gelykgestel word aan die **struktuur** (vgl. voetnoot 26), vind Jameson 'n geskikte ruimte vir die spesifieke interpretasies wat hy nastreef. Hierin vind hy 'n vertrekpunt vir die antitransendentale hermeneutiese model wat hy in *The Political Unconscious* voorstel.

Volgens Jameson (1981:23) kan Althusseriaanse 'strukturealisme' beskou word as 'n Marxistiese ekwivalent van die Nietzscheaanse, anti-interpretatiewe strominge in die kontemporêre literatuurteorie. Dat Jameson deeglik bewus is van die uitdagings van die post-strukturaliste blyk onder meer uit die besliste standpunt wat hy saam met hulle inneem teen die gebruik van 'n ekstra-tekstuele, transendentale meesterkode waardeur die teks in 'n bepaalde raamwerk gedwing word. Sy groot beswaar teen hulle immanente teksuitleg is egter dat 'tekstualiteit' by hulle as 'n essensie of meesterkode dien, terwyl die sosiale totaliteit steeds nie na waarde geskat word nie. Hoewel 'n post-strukturalistiese benadering soos dekonstruksie die konsep van dialektiek vermy, meen Frow (1986:31) dat juis dekonstruksie met sy verwerping van 'n volgorde van ontologiese prioriteit en sy ondergrawing van eie ekspressiewe posisies, in effek meer dialekties is as enige huidige Marxistiese teorie!

Vir Jameson is die egte Marxistiese ideaal nie net geleë in totalisering en historisering nie, maar veral ook in die **dialektiek** (waarna pas verwys is). Die volgende omskrywing van hierdie begrip, wat in 'n vroeër werk voorkom, vind ek so insiggewend dat dit in sy geheel aangehaal word. Jameson (1971:372-373) karakteriseer Marxistiese dialektiese denke hier as 'n soort inklusiewe regstellende moment:

47 Strukturele kousaliteit word gestel teenoor sowel 'meganiiese kousaliteit' (aangetref by ortodokse Marxiste wat die basis-superstruktuurmodel aanhang) as 'ekspressiewe kousaliteit', waaraan Hegel met die ideaal van 'n Absolute Gees uitdrukking wou gee (vgl. die omvattende uiteensetting van die drie historiese vorms van kousaliteit in Jameson, 1981:23-58).

"(It is) a moment in which thought rectifies itself, in which the mind, suddenly drawing back and including itself in its new and widened apprehension, doubly restores and regrounds its earlier notions in a new glimpse of reality; first, through a coming to consciousness of the way in which our conceptual instruments themselves determine the shape and limits of the results arrived at (the Hegelian dialectic); and thereafter, in that second and more concrete movement of reflection which is the specifically Marxist form, in a consciousness of ourselves as at once the product and the producer of history, and of the profoundly historical character of our socio-economic situation as it informs both solutions and the problems which gave rise to them equally".

Die regverdiging en essensie van die **dialektiese metode** is vir Jameson (1988:119) daarin geleë dat ons (lesers, kritici, ens.) altyd betrokke (*in situation*) is ten opsigte van klas en ideologie en kulturele geskiedenis, dat ons nooit absoluut onbevooroordeeld is nie, en dat die waarheid nooit as 'n statiese sisteem kan bestaan nie, maar altyd deel moet vorm van 'n meer algemene proses van **demistifikasie**. Hierdie demistifikasieproses bring Jameson (1988:119-120) in verband met sy siening dat elke posisie of standpunt in wese die ontmaskering/opheffing/transendering is van 'n vorige posisie. In die slot van *The Political Unconscious* (1981:286 e.v.) wys hy egter daarop dat die taal van die 'klassieke' dialektiese denke nie die etiese kode van goed en kwaad - as konseptuele beperking op ons denke en taal - kon ontmasker nie, sodat hierdie soort denke ten slotte niks meer kan wees as die antisipasie van 'n ware kollektiewe logika⁴⁸ wat nog nie tot stand gekom het nie.

Hoewel die 'negatiewe dialektiek' - wat oorspronklik voortgespruit het uit die siening van ideologie as valse bewussyn enersyds of as strukturele beperking andersyds - 'n belangrike plek inneem in die Marxistiese hermeneutiek, wys Jameson (1981:285) daarop dat daar by verskeie skrywers aanduidings is van "a variety of options for articulating a properly Marxist version of meaning beyond the purely ideological"⁴⁹. Ten slotte kom Jameson tot 'n boeiende siening, naamlik dat

48 Die utopiese kommunistiese ideaal van 'n "ware kollektiewe logika" wat Jameson hier stel, toon ooreenkomste met die Bybelse siening van 'n hiernamaals waar God alles in almal sal wees (I Kor. 15:28).

49 Byvoorbeeld die utopiese ideaal, wat inherent deel is van die Marxisme, maar as term veral (deur

die opposisie tussen 'negatief' en 'positief' deur die **kollektiewe dialektiek** (Jameson, 1981:287) getransendeer kan word. Deur hierdie kollektiewe dialektiese denke word dit moontlik gemaak om te begryp dat oënskynlik onversoenbare (vir die Marxisme!) begrippe soos die ideologiese en die utopiese⁵⁰ in werklikheid binne 'n verenigde perspektief saam bestaan, hoewel so iets logies paradoksaal is. Jameson se siening hier is dat alle vorme van klassebewussyn (d.i. die ideologiese) wesenlik utopies is aangesien dit 'n allegoriese of figuurlike uitdrukking is van "the ultimate concrete collective life of an achieved Utopian or classless society" (Jameson, 1981:291). Omdat die gelyktydige teenwoordigheid van die ideologiese (die klasemaatskappy) en die utopiese ideaal van 'n klaslose gemeenskap na Jameson se mening erken moet word (wat baie ander ideologiesekritici nie doen nie), kom hy tot die slotsom dat die **negatiewe Marxistiese hermeneutiek** (d.i. ideologiese analises) binne die teoretiese raamwerk wat hy voorstel gehandhaaf moet word, sonder dat die **positiewe Marxistiese hermeneutiek** (die ontsyfering van utopiese impulse in tekste) agterweë gelaat word (Jameson, 1981:296). Alleen op hierdie wyse kan Marxistiese kulturele (en literêre) studies, as sosiale wetenskapsbeoefening by uitstek, 'n rol speel in die politieke praxis.

Elders in *The Political Unconscious* raak Jameson die probleem van die **subjek** aan in terme wat sterk herinner aan Althusser se siening (vgl. 2.1.4). Omdat die utopiese, kollektiewe gemeenskap nog nie tot stand gekom het nie, word die individu steeds binne die fragmenterende kapitalistiese sisteem gekonstitueer as 'n gesentraliseerde subjek. Die heersende kritiese kode waarbinne kulturele analises plaasvind, is steeds etiese denke of kritiek, waardeur bepaalde metafisiese of sogenaamd humanisitiese beginsels as die ideaal voorgehou word. Volgens Jameson kan die pynlike, maar noodsaaklike desentralisering van die subjek se bewussyn slegs geskied deur middel van die dialektiek, aangesien die 'etiese' hierdeur getransendeer word in die rigting van die politieke en die kollektiewe (Jameson, 1982:60). Eers wanneer die burgerlike subjek as individu opgeneem word in 'n oorspronklike vorm van die kollektiewe sosiale lewe, kan die isolasie en eensydige

Jameson) gekoppel word aan Ernst Bloch (1959:395-409).

50 'n Bespreking van beskouinge oor die utopie sou 'n aparte studie verg. Veral die werk van Karl Mannheim (1936:49-222) en Paul Ricoeur (1986:269-314) kan hieroor geraadpleeg word. In die slotgedeelte van my ondersoek word daar kortliks gestel wat ek onder die term 'utopie' verstaan (vgl. 7.2.2).

outonomieit waarin hy/sy hom/haar bevind opgehef word sodat die individuele bewussyn waarlik geleef kan word.

Een van die belangrikste punte van kritiek wat daar na my mening teen Jameson se teoretiese en metodologiese voorstelle (soos uitgespel in *The Political Unconscious*) ingebring kan word, is juis dat hy, soos afgelei kan word uit die bespreking hierbo, waarskynlik oormatige klem lê op die kollektiewe. Butler (1984:134) verwoord hierdie beswaar in terme van die implikasies daarvan vir die morele aspek van die politieke: "There is, (...) an inescapable second-order responsibility for moral and political beliefs, which will always rest with the individual". Die gevaar bestaan dat die individu (of is daar net subjekte?) steeds - soos die literêre 'karakter' - beskou sal word as 'n "effect of the system" (Jameson, 1981:243) en nooit in eie reg as 'n persoon met 'n volledige identiteit nie. Dat Jameson 'individuele' kulturele en literêre teoretici en kritici oproep tot die opneem van hul verantwoordelikheid binne die sosiale totaliteit, kan egter nie ontken word nie. Veral om hierdie rede sal die werkdefinisie wat vervolgens saamgestel word, in 'n aansienlike mate steun op insigte wat in *The Political Unconscious* verwoord is.

2.3.5 'n Werkdefinisie van literêre ideologiekritiek

Uit die voorafgaande gedeelte kan daar afgelei word dat Marxistiese ideologiekritiek haas nie met die neerskrif van 'n paar hoofgedagtes opgesom kan word nie. Dit lyk vir my egter wel moontlik om 'n sentrale uitgangspunt te stel wat vir alle eksponente van ideologiekritiese benaderings sou kon geld, naamlik die oortuiging dat die literatuur sodanig 'n integrerende deel vorm van die totaliteit van 'n gemeenskap met al sy fasette dat literêre tekste nooit in isolasie ondersoek behoort te word nie. Hieruit volg dan dat 'n literêre ondersoeker sy verantwoordelikheid teenoor die totale gemeenskap waarin hy werk, moet opneem wanneer hy sy taak verrig.⁵¹ 'n Christen-literator behoort die welsyn van sy medemens (myns insiens) ook in so 'n mate op die hart te dra dat literêre kritiek vir hom of haar ook altyd, op direkte of meer indirekte wyse, maatskappyanalise sal

51 Hoewel nie een van die Marxistiese literêre kritici wat bespreek is blyke toon van 'n Bybelse antropologie nie, vind ek vanuit 'n geloofsoogpunt veel groter aansluiting by die wyse waarop hulle met die sosiale verantwoordelikheid van die literêre ondersoeker omgaan, as by diegene wat 'n teksimmanente, 'n 'objektief-literêre' of 'n 'suiwer wetenskaplike' (positivistiese) benadering bepleit.

wees (vgl. wat onder 2.3.1 gesê is in hierdie verband). In 'n klassegemeenskap (ook een wat verdeel is op grond van ras soos dié in Suid-Afrika), waar menseverhoudinge so ingrypend beïnvloed word deur sosio-ekonomiese en politieke faktore, kan byna geen vakwetenskap beoefen word sonder dat daar besin word oor die moontlike bydrae wat dit kan maak ter normalisering van verhoudinge in 'n hoogs abnormale gemeenskap nie.

Die werkdefinisie van die begrip ideologie wat hierbo reeds gestel is (vgl. 2.1.6), dien hier as vertrekpunt en sal, om herhaling te voorkom, nie weer uiteengesit word nie. Omdat die **literatuur as diskoers** by uitstek deel vorm van die **diskursiewe magsverhoudinge** binne die maatskappy, staan dit midde in die **ideologiese magstryd** wat inherent deel is van 'n klasse- (en veral rasse-) maatskappy. Dat die **ideologiese diskoers** in 'n literêre teks ter sprake sal kom by die analise en bespreking daarvan spreek dus, na my mening, vanself. Die wyse waarop hierdie ideologiese diskoers geïnterpreteer word, sal afhang van die **posisie van die ondersoeker self**, 'n posisie wat hy/sy verkieslik duidelik moet uitspel.⁵² Omdat ek myself allermens van hierdie vereiste wil uitsluit, wend ek vervolgens 'n poging aan om my eie standpunt te verduidelik.

My siening is naamlik dat dit in die aard van die literatuur is om **betekenis en semiotiese waarde** toe te ken aan dit wat in 'n gemeenskap gebeur en ervaar word. Die wyse waarop daar deur taal betekenis en waardes toegeken word, toon eksplisiete en implisiete blyke van die stryd om **simboliese en werklike mag** te bekom en te behou ter wille van spesifieke **belange**. Wanneer daar in 'n samelewing 'n uiters oneweredige verspreiding van sosiale, politieke en ekonomiese mag is, sal daar **teenstrydighede** binne die gemeenskap aanwesig wees waarvoor daar **oplossings** gevind moet word. Aangesien die middele om sodanige kontradiksies op te hef (sonder dat die hegemoniese groep skade lei!) gewoonlik ontbreek, word die kontradiksies **gerepresenteer** en vorm dit later deel van die **kollektiewe onbewuste** van die gemeenskap. As synde deel van 'n kollektiewe sosio-politieke onbewuste word hierdie onopgeloste teenstrydighede dan op indirekte, implisiete wyses gerepresenteer in die literatuur.

52 Diegene wat die **indruk** probeer skep dat hulle neutrale, objektiewe en wetenskaplike oordeel oor die literatuur vel, wil **dikwels** onbewustelik juis 'n onaantasbare magposisie vir hulleself opeis - en dit kan geld vir Christene sowel as Marxiste!

Omdat daar verskeie moontlikhede bestaan vir die soort rol wat 'n literêre teks kan vervul in die kollektiewe soeke na oplossings vir die kontradiksies in die gemeenskap, moet die ondersoeker bedag wees op die aard van die **sosiaal-simboliese handeling** wat die betrokke teks verteenwoordig of verwoord. Ek wil hier aansluit by Jameson se siening (vgl. 2.3.4) van die literêre teks as 'n sosiaal-simboliese handeling, oftewel **taalhandeling**, waarin die onderliggende kontradiksies in die kollektiewe (politieke) onbewuste van 'n gemeenskap op die vlak van die verbeelding opgelos word; sodoende vervul die teks egter juis 'n **ideologiese funksie**, naamlik die verdoeseling van die werklike teenstrydighede deur hulle op **denkbeeldige wyse** op te los. Die ongeveer paradoksale wyse waarop 'n literêre teks 'simboliese handeling' wil wees binne sy sosiale konteks is 'n uifers komplekse saak wat moeilik te bepaal is, veral ook vanweë die feit dat die ondersoeker se eie stellingname sy siening van hierdie aspek meestal beïnvloed. Ek wil vervolgens, vanuit 'n ideologiekritiese oogpunt, enkele moontlikhede aandui van die soort rol wat 'n teks kan vervul wanneer dit 'n sosiaal-simboliese taalhandeling word.

'n Literêre werk kan eksplisiet ideologiekrities te werk gaan deur die sosiale, morele en ander teenstrydighede in die gemeenskap (tans of in die verlede) doelbewus te representeer en te verwoord as synde onaanvaarbaar en ongewens, sodat daar aanduidings sal wees van 'n poging om die *status quo* te verander. Indien sosiale ongelykheid en onreg egter kritiekloos aan die orde gestel word as synde onvermydelik, verloor sodanige werk sy ideologiekritiese funksie en moet die kritikus as't ware ingryp deur die werk as **konserwatief** uit te wys en dit binne sosiale konteks te plaas. Wanneer 'n teks toekomstgerig is, kan dit onder meer dien as waarskuwing (deur die uiteinde van die voortsetting van die *status quo* as katastrofaal voor te hou); dit kan ook **progressief** wees deur moontlikhede te verwoord vir die opheffing van kontradiksies en die oorkoming van ideologiese beperkings; of dit kan die toekoms representeer as sou daar rustig op die vertroude patroon voortgeborduur kon word sonder aanduidings van ongerymdhede binne die sosiale konteks, in welke geval dit weer eens as **konserwatief** beskou kan word. Watter soort ideologiese diskoers daar ook al in 'n teks teenwoordig is, geld die volgende beginsel steeds: hoewel 'n teks 'n (kommunikatiewe) handeling is en sodoende 'n daadwerklike rol wil speel in die **handhawing of omverwerping van diskursiewe outoriteit**, geskied dit alles nog slegs op simboliese, denkbeeldige vlak

en bly die werklikheid wesenlik onveranderd, tensy die lesers van sodanige teks tot progressiewe optrede sou oorgaan!

Omdat ek in die ondersoek op die Afrikaanse literatuur wil fokus (hoewel nie in isolasie nie), sal **literêr-estetiese oorwegings** uiteraard ook in berekening gebring word wanneer individuele tekste ideologiekrities ondersoek word. Aangesien sulke 'literêr-estetiese' norme **ideologies verdag** kan wees, sal die **relatiewe en relasionele waarde** daarvan steeds erken moet word wanneer daar sulke oordele uitgespreek word oor die tekste. Ek kan my egter in hierdie stadium moeilik voorstel dat die literêre en die ideologiekritiese oordele oor eietydse Afrikaanse tekste los van mekaar sou kon funksioneer: 'n Afrikaanse roman wat in die tagtigerjare geskryf is sonder enige blyke van 'n bewustheid van (byvoorbeeld) die vervreemding, ideologiegeladenheid, magsmisbruik, sosiale teenstrydighede of utopiese verlangens wat deel is van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, se estetiese waarde sal waarskynlik ook in die gedrang kom (soos ek dit sien). Hoewel die sieninge van ideologiekritici wat op die Afrikaanse literêre toneel werksaam is nie eksplisiet in hierdie werkdefinisie aanwesig is nie, sluit my siening van literêre kritiek as maatskappyanalise (met die oog op 'n progressiewe invloed op die eietydse politieke situasie) aan by die doelstellinge wat hulle nastreef (soos uiteengesit sal word in 3.2).

Aangesien ek in hierdie studie juis streef na die **verbreking van diskursiewe outoriteit** en die **integrasie** van hierdie verbreking in die algemene stryd om 'n regverdiger samelewing, wil ek die ideologiekritiek op **demokratiese wyse** aanwend as 'n model binne 'n veelheid van interpretasiemoontlikhede vir die literatuur (vgl. Degenaar, 1987:159). Die taalhandelingssteorie word in die ondersoek betrek ten einde die pragmatiese en sosiale implikasies van die taalgebruik in die literêre tekste te betrek, en nie om 'n 'wetenskaplike' magsoosisie te probeer inneem nie. Vervolgens word daar 'n oorsig gegee van daardie aspekte van die taalhandelingssteorie wat moontlik vir my ondersoek bruikbaar sou kon wees.

2.4 Taalhandelinge

2.4.1 Die pragmatiek en die taalhandelingssteorie

In die mees algemene sin van die woord dui die term **pragmatiek** primêr op "de

wetenskap van het handelen" (Van Dijk, 1978a:9), sodat - na analogie hiervan - die **linguistiese pragmatiek** dan die wetenskap van taalhandelinge is, dit wil sê daardie handelinge wat 'n mens verrig deur die gebruik van taal in 'n bepaalde sosiale konteks. Die volgende uitspraak van Fanto (1980:280) oor die pragmatiek dui die oorsprong daarvan in die **semiotiek** egter so duidelik aan dat ek eers daarop wil ingaan: "The discipline of semiotics includes as one of its fields of speciality pragmatics, which studies the use of sign systems."

Levinson (1983:1 e.v.) wys dan ook daarop dat die moderne gebruik van die term 'pragmatiek' terughertoe kan word na die filosoof Charles Morris (1938) wat 'n poging aangewend het om 'n wetenskap van tekens te omlin, en dit **semiotiek** genoem het. Die drie vertakkinge vir ondersoek wat Morris onderskei het binne die semiotiek, is **sintaksis** (die bestudering van die formele relasies van die tekens tot mekaar), **semantiek** (die bestudering van betekenis, oftewel die relasie van die tekens tot die objekte waarop dit van toepassing is) en **pragmatiek** as die bestudering van "the relation of signs to interpreters" (Morris, 1938:6)⁵³. Binne elk van hierdie vertakkinge van die semiotiek kan daar dan onderskei word tussen 'suiwer' studies waarin daar uitgebrei word op die relevante metataal van die ondersoekterrein, en deskriptiewe studies waarin die metataal toegepas word op die beskrywing van spesifieke tekens en hulle gebruike.

Die onderskeid wat Morris getref het tussen semantiek en pragmatiek het algaande meer problematies geblyk te wees as wat op die oog af die geval was. Weliswaar word daar algemeen onderskei tussen die sin met sy 'natuurlike', gekonvensionaliseerde **sinsbetekenis** (*sentence-meaning*) en die **uiting**, wat eerder **sprekerbetekenis** (*speaker-meaning*) het⁵⁴. Dit kom dus daarop neer dat wanneer 'n bepaalde sin verenig word met die **kommunikatiewe konteks** waarin dit gebesig word, dit beskou word as 'n uiting (*utterance*). Om egter die sin tot die ondersoekterrein van die semantiek en die uiting tot dié van die pragmatiek te

53 Volgens hierdie omskrywings wil dit voorkom asof die pragmatiek bloot 'n onderafdeling van die semantiek is. Searle *et al.* (1980:viii) wys daarop dat Morris in 1946 hierdie onbevredigende onderskeid tussen semantiek en pragmatiek probeer regstel het deur laasgenoemde te herdefinieer as daardie vertakking van semiotiek wat 'n studie maak van die oorspronge, gebruike en effekte van tekens.

54 Levinson (1983:16 e.v.) bring hierdie onderskeid in verband met die filosoof H.P. Grice se siening aangaande "natural meaning" teenoor "non-natural meaning" (*meaning-nn*). Vgl. bespreking verderaan.

beperk, sou neerkom op 'n onhoudbare vereenvoudiging.⁵⁵ Levinson (1983:18) wys desnieteenstaande daarop dat die onderskeid tussen sin en uiting vir sowel die semantiek as die pragmatiek van fundamentele belang is, en definieer die twee begrippe dan soos volg: "a sentence is an abstract theoretical entity defined within a theory of grammar, while an utterance is the issuance of a sentence, a sentence-analogue, or sentence-fragment, in an actual context". 'n Verdere verfyning van die terminologie wat aandag verdien, is dié van Van Dijk (1978b:71) wat daarop wys dat die begrip 'taaluiting' (*utterance*) dubbelsinnig is aangesien dit sowel kan verwys na die 'objek' wat geuit word as na 'n handeling, naamlik die uiting van daardie 'objek'. Vir die doeleindes van sy skrywe los hy die probleem soos volg op: "Om deze instruktiewe dubbelzinnigheid verder te vermijden zullen we het objekt dat geuit wordt de 'taaluiting' blijven noemen, en de handeling(en) die daarmee wordt verricht een *taalhandeling* of *taaldaad*." Wanneer hierdie taaluiting se abstrakte struktuur dan bestudeer word, is daar sprake van 'n grammatikale ondersoek; die taak van die **pragmatiek** is egter om die taaluiting in sy funksie as **taalhandeling** met 'n bepaalde konteks⁵⁶ te bestudeer (vgl. Van Dijk, 1978a:10).

Ons het reeds gesien dat pragmatiek deur sommige beskou word as die wetenskap van die **taalhandeling** of in semiologiese terme as die **gebruik van tekensisteme**; dit word ook soms beskryf as die **studie van taalgebruik** (Levinson 1983:5)⁵⁷. Omdat hierdie vereenvoudigde definisies nog nie 'n duidelike aanduiding gee van wat pragmatiki in werklikheid doen nie, moet die term nader omskryf word (ook met die oog daarop om dit te onderskei van die psigo- en die sosiolinguistiek). 'n Meer inklusiewe definisie wat Levinson (1983:27) voorstel, is die volgende:

55 Ek wil nie hierdie komplekse saak volledig uiteensit nie. Searle *et al.* (1980:xi) wys bv. daarop dat die illokutiewe krag van 'n uiting ook deel is van die betekenis, soos enige ander semantiese komponent; semantiek sou egter weer beskou kon word as 'n onderdeel van pragmatiek, bv. as daardie vertakking wat wil bepaal hoe die letterlike betekenis van sinne gebruiksvoorwaardes bepaal.

56 Dit is nogeens belangrik om daarop te wys dat dit nie werklik moontlik is om die 'konteksvrye' betekenis van 'n linguistiese uitdrukking te bepaal nie: "even the strictly conventionalized usage is always related to a background of unstated assumptions and practices", wys Searle *et al.* (1980:x-xi) tereg uit. Hierdie siening kom ooreen met dié van ideologiekritici soos Frow e.a. (vgl. 2.3.3) wat die bestaan van 'n ideologievrye, magsvrye posisie binne taal ontken.

57 Traugott & Pratt (1980:226) verwys na pragmatiek as "the part of linguistics that deals with language use".

"Pragmatics is the study of **deixis** (at least in part), **implicature**, **presupposition**, **speech acts**, and aspects of discourse structure."⁵⁸ (beklemtoning deur my - MAR)

Volgens hierdie omskrywing is die bestudering van taalhandelinge slegs 'n onderafdeling van die pragmatiek; in ander word daar groter prominensie verleen aan die plek van taalhandelinge binne die terrein van die pragmatiek. Volgens Van Dijk (1978a:10) het die pragmatiek, soos wat dit die afgelope twintig jaar in die taalfilosofie en taalwetenskap ontwikkel het, as sentrale objek van ondersoek die taalhandelinge of taaldade wat deur taalgebruikers verrig word in 'n kommunikatiewe konteks. Elders definieer Van Dijk (1978b:71) die pragmatiek as "de wetenskap die zich bezighoudt met de studie van taalhandelingen en meer in het algemeen funkties van taaluitingen - en hun eigenschappen - in kommunikatieprocessen". Hoewel Van Dijk se siening van die pragmatiek op die oog af enger lyk as die definisie van Levinson wat hierbo aangehaal is, sou 'n mens die twee kon versoen deur daarop te wys dat daardie aspekte van taalgebruik wat Levinson naas die taalhandeling plaas (nl. deiksis, gespreksimplikasie, vooronderstelling en diskoersstruktuur) deel vorm van die "kommunikatieprocessen" waarna Van Dijk verwys, en dat dit so nou verweef is met die hele kwessie van taalhandelinge dat dit in elk geval ter sprake sal wees wanneer die taalhandelingsteorie op (byvoorbeeld) die literêre gespreksituasie van toepassing gemaak sou word - soos wat ek met hierdie studie beoog.

Die term **taalhandelinge** word deur Afrikaanse linguïste en literatoure gebruik wanneer daar verwys word na J.L. Austin se term 'speech acts'⁵⁹. Die rede hiervoor stem ooreen met die volgende standpunt van Lyons (1980:172): "Actually, the term 'speech act' itself is somewhat misleading. Apart from anything else, it throws too much emphasis upon that part of the production of utterances which results in their inscription in the physical medium of sound. 'Language act' would be a much better term." Cloete (1984:14) sluit hierby aan as hy die volgende sê: "Austin se 'speech act'

58 Die terme wat Levinson hier gebruik, nl. 'deiksis', 'implikasie', 'vooronderstelling' en 'diskoersstruktuur', sal mettertyd aan die orde gestel word.

59 Volgens Lanigan (1977:41-42) gebruik Austin doelbewus die term "speech act" vir sy linguïstiese fenomenologie - en nie die 'statische' naam "language act" nie: "Speech implies the process in which a state of affairs, an act, is generated by a performance."

is 'n *taalhandeling*, nie alleen 'n *spraakhandeling* nie, omdat dit, veral met betrekking tot die literatuur, ook 'n geskrewe handeling kan wees." Nederlandse teoretici soos Van Dijk (1978a) praat eweneens van "taalhandelinge" wanneer dit gaan om taaluitinge wat met 'n bepaalde sosiale funksie gedoen word, teenoor "spreekuitinge" en "betekenisuitinge" wat bloot aandui dat iemand iets sê, ongeag of daar sprake is van sosiale interaksie.

Omdat die terrein van die taalhandeling deur verskillende taalfilosowe, linguïste en andere nie presies dieselfde afgebaken word nie, stem uiteensettings van wat 'n taalhandeling nou eintlik is nie heeltemal ooreen nie. Enkele omskrywings en definisies wat bruikbaar is binne die kader van my ondersoek, word vervolgens aan die orde gestel.

Die oorsprong van die gedagte dat taalgebruik wesenlik 'n handeling is, word deur Searle et al. (1980:vii) in die volgende terme uitgedruk: "The theory of speech acts starts with the assumption that the minimal unit of human communication is not a sentence or other expression, but rather the performance of certain kinds of acts ...". Die semiotikus Fanto (1980:280) beklemtoon die pragmatiese sy van die taalhandelingsteorie deur daarop te wys dat hierdie teorie beskryf hoe sprekers die linguïstiese sisteem van hulle gemeenskap gebruik; hierby voeg hy 'n opmerking van die filosofiese kant gesien: "The central tenet of speech act philosophy is, however, that any use of the language counts as part or all of a purposive action in a situation." Traugott en Pratt (1980:229) vervang die term "situation" met konteks en voeg die geadresseerde - tot wie die taalhandeling gerig word - eksplisiet by wanneer hulle sê dat die taalhandelingsteorie 'n uiting beskou as 'n handeling wat uitgevoer word deur 'n spreker in 'n bepaalde konteks "with respect to an addressee". Mary Pratt (1977:86) se omskrywing van die besondere bydrae van die taalhandelingsteorie, stel verskeie van die belangrikste aspekte aan die orde wat in die bespreking hierna ter sprake sal wees:

"In sum, speech act theory provides a way of talking about utterances not only in terms of their surface grammatical properties but also in terms of the **context** in which they are made, the **intentions**, **attitudes**, and **expectations** of the participants, the **relationships** existing between participants, and generally, the **unspoken rules** that are understood to be in play when an utterance is made and received." (beklemtonings deur my, MAR)

Die taalhandelings teorie kan met reg beskryf word as 'n Anglo-Amerikaanse bydrae tot die pragmatiek (vgl. Fanto 1980:280). Die Britse taalfilosoof J.L. Austin het die grondslag gelê vir hierdie teorie met sy welbekende William James-lesings te Harvard in 1955, wat vir die eerste keer (postuum) gepubliseer is onder die titel *How to do things with words*. Die twee belangrikste persone wat Austin se idees verder ontwikkel het, is John R. Searle en H. Paul Grice, beide taalfilosowe sowel as linguïste. Richard Ohmann en Mary Louise Pratt het op hulle beurt baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van toepassings van die taalhandelings teorie op literêre tekste. Aangesien die omvang van 'n onderwerp soos die taalhandelingsfilosofie en -teorie tans reeds byna ondoordringbaar is, sal ek my met die oog op die beperkte ruimte wat ek binne my ondersoek aan hierdie aspek kan afstaan, slegs bepaal by enkele tersaaklike teoretiese uitgangspunte wat in die werke van Austin, Searle en Grice aangetref word. Hierdie onderafdeling dien slegs as agtergrond vir die hieropvolgende gedeeltes (vgl. 2.4.2 - 2.4.4) waarin die toepassingsmoontlikhede van die taalhandelings teorie vir literêre ondersoek aan die orde gestel sal word.

Sover dit die filosofiese agtergrond van die taalhandelings teorie betref, kan daar gesê word dat Austin sy teorie die lig laat sien het as 'n korrektief op die analise van sinsbetekenis volgens die logiese parameters van waarheid/onwaarheid⁶⁰ binne die logiese positivisme, wat sedert die dertigerjare vir 'n dekade of wat in die Westerse wêreld gefloreer het⁶¹. Levinson (1983:227) omskryf die sentrale leerstelling van hierdie filosofiese buitensporigheid soos volg: "... unless a sentence can, at least in principle, be *verified* (i.e. tested for its truth or falsity), it was strictly speaking *meaningless*". Die praktiese implikasies van hierdie uitgangspunt is dan die volgende: "Of course it followed that most ethical, aesthetic and literary discourses, not to mention most everyday utterances, were simply meaningless" (Levinson, 1983:227). Dit was juis die siening dat taal slegs verstaan kan word deur middel van analitiese waarheidsbepalings (*truth conditions*) wat Austin (1976:148) wou omvergooi met uitsprake soos die volgende: "the total speech act in the total speech

60 Vgl. De Stadler (1989:446) oor die onhoudbaarheid van hierdie siening.

61 Onder sommige literatuurwetenskaplikes en literatore in Suid-Afrika leef die verifieerbaarheidskriterium van die logiese positivisme, in samehang met die gedagte van teksimmanente betekenis, steeds voort (vgl. die bespreking onder 3.1.1).

situation is the *only actual* phenomenon which, in the last resort, we are engaged in elucidating".

Vir Austin was die eerste bewys van die onhoudbaarheid van bogenoemde analitiese (logies-positivistiese) uitgangspunt die feit dat sekere sinne in algemene taalgebruik nie klaarblyklik gebruik word om stellings te maak wat waar of vals is nie. Austin het stellings en beskrywings gesamentlik **konstatiewe** genoem, en aanvanklik toegegee dat sulke uitinge aan die kriterium waar of vals gemeet kan word⁶² (bv. *Die kat sit op die mat*). Daar is egter, aldus Austin, ook uitinge wat nie as waar of vals getipeer kan word nie en waarvoor die volgende geld: "the uttering of the sentence is, or is a part of, the doing of an action, ..." (Austin, 1976:5), byvoorbeeld: *Ek wed jou dit gaan môre reën* of *Ek doop jou in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees* (om 'n voorbeeld uit eie konteks te gebruik). Laasgenoemde vorm byvoorbeeld deel van die doophandeling. Hierdie tweede groep uitinge noem Austin (1976:6-7) dan **performatiewe** en omskryf die term só: "The name is derived, of course, from 'perform', the usual verb with the noun 'action': it indicates that the issuing of the utterance is the performing of an action - it is not normally thought of as just saying something." Die kriterium wat hier geld is nie waar/vals nie, maar toepaslik/ontoepaslik⁶³. Na aanleiding van die redes waarom 'n performatief kan misluk, stel Austin dan 'n tipologie op van sogenaamde **toepaslikheidsvoorwaardes** (*felicity conditions*) waaraan 'n performatief moet voldoen om om geskik te wees in die spesifieke konteks.⁶⁴

Nadat Austin die konstatief/performatief-onderskeid mettertyd ter syde gestel het (vgl. voetnoot 62) - deur te verklaar dat elke uiting 'n handeling is wat kontekstuele inligting insluit en saamgestel is uit konvensionele prosedures - vervang hy dit met die onderskeid tussen **eksplisiete performatiewe** (die ou bekende klas) en **implisiete performatiewe**, wat die meeste (indien nie alle) ander uitinge insluit. Vervolgens stel

62 In die loop van die Harvard-lesings wys Austin egter daarop dat die waar/vals-kriterium meestal ook konteksgebonde is, sodat die onderskeid tussen konstatiewe en performatiewe algaande deur hom uitgewis word.

63 Austin (1976:25) noem die gevalle waar 'n performatief "unhappy" is, d.w.s. nie slaag nie, "types of Infelicity" - wantoepassings, onopregthede, beledigings, ens. (vgl. ook Austin, 1976:18).

64 Oftewel om "happy" te wees in Austin se terme. Wanneer Searle se bydrae hieronder bespreek word, sal daar op die toepaslikheidsvoorwaardes ingegaan word.

hy ook 'n nuwe formalisering voor wat vir alle uitinge geld, naamlik dat 'n spreker tegelyk drie dade uitvoer wanneer 'n sin geuiter, oftewel 'n taalhandeling uitgevoer word: die **lokutiewe**, **illokutiewe** en **perlokutiewe daad**⁶⁵. Die volgende bondige uiteensetting van Austin (1976:109) word duidelikhedshalwe volledig aangehaal:

"We first distinguished a group of things we do in saying something, which together we summed up by saying we perform a *locutionary act*, which is roughly equivalent to 'meaning' in the traditional sense. Second, we said that we also perform *illocutionary acts* such as informing, ordering, warning, undertaking, &c., i.e. utterances which have a certain (conventional) force. Thirdly, we may also perform *perlocutionary acts*: what we bring about or achieve by saying something, such as convincing, persuading, deterring, and even, say, surprising or misleading."

Binne hierdie drie dimensies van taalhandelinge dui Austin ook verdere verbesonderinge aan. Binne die **lokusie** onderskei hy byvoorbeeld drie taalhandelinge: 'n fonetiese, 'n fatiese en 'n retiese handeling. In 'n samevatting van wat hy hiermee bedoel, sit Austin (1976:95 e.v.) die drie begrippe soos volg uiteen: "The phonetic act is merely the act of uttering certain noises. The phatic act is the uttering of certain vocables or words, i.e. noises of certain types, belonging to and as belonging to a certain vocabulary, conforming to and as conforming to a certain grammar. The rhetic act is the performance of an act of using those vocables with a certain more-or-less definite sense and reference." Die verskil tussen die fatiese en die retiese handelinge kan met die volgende geïllustreer word: Wanneer ons 'n fatiese handeling rapporteer, klink dit sô: *Hy sê: Die kat is op die mat* (direkte rede); die retiese handeling rakende dieselfde geval sou wees: *Hy sê dat die kat op die mat is* (indirekte rede).⁶⁶ Teen die agtergrond van hierdie uiteensetting wys Austin ten slotte daarop dat die lokusie met al sy fasette die fokusterrein van die fonologie, sintaksis en semantiek is.

Die taalhandeling wat egter na Austin se opinie die eintlike performatief is en daarom deur die linguistiese pragmatiek ondersoek moet word, is die **illokusie**. 'n

65 Die terme 'lokusionêre', 'illokusionêre' en 'perlokusionêre' handeling word ook gebruik. Ek verkies egter De Stadler (1989) en Cloete (1984) se weergawe omdat dit korter is.

66 Cloete (1984:3) wys tereg daarop dat hierdie onderskeid van belang is vir die direkte en indirekte rede in die literêre werk, sowel as vir die vertelwyse oor die algemeen.

Belangrike eienskap van hierdie handeling is die illokutiewe krag (*illocutionary force*) daarvan, oftewel die betekenis (bedoeling) wat die spreker aan sy geadresseerde kommunikeer. 'n Kompakte definisie van die illokusie sou soos volg kon lui: "the illocution (is) the speaker's performance of an action in uttering words in a context" (vgl. Fanto, 1980:284). Op grond van die illokutiewe krag van elk onderskei Austin (1976:151 e.v.) ruweg die volgende vyf algemene klasse: (1) oordeelvellinge (*verdictives*), (2) beïnvloeders (*exertives*), (3) binders (*commissives*), (4) gedraers (*behabitives*), en (5) uiteensitters (*expositives*). Hierdie indeling word nie nader toegelig nie aangesien dit nie ná Austin veel aandag geniet het nie. Austin self was nie heeltemal gelukkig daarmee nie en het, vanweë sy afsterwe kort hierna, nooit die geleentheid gekry om dit te verfyn nie. Latere indelings, soos dié van Searle en andere, sou inderdaad veel akkurater en bruikbaar wees.⁶⁷

Uit die definisie wat hierbo aangehaal is, kan ons aflei dat 'n perlokusie neerkom op die bereiking van sekere effekte (sg. perlokusie-effekte) deur iets te sê, oftewel 'n taalhandeling te verrig (vgl. ook Austin, 1976:121). Hoewel Austin nie besonder veel aandag aan hierdie aspek (of dimensie) van die taalhandeling skenk nie⁶⁸, wend hy tog 'n taamlik uitvoerige poging aan om die onderskeid tussen illokusie en perlokusie te verduidelik.

As voorbeeld van die verskille tussen hierdie twee tipes taalhandelinge kan die volgende geneem word: Die uiting *Skiet haar!* kan in die gepaste omstandighede die illokutiewe krag hê van (onderskeidelik) die aangesprokene (manlik, bv.) te beveel / aan te moedig / te dwing om 'haar' te skiet. Dieselfde uiting sou die perlokusie-effek kon hê dat die aangesprokene daartoe gedwing/oorreed/verplig word om *haar* te skiet. ('n Bykomende perlokusie-effek sou kon wees dat sy bevrees raak!) Levinson (1983:237) bring die onderskeid wat Austin tref só onder woorde: "In sum, then, the illocutionary act is what is directly achieved by the conventional force associated with the issuance of a certain kind of utterance in accord with a conventional procedure, and is consequently determinate (in principle at least). In contrast, a perlocutionary act is specific to the circumstances of issuance, and is therefore not conventionally achieved just by uttering that particular utterance, and

67 Searle se taksonomie van illokusiehandelinge word hieronder uiteengesit.

68 Fanto (1980:284) wys daarop dat Austin die perlokusie tot die terrein van die retorika gereken het, en dat nie hy of sy opvolgers veel aandag daaraan (of aan die lokusie) gewy het nie.

includes all those effects, intended or unintended, often indeterminate, that some particular utterances in a particular situation may cause." Die perlokusie is dus "die handeling van die aangesprokene/gehoor; dit is die effek of konsekwensie (...) van die illokusie by die hoorder/gehoor" (Cloete, 1984:3).

Hoewel die perlokusie en Austin se beklemtoning van die interaksionele aspek (d.w.s. wat die ontvanger van 'n illokutiewe handeling moet dink of doen) nie deur sy opvolgers uitgebou is nie⁶⁹, sal beide 'n belangrike rol speel in die teksontledings wat in my ondersoek gedoen gaan word. Ter wille van groter duidelikheid oor die belangrike onderskeid tussen illokusie en perlokusie haal ek vervolgens vir De Bruyn (1990:hfst.5, p.6) aan:

"Waar die illokusiehandeling in die gesikhte omstandighede 'n spesifieke krag het en as performatiewe werkwoord in die eksplisiete vorm van 'n uiting kan voorkom, is die perlokusiehandeling 'n newe-effek, bedoeld of onbedoeld, wat met die uiting bereik word. Newe-effekte kan verder wees bedrieg, aanmoedig, irriteer, amuseer, inspireer, beïndruk, verveel, ens. Hierdie perlokusiehandelingswerkwoorde kan egter nie in die eksplisiete performatiewe uiting voorkom nie. Daar kan byvoorbeeld nie gesê word: * *Ek bedrieg jou nou hiermee daar is goud in die huis* nie".

Hierteenoor kan 'n illokusiehandelingswerkwoord wel in die eksplisiete performatiewe uiting⁷⁰ voorkom: *Ek adviseer/beveel/vra jou om verder te lees*. Ons kan verder sê dat die illokusiehandeling direk bereken en bedoel is, terwyl die perlokusiehandeling slegs 'n (bedoelde of onbedoelde) moontlikheid is wat konteksgebonde is.

Uit bogenoemde blyk dit dat die onderskeid tussen illokusiehandelinge en perlokusiehandelinge redelik duidelik te omlyn is. Hierteenoor lê die illokutiewe resultaat en die perlokusie-effek dikwels veel nader aan mekaar.⁷¹ 'n Mens sou kon

69 Levinson (1983:237) maak gewag van hierdie tekortkoming in die werk van latere teoretici.

70 Volgens De Stadler (1989:450) staan 'n taalhandeling bekend as 'n eksplisiete taalhandeling wanneer 'n performatiewe werkwoord teenwoordig is.

71 Van Dijk (1978a:61) stel die saak soos volg: "Een teoretisch probleem ligt echter in de precieze onderscheiding tussen enerzijds het illokutieve resultaat en het perlokutieve effek van taalhandelingen, een onderscheid dat we weliswaar voor handelingen in het algemeen redelijk goed konden definiëren,

sê dat eersgenoemde berus by die korrekte interpretasie van die taaluiting deur die hoorder, oftewel die korrekte rekonstruksie van die spreker se taalhandelingsintensie. Die perlokusie-effek is volgens Van Dijk (1978a:62) iets anders aangesien dit betrekking het op die deur die spreker bedoelde (of onbedoelde - MAR) verdere "mentale" en ander handeling van die hoorder wat berus op 'n interpretasie van die taalhandeling. Die volgende dien as illustrasie hiervan: "Een hoorder kan horen en begripen dat de spreker hem iets meedeelt, maar kan vervolgens besluiten de spreker al dan niet te geloven. Zo ook kan hij een dreiging aan zijn laars lappen, of een bevel niet opvolgen, een vraag ongeantwoord laten, of een beschuldiging voor wat ze is" (Van Dijk, 1978a:62). Hoewel taalhandelingsteoretici veral aandag geskenk het aan die illokusiehandeling, is die bedoelde en onbedoelde perlokusie sowel as die werklike perlokusie (-effek) van besondere belang wanneer daar na 'n literêre werk as ideologiese en/of ideologiekritiese taalhandeling gekyk word.

Die grondwerk wat gedoen is in *How to do things with words* het gelei tot 'n groot hoeveelheid filosofiese arbeid. 'n Invloedryke sistematisering van Austin se werk is gedoen deur John R. Searle, van wie Levinson (1983:238) die volgende sê: "In general, Searle's theory of speech acts is just Austin's systematized, in part rigidified, with sallies into the general theory of meaning, and connections to other philosophical issues." Searle se geneigdheid tot 'n te rigiede karakterisering van taalhandelinge spruit volgens Fanto (1980:284-285) voort uit die feit dat hy, soos Austin, daarop ingestel was om die analitiese filosowe se afwysende houding teenoor "ordinary language" teen te werk: "By rigorously formalizing Austin's insights about speech acts Searle was, in effect, proving to formal linguistics that human speech was a suitable object of theoretical knowledge." Deur sy werk het die taalhandelingsteorie inderdaad 'n besondere invloed op die linguistiek uitgeoefen (vgl. Levinson, 1983:237-238).

In *Speech acts* (1980) wend Searle 'n poging aan om 'n teoreties presiese weergawe van Austin se toepaslikheidsvoorwaardes (*felicity conditions*) daar te stel. Searle gaan van die standpunt uit dat toepaslikheidsvoorwaardes die taalhandeling konstitueer en reguleer: 'n spreker volg hulle om 'n illokutiewe taalhandeling voort te bring, en 'n mens beskryf hierdie handeling in terme van hierdie voorwaardes:

maar dat by taalhandelinge niet zonder meer duidelijk is."

(vgl. Fanto, 1980:285-286). Die klassifikasie van voorwaardes wat Searle saamstel na aanleiding van Austin se uiteensetting, is die volgende: Wanneer 'n spreker byvoorbeeld 'n **belofte** wil maak, moet hy die volgende reëls nakom: (1) reëls op die proposisionele inhoud (d.w.s. hy moet 'n toekomstige handeling van homself voorspel); (2) voorbereidende reëls/voorwaardes; (3) die '**opregtheidsvoorwaarde**' (d.w.s. die spreker het die bedoeling om die belofte uit te voer); en (4) die essensiële voorwaarde (d.w.s. die voorwaarde wat ten alle koste gehoorsaam moet word).⁷² Volgens die laaste reël geld die spreker se uiting (van 'n belofte) as die **handeling** van die op lê van die verpligting op homself om te doen wat hy belowe het; sodra die hoorder dan die spreker se **bedoeling** om te belowe herken, ontvang hy die illokutiewe krag van hierdie taalhandeling, dit wil sê hy begryp die betekenis daarvan. Dit is betekenisvol dat Searle **intensionaliteit** insluit wanneer hy die konstituerende reëls vir illokusies saamstel; Fanto (1980:286) stel Searle se motivering hiervoor soos volg: "he believes that pragmatics must take into consideration man's purposes for using language, purposes often neglected by formal linguistics".⁷³

'n Belangrike onderskeid wat Searle (1981:30 e.v.) tref, is dié tussen direkte taalhandelinge (eenvoudige gevalle waar die spreker 'n sin uiter en presies, letterlik bedoel wat hy sê) en **indirekte taalhandelinge**, waarna hy verwys as "cases in which one illocutionary act is performed indirectly by way of performing another" (Searle, 1981:31). 'n Stelling soos die volgende: *Ek wil hê dat jy dit moet doen* is toevallig ook bedoel as 'n stelling, maar word primêr bedoel as 'n versoek. "In such cases a sentence that contains the illocutionary force indicators for one kind of illocutionary act can be uttered to perform, *in addition*, another type of illocutionary act" (Searle, 1981:30).⁷⁴

In my bespreking van Searle wil ek volstaan deur 'n opsomming te gee van sy 'alternatiewe taksonomie van illokutiewe taalhandelinge' (Searle, 1981:12-29), wat

72 Vir 'n bondige verduideliking van hierdie reëls, vgl. (Fanto, 1980:286) en De Stadler (1989:456 e.v.). Veral van belang vir my studie is die eerlikheidsreël of -voorwaarde waarna Pratt (1986) dikwels verwys (vgl. 2.4.3).

73 By 'n literatuurondersoek waarin alle aspekte van die literêre kommunikasiesituasie in berekening gebring wil word, moet intensionaliteit sekerlik ook 'n beduidende hoevelheid aandag geniet.

74 Daar word teen die einde van hierdie onderafdeling weer verwys na indirekte taalhandelinge.

meer algemeen gebruik word as Austin se indeling. De Stadler (1989:468-269) se interpretasie van Searle (en andere) se taalhandelingsstipologie, sien soos volg daar uit:

- (i) **Konstaterende taalhandelinge**⁷⁵ (*representatives/assertives*) verwoord die spreker se geloof in die waarheid van 'n bepaalde proposisie en sy voorneme om dieselfde geloof by die hoorder te vestig (bv. stellings, voorspellings, beskrywings, bevestigings, ontkenings, teenkantings, dispute, reaktiewe taalhandelinge, suggesties en insinuasies);
- (ii) **Direktiewe** (*directives*) verwoord die spreker se houding t.o.v. 'n toekomstige handeling van die hoorder; 'n poging van die kant van die spreker om die hoorder iets te laat doen (bv. versoeke, bevele, toestemmings, verbiedinge, advies, wenke, skimpe);
- (iii) **Verbintenisse** (*commissives*) verwoord die spreker se aanvaarding dat die uiting van die betrokke taalhandeling die spreker onder 'n verpligting plaas om 'n toekomstige handeling uit te voer (bv. beloftes, dreigemente, aanbiedinge);
- (iv) **Erkennings of emotiewe taalhandelinge** (*expressives*) verwoord die een of ander gevoel van die spreker (as 'n psigologiese ingesteldheid) teenoor die hoorder of teenoor die toestand wat in die proposisionele inhoud beskryf word (bv. apologie aanteken, deelneming betuig, gelukwens, verwelkom, groet, dank betuig, wens, aanvaar, weierings/verwerpings);
- (v) **Konvensionele taalhandelinge** (*declarations*) wat as vorme van geïnstitutionaliseerde gedrag beskou kan word en eintlik niks anders as konvensies is nie. Hulle bewerkstellig naamlik verandering in die institusionele toedrag van sake bloot deur die feit van hulle gebruik (bv. oorlog verklaar, doop, wed, afdank).⁷⁶

Die bydrae van H.P. Grice is ongeveer volledig vervat in die William James-lesings, getiteld *Logic and conversation*, wat hy in 1967 te Harvard gehou het en waarvan slegs gedeeltes in die vorm van artikels gepubliseer is. Ook Grice het van die

75 Die vertalings van Searle se terme wat De Bruyn (1990:hfst.5, p.12) voorstel, is (in dieselfde volgorde): (1) beweerders, (2) stuurders, (3) verbinders, (4) uitdrukkers en (5) verklaarders.

76 Traugott & Pratt (1980:229) bied 'n effens meer volledige klassifikasie van die tipes illokusies, en voeg een daarby, nl. *Verdictives*, wat 'n bevinding lewer aangaande waarde gemeet teen 'n bepaalde skaal (waardeer, skat, kategoriseer, ens.). Ter wille van akkuraatheid is die Afrikaanse terme wat in my ondersoek sal geld, bloot direkte vertalings van die ses wat pas genoem is.

standpunt uitgegaan dat gewone, alledaagse taalgebruik 'n vrugbare ondersoekterrein kan wees. Teenoor dié filosowe wat slegs formele logika wou bestudeer, stel hy dat die mens gesprekstaal nie net rasioneel kon aanwend nie, maar dat hy/sy ook beginsels wat die algemene rasionele gedrag van die mens bepaal, volg wanneer hy/sy gesprekstaal gebruik (vgl. hieroor Fanto, 1980:295).

Omdat Grice die gesprek sien as doelgerigte, rasionele gedrag, formuleer hy reëls wat die mens se optrede tydens gespreksvoering verduidelik. As sentrale gedagte stel hy die **samewerkingsbeginsel**, oftewel die "*Cooperative Principle*" (CP) - "in der waarheid 'n appèl wat deur die spreker gemaak word op die hoorder(s) om saam te werk aan die gesprek" (Van Coller & Van Rensburg, 1982:218). Grice (1975:45) omskryf hierdie algemene beginsel soos volg: "Make your conversational contribution such as is required, at the stage at which it occurs, by the accepted purpose or direction of the talk exchange in which you are engaged." Hy onderskei dan vier reëls (*Maxims*), oftewel kategorieë gespreksvoorwaardes:

1. **Ekonomie of Kwantiteit** (*Maxims of Quantity*): Lewer jou bydrae so informatief as wat nodig is vir die doeleindes van die gesprek (nie meer of minder nie).
2. **Opreghtheid of Kwaliteit** (*Maxims of Quality*): Probeer om jou bydrae waar te laat wees, in die besonder: moet nie sê wat na die beste van jou wete onwaar is nie, en moet nie iets sê as jy nie voldoende bewys het dat dit waar is nie.
3. **Relevansie of Relatiwiteit** (*Maxims of Relation*): Wees relevant.
4. **Wyse** (*Maxims of Manner*): Wees oordeelkundig. Vermoed dus onduidelike uitdrukkings, dubbelsinnigheid, omslagtigheid - en wees georden.⁷⁷

Die nakoming van hierdie gespreksvoorwaardes dui daarop dat die spreker bedoel wat hy sê; indien enige daarvan egter oortree sou word, hou dit bepaalde implikasies in vir die betrokke gesprek. Hiermee kom Grice se teorie van **gespreksimplikasie** (*conversational implicature*)⁷⁸ aan die orde. Voordat ons verder

77 Die gespreksvoorwaardes is aangepas uit Grice (1975:45-46); die Afrikaanse terme 'ekonomie', 'opreghtheid' en 'relevansie' is oorgeneem uit Van Coller & Van Rensburg (1982:219).

78 Om die term 'implikasie' vir *implicature* te gebruik, is na sommige teoretici se mening nie sonder

hierop ingaan, is dit nodig om slegs vlugtig aan te sluit by Grice se onderskeid tussen "natural meaning" en "non-natural meaning" (*meaning-nn*) waarna hierbo reeds verwys is (vgl. voetnoot 54). Volgens Grice dui *meaning-nn* op die **intensionele kommunikasie** van betekenis wat doelbewus **verskillend** is van die 'natuurlike' betekenis van 'n sin. Dit gaan dus nie hier oor willekeurige afleidings wat van 'n uiting gemaak kan word nie, maar slegs om 'kommunikatiewe' afleidings, dit wil sê daardie afleidings wat bedoel is om as bedoel herken te word. Implikasies, soos Grice dit bedoel **het**, is altyd van hierdie bedoelde soort afleidings waarvan daar in die teorie van *meaning-nn* sprake is.

Van Dijk (1978a:23) se beskrywing van Grice se *implicatures* werp verdere lig op die aard daarvan: Met die begrip implikasie word bedoel dat die uiting van 'n bepaalde sin in 'n bepaalde konteks, byvoorbeeld van 'n gesprek, ook nog ander dinge kan impliseer as dié wat 'n mens op grond van die betekenis van die sin kan aflei - informasie oor die konteks, die gemoedstoestand van die spreker, bepaalde veronderstellinge van die spreker aangaande die hoorder, en so meer. Die wyse waarop *implicatures* verskil van logiese, semantiese implikasies word deur Levinson (1980:104) uiteengesit: "For implicatures are not semantic inferences, but rather inferences based on both the content of what has been said and some specific assumptions about the co-operative nature of ordinary verbal interaction." Wanneer daar sprake is van die intensionele oortreding van gespreksvoorwaardes met die doel om 'n bepaalde betekenis by die ontvanger tuis te bring, behoort die term **gespreksimplikasies** na regte gebruik te word.

Ten einde sy idee van gespreksimplikasie te kan verduidelik, wys Grice (1975:49) eers op die moontlike wyses waarop 'n spreker die gespreksvoorwaardes kan oortree:

1. Hy kan stilweg en onopsigtelik 'n voorwaarde **oortree** en sodoende in sommige gevalle aanspreeklik wees vir misleiding.

meer aanvaarbaar nie. Van Dijk (1978a:23) wys daarop dat Grice sy term (*implicature*) invoer naas die bestaande semantiese begrip 'implikasie' (*implication*). In die pramatiek word implikasie egter so algemeen gebruik vir *implicature* dat ek dit ook so aanwend. Wanneer daar vervolgens na 'implikasies' verwys word, dien dit bloot as verkorte vorm vir 'gespreksimplikasies', want dit is eintlik waaroor dit hier gaan (vgl. ook voetnoot 97).

2. Hy kan **uittree** (*opt out*), of homself distansieer van die werking van die voorwaarde of die samewerkingsbeginsel, deur byvoorbeeld te verklaar: *Ek mag niks meer sê nie*.

3. Hy mag voor 'n **botsing** te staan kom: hy kan byvoorbeeld nie daartoe in staat wees om die voorwaarde van ekonomie of kwantiteit (wees so informatief as wat nodig is) na te kom sonder om dié van opregtheid (moet nie iets sê waarvan jy nie seker is nie) te oortree nie.

4. Hy kan 'n voorwaarde **verontagsaam** (*flout*); dit wil sê blatant in gebreke bly om daaraan te voldoen.

Volgens Grice se verduideliking bring die eerste drie oortredings die samewerkingsbeginsel in die gedrang (in die geval van 2. eindig die gesprek bv. gewoonlik). Gespreksimplikasies behoort egter eerder tot die vierde oortreding, verontagsaming: In hierdie geval, aldus Grice, bly 'n spreker in gebreke om aan 'n voorwaarde te voldoen terwyl hy die samewerkingsbeginsel in stand hou ten einde 'n betekenis te kommunikeer bykomend tot dit wat hy gesê het. "And the hearer infers this meaning because he recognizes that the speaker is flouting or exploiting some Maxim, not violating it in one of the other three ways, in accordance with the purpose of the conversation (CP)" (Fanto, 1980:297). Implikasies is dus die gevolg van die **intensionele** eksploitering van gespreksvoorwaardes vir 'n bepaalde **kommunikatiewe doel**. Grice noem hier sekere voorbeelde van implikasie wat vir die literatuurwetenskap van belang is: **ironie**, **meiose**, die **hiperbool** (verontagsaming van die voorwaarde van opregtheid); en **dubbelsinnigheid** en **onduidelikheid** (verontagsaming van die voorwaarde van wyse). Ook by die **metafoor** word die oortreding van 'n gespreksvoorwaarde doelbewus uitgebuit. Wanneer sulke stylfigure gebruik word, word daar telkens staat gemaak op die mens se algemene kognitiewe vermoë om a-logies te redeneer (vgl. Levinson, 1983:161).

Grice se teorie van implikasies word uiteindelik 'n omvattende en gekompliseerde beskouing waarop ek nie hier vollediger wil ingaan nie.⁷⁹ Hierbo het ek reeds

⁷⁹ Anker (1987) se dissertasie, wat bespreek word onder 3.3.3, illustreer die teorie van gespreksimplikasies se toepassingsmoontlikhede binne die literatuurondersoek.

daarop gewys dat gespreksimplikasies 'n spesiale soort pragmatiese afleiding is, wat inhou dat sodanige afleidings nie as bloot semanties (d.w.s. as sou dit slegs betrekking hê op die betekenis van woorde, frases of sinne) beskou kan word nie, maar gebaseer is op sekere kontekstuele aannames rakende die samewerking van deelnemers aan 'n gesprek. De Stadler (1989:504 e.v.) onderskei naas hierdie gespreksimplikasies 'n ander tipe implikasieverskynsel, naamlik **vooronderstelling of presupposisie**. Hierdie tipe pragmatiese afleiding is eweneens besonder sensitief vir kontekstuele faktore, hoewel nie in dieselfde mate nie⁸⁰. De Bruyn (1982:52) laat hom soos volg hieroor uit: "*Vooronderstellings* gaan in hoofsaak oor *gedeelde kennis* - kennis wat die spreker en die hoorder gemeenskaplik besit ten tye van 'n spesifieke uiting", en voeg dan by dat dit meer korrek sou wees om te beweer dat die spreker van opinie is dat sekere kennis deur homself en sy hoorder gedeel word. Hierdie gedeelde feite, kennis en oordele wat as agtergrondskennis aanvaar word tussen diskoersgenote, kan verder ook beskryf word as geskiktheidsvoorwaardes vir die gesprek (vgl. De Bruyn, 1990:hfst.1, p.12).

Levinson (1983:168) wys daarop dat die term 'vooronderstelling' in sy algemene betekenis gebruik word om enige soort agtergrondaanname te beskryf waarteen 'n aksie, teorie, uitdrukking of uiting sinvol of rasioneel is; hierteenoor onderskei hy die tegniese betekenis van vooronderstelling (vervolgens verkieslik 'presupposisie'), wat beperk word tot sekere pragmatiese afleidings (*inferences*) of aannames "that seem at least to be built into linguistic expressions and which can be isolated using specific linguistic tests (especially, traditionally, constancy under negation, ...)". Laasgenoemde toets hou in dat 'n presupposisie wat geld vir 'n positiewe sin (bv. *Jan se hond is siek*), steeds sal geld vir dieselfde sin, negatief gestel (*Jan se hond is nie siek nie*). Die presupposisie van die twee sinne is: *Jan het 'n hond*. Bates (1976:25) se definisie van presupposisie is meer inklusief as dié van Levinson; ek haal dit ongeveer volledig aan omdat dit ook die wyse is waarop ek hierdie term in my ondersoek wil hanteer:

"Presupposing is the act of using a sentence to make a comment about some information assumed to be shared or verifiable by speaker and listener. This

80 Volgens Levinson (1983:167) lyk dit wel asof presupposisies nader is aan die linguistiese struktuur van sinne, maar dat hulle tog nie semanties in die enger sin is nie, 'because they are too sensitive to contextual factors'.

presupposition can be distinctly signalled by some constituent surface structure. Or it can be left locally unmarked. (...) a SPEAKER can presuppose information in using a sentence, even if his SENTENCE does not. The presupposition will carry so long as the speaker and the listener construct the same **topic-comment** relationship between the asserted information and the assumed information."

Die twee tipes presupposisie wat deur Bach en Harnish (1982:155 e.v.) onderskei word, is semantiese (of logiese) en pragmatiese presupposisies. Hierdie tipes kan soos volg verduidelik word, aldus De Bruyn (1982:53 e.v.): 'n Uiting verskaf altyd informasie van een of ander aard. Die gegewens wat oorgedra word, kan verdeel word in beweerde betekenis (*Jan se hond is siek*), betekenis voortvloeiend uit die uiting (*Jan het 'n hond*), sowel as vooronderstelde betekenis (Jan bestaan). Ons kan dus sê dat 'n bloot semantiese presupposisie van die sin *Jan se hond is siek* sou wees dat Jan bestaan. Van groter belang vir die pragmatiek is, uiteraard, die pragmatiese presupposisie, dit wil sê daardie voorwaardes wat nodig is om die uiting geskik te maak vir sy konteks (vgl. De Bruyn, 1982:54). Levinson (1983:177) beskryf hierdie tipe presupposisie ook kortweg as "a relation between a speaker and the appropriateness of a sentence in a context"⁸¹. Uit beide definisies kan ons aflei dat 'n uiting informasie kan oordra wat nie deel is van die taalgegewe nie; daar moet dus noodwendig kennis geneem word van sowel die spreker as die hoorder in die sinsteorie, aldus De Bruyn (1982:55). In die volgende vraagsin is die pragmatiese presupposisie byvoorbeeld dat die toegesprokene 'n baie jong kind is: *Wil jy nammies hê?*

Laastens verwys ek na die term **psigologiese presupposisie**, 'n derde wyse waarop presupposisies volgens Bates (1976:20-27) getipeer kan en die een wat sy as model gebruik vir haar studie oor "the acquisition of pragmatics". Volgens Bates (1976:25) is hierdie tipe presupposisie in der waarheid fundamenteel en 'n oorkoepelende klassifikasie, aangesien die semantiese en die pragmatiese presupposisies komponente daarvan blyk te wees. De Bruyn (1982:55-56) wys verder daarop dat die benaming 'psigologiese presupposisie' gebruik word vir 'n verskynsel wat moontlik gemaak word deur die bestaan van die semantiese en pragmatiese presupposisies en

81 Levinson (1983:177) wys hier in 'n voetnoot opnuut daarop dat hierdie tipe afleiding eintlik 'n aspek is van sosiale deiksis (vgl. bespreking wat volg), geënkodeer as 'n konvensionele gespreksimplikasie. Die besondere verband tussen pragmatiese presupposisie, deiksis en implikasie blyk hieruit.

die daarmeegepaardgaande konteks, situasie of diskoers. Bates (1976:25) wys daarop dat die spreker se bedoeling 'n deurslaggewende faktor is by psilogiese presupposisies, en voeg dan by: "a presupposition can be psychologically present regardless of its phonetic expression, as long as both the speaker and the listener share the ACT of presupposing - or as long as the speaker THINKS that the act is shared". 'n Voorbeeld waar 'n psilogiese presupposisie nie in verklankte vorm in die uiting staan nie, sou wees waar mense op 'n onbekende persoon genaamd Maria wag, en dan met verbasing reageer wanneer die persoon 'n man blyk te wees - die psilogiese veronderstelling onder die groep wagendes sou tog wees dat Maria 'n vrou is, hoewel dit nie in die oppervlakte van hulle gesprek vóór Maria se koms waarneembaar sou wees nie. Binne die literêre gespreksituasie word daar dikwels verwagtinge geskep by die leser (bv. omtrent 'n karakter, die ruimte of moontlike gebeure), waarin daar gesteun word op psilogiese presupposisies.

Ek sluit hierdie enkele verwysing na presupposisies af deur die verband daarvan met die taalhandelings teorie aan te dui in die woorde van De Bruyn (1990:hfst.4, p.18): "Met elke taalhandeling word sekere aanvaardings gemaak betreffende die besondere konteks waarin dit plaasvind (...) dit (is) die terrein wat deur die **presupposisie** gehanteer word". In taalhandelings teoretiese ondersoeke word daar meestal verwys na presupposisies in enkelvoudige sinne; in die saamgestelde sin word die saak veel meer gekompliseerd. In die oneindig komplekse literêre gespreksituasie is die moontlikhede van 'n ondersoek na presupposisie legio, te meer omdat die wyse waarop informasie aan die leser aangebied word deur bykomende aannames (bv. oor fiksionaliteit en genre) beïnvloed word. Omdat vooronderstellinge, oftewel psilogiese presupposisies, by uitstek geskik is vir ideologiese gebruik (of liever misbruik, volgens die pejoratiewe definisie van ideologie), behoort dit in die ontleding van die tekste wat later volg, 'n aansienlike plek in te neem.

Daar is nog een laaste verskynsel in die pragmatiek wat so nou saamhang met die bestudering van uitinge as taalhandelinge, dat dit byna vanselfsprekend by hierdie studie betrek moet word, naamlik **deiksis**. Hier word as vertrekpunt geneem dat elke uiting binne 'n bepaalde gespreksituasie gebruik word, deur 'n bepaalde persoon op 'n bepaalde oomblik op 'n bepaalde plek, en dikwels ook in die aangesig van 'n ander persoon of persone. In die lig hiervan wys De Stadler (1989:377) daarop dat die **kanonieke gespreksituasie** duidelik aantoonbare onderdele het, en

dit is die volgende: (1) die **spreker**; (2) die **aangesprokene(s)**; (3) die **toehoorder(s)**; (4) die **plek** waar die gesprek plaasvind; en (5) die **tyd** waarop die gesprek plaasvind. In die uitings is daar talle leksikale items wat die uitings met die gespreksituasie in verband bring deur hierdie aspekte van die gespreksituasie te grammatikaliseer. "n Studie van hierdie items en die verhouding wat hulle tussen uiting en gespreksituasie bewerkstellig, vorm die studieterrein van **deiksis**" (De Stadler, 1989:377).⁸²

Levinson (1983:54) omskryf die plek en belang van deiksis soos volg: "The single most obvious way in which the relationship between language and context is reflected in the structures of languages themselves, is through the phenomenon of **deixis**" - die term self is afgelei van die Griekse woord vir aandui of uitwys. Deiksis slaan dus op die wyse waarop die **konteks van 'n uiting** 'uitgewys' word in die grammatika; dit kan dus omskryf word as die besondere wyse waarop die konteks van die uiting geëkodeer of 'gegrammatikaliseer' word in die spesifieke **deiktiese of indeksikale**⁸³ **uitdrukings** (m.b.t. die spreker en hoorder(s), tyd en plek) wat in die sin voorkom. Voorbeelde van sulke uitdrukings is sekere voornaamwoorde, aanwysende woorde, sekere bywoorde van plek, sekere werkwoorde, aanspreekvorme en sekere bywoorde van tyd.

Die spil waarom alles in die gespreksituasie draai, is die sprekersrol, want alle deiktiese uitdrukings word in die reël relatief tot die spreker, die posisie van die spreker en die tydstip waarop hy/sy praat, geïnterpreteer. Die sprekersrol vorm daarom die **deiktiese sentrum** en die kanonieke gespreksituasie is dus **egosentries** of *ek-gerig*, sodat die deiktiese sentrum verskuif soos wat die sprekersrol wissel van een deelnemer na 'n ander. Omdat deiktiese uitdrukings nie los van die deiktiese sentrum geïnterpreteer kan word nie, kan ons volgens De Stadler (1989:379) van hulle sê dat hulle aan een belangrike vereiste moet voldoen: "om sinvol gebruik te word, moet deiktiese uitdrukings **deikties veranker** wees: hulle moet interpreteerbaar wees relatief tot die een of ander verwysingspunt".

82 Die bespreking onder 3.3.3 van Anker (1987) se studie oor deiktiese ruimte, bied verdere besonderhede aangaande die toepaslikheid van hierdie aspek van die pragmatiek vir my ondersoek.

83 Volgens De Stadler (1989:378) is taalitems wat as indekse optree, items wat die vermoë het om na aspekte van die buitetalige werklikheid te "wys".

Die verskillende deiktiese kategorieë wat onderskei kan word, is persoonsdeiksis, plekdeiksis, tyddeiksis en diskoersdeiksis. **Persoonsdeiksis** dui op die vergestaltung van verskillende deelnemersrolle in 'n gesprek, naamlik die spreker (ek, ons), die aangesprokene(s) (jy, u, julle) en die toehoorder(s) (hy, sy, dit, hulle). 'n Onderdeel van persoonsdeiksis wat vir 'n ideologiekritiese benadering tot literêre tekste van belang is, is **sosiale deiksis**, wat Fillmore (1975:75) definieer as "the device by which the utterances that speakers produce, establish or reflect information about the identity of the conversation partners, the nature of the social context, or the social relations between the partners". Daar is veral twee taalvorme wat die sosiale verhoudinge tussen verskillende deelnemers aan 'n gesprek weerspieël: aansprekings (vokatiewe) en groetvorme.

Aansprekings plaas die spreker en die diskoers binne 'n bepaalde sosiale werklikheid⁸⁴ en dui die relatiewe sosiale afstand tussen spreker en aangesprokene aan. Die spreker se keuse van 'n aanspreekvorm word gekondisioneer deur sy/haar (opinie van die) verhouding tot die aangesprokene. Wanneer albei deelnemers aan die gesprek *u* of *jy* gebruik, word die twee vorme simmetries gebruik en indien nie-asimmetries. Laasgenoemde dui meestal 'n bepaalde hiërargie in die sosiale posisies van spreker en aangesprokene aan. Op ooreenstemmende wyse kan aangetoon word dat **groetvorme** gekondisioneer word deur die spreker se oordeel oor verskillende sosiale aspekte van die gespreksituasie (bv. die status wat die aangesprokene in die spreker se oë het).

Uit die sake wat hierbo genoem is, blyk dit myns insiens dat die kwessie van sosiale deiksis vir my ondersoek van besondere belang is. Dit het naamlik duidelik geword dat hierdie tipe deiksis betrekking het op die enkodering van sosiale onderskeidinge wat relatief is tot deelnemersrolle, en gevolglik onder meer 'n aanduiding gee van die **aard van die magposisies** wat binne 'n bepaalde gespreksituasie ingeneem word.

Diskoersdeiksis (of teksdeiksis) het volgens Levinson (1983:62) te doen met die

84 Indien dit binne 'n bepaalde gemeenskap vir 'n jonger persoon moontlik is om ouer persone van 'n sekere groep met minder respek (bv. as *jy* en *jou*) aan te spreek as vir ouer lede van die eie groep (wat *u* sal wees), dui dit daarop dat daar in so 'n gemeenskap duidelike klasseverskille (of bv. rassediskriminasie) voorkom.

enkodering van verwysing na gedeeltes van die ontvouende diskoers waarin die uiting geleë is, byvoorbeeld die gebruik van *dit* in die volgende: *Dit is die voorbeeld waarna ek pas verwys het* of: *Plof, plof, plof: dit is die geluid wat ek gehoor het*.

Hoewel daar 'n duidelike verskil betaan tussen diskoersanalise en gesprekanalise⁸⁵, het die twee benaderings die volgende gemeen: "Both approaches are centrally concerned with giving an account of how coherence and sequential organization in discourse is produced and understood" (Levinson, 1983:286). Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die terme **diskoersstruktuur** en **gesprekstruktuur** as ongeveer sinoniem beskou en sal dit as sodanig gebruik word wanneer die makro-, meso- en mikrostrukture binne die literêre diskoers/gesprek bestudeer word. Wanneer hierdie gesprekstukture ondersoek word, is daar volgens Van Dijk (1978a:63 e.v.) **taalhandelingskwensies** of -reekse wat ter sprake is. Soos ander handelinge kom taalhandelinge in die reël nie alleen voor nie, maar in samehang met ander taalhandelinge. Die samehang is hoofsaaklik die gevolg van die **pragmatiese relasies** wat daar tussen sulke taalhandelinge bestaan, en kan **lokaal** (d.w.s. paarsgewys of lineêr verbind) of **globaal** (d.w.s. rakende die sekwensie as 'n geheel) van aard wees. So 'n globale taalhandelingskwensie noem Van Dijk dan die **makrotaalhandeling**, wat 'n globale handeling is wat al die ander taalhandelinge wat betrokke is insluit. Die oorkoepelde tema van 'n literêre teks is so 'n globale of makrotaalhandeling, bestaande uit reekse individuele taalhandelinge wat in allerlei komplekse relasies tot mekaar gerangskik is.

'n Aspek rakende taalhandelinge wat hierbo slegs sydelings aangeraak is (vgl. die bespreking oor Searle), is die kwessie van **indirekte taalhandelinge**. Soos wat ons in die taaluiting self iets 'anders' kan sê as wat ons 'bedoel' (vgl. ironie en metafore), kan ons ook byvoorbeeld 'n taalhandeling verrig wat die uiterlike vorm het van taalhandeling *x*, maar in 'n bepaalde konteks die betekenis het van taalhandeling *y* (vgl. Van Dijk, 1978a:58). 'n Tipiese voorbeeld van so 'n indirekte taalhandeling is die volgende: *Wil jy 'n pak slae hê?* Hoewel dié uiting op die oog af 'n vraag is, word dit tradisioneel geïnterpreteer as 'n dreigement. Die feit dat besonder baie taalhandelinge indirek uitgevoer word, is 'n belangrike feit wat deur die pragmatiek verreken moet word.⁸⁶ Traugott & Pratt (1980:237) beskryf die grondliggende rede

85 Die onderskeid wat Levinson (1983:286) tref is nie vir hierdie studie van belang nie.

86 Indirekte taalhandelinge verskil van gespreksimplikasies in dié opsig dat dit by lg. meer ooglopend

waarom daar gesoek word na 'n boodskap agter die letterlike boodskap van 'n uiting só: "Indirect communication works only by virtue of a basic, shared assumption that when people speak and listen to each other, they normally do have the intention of accomplishing purposeful and effective communication in the context." Hierdie gedeelte aanname is die bekende **samewerkingsbeginsel** (vgl. die bespreking daarvan hierbo), wat vir alle kommunikasie noodsaaklik is, "but its role comes particularly to the fore in indirect communication, where language-users cooperate to the extent of relying on unspoken inferences to effect the communication" (Traugott & Pratt, 1980:237).

In hoogs vereenvoudigde terme gestel, sou ons kon beweer die **literêre teks** (as taalhandeling) ook so 'n indirekte poging is om te kommunikeer, en dat die enigste moontlikheid dat die kommunikatiewe bedoeling (intensie) daarvan kan slaag, daarin geleë is dat die samewerkingsbeginsel deur die outeur sowel as die leser nagekom word. Omdat die hoorder/leser van nature daarop ingestel is om die betekenis agter 'n uiting (wat 'n literêre teks ook is) te soek, sal hy/sy deur 'n proses van afleiding poog om die spreker/skrywer se boodskap te begryp (indien hy/sy werklik bereid is om saam te werk aan die gesprek!). Met hierdie studie van my beoog ek om die taalhandelings teorie en ander pragmatiese aspekte van uitinge aan te wend ten einde die ideologiese afleidings wat uit literêre tekste gemaak kan word, op 'n meer sistematiese, strukturele wyse te benader as bloot net via die ideologiekritiek (in die enger sin van die woord).

Wat hier ten slotte van belang is, is 'n feit wat tot dusver duidelik geblyk het, naamlik dat dit in die taalhandelings teorie veel eerder gaan oor **kommunikasie** as oor taal as sodanig. Bierwisch (1980:3) stel dit onomwonde: "Speech act theory is a branch of the theory of communication, viz. that involving linguistic utterances, rather than a part of the theory of language." Omdat literatuur ook 'n onmiskenbare intensionele krag (illokusie) besit wat gerig is op die bereiking van sekere effekte (perlokusies) in die leser, is dit in die verlede reeds deur verskeie taalhandelings teoretici ondersoek.

gaan om die (sogenaamde) oortreding van gespreksvoorwaardes. De Bruyn (1990:hfst.1, p.9-10) dui aan dat dié twee verskynsels nou verbonde is en dit gemeen het dat daar in beide sprake is van die indirekte kommunikasie van betekenis.

2.4.2 Toepassings van die taalhandelingssteorie op die literatuur⁸⁷

J.L. Austin, die vader van die taalhandelingssteorie, verwys in sy baanbrekerswerk⁸⁸ na performatiewe uitinge wat in ander omstandighede as die gewone geuiter word, soos wanneer dit deel vorm van 'n gedig of alleenspraak of drama, as "in a *peculiar way hollow or void*" (Austin, 1976:22) en sluit hulle eksplisiet uit wanneer hy taalhandelinge ondersoek. Die volgende afwysende uitspraak wat hy maak, klink byna ironies gesien teen die agtergrond van die erns waarmee literêre taalgebruik die afgelope dekade of meer bejeën word: "Language in such circumstances is in special ways - intelligibly - used not seriously, but in ways *parasitic* upon its normal use - ways which fall under the doctrine of the *etiolations* of language" (Austin, 1976:22). Verskeie latere taalhandelingssteoretici sou die literatuur veel ernstiger opneem.

Die eerste naam wat prominent is onder diegene wat van die standpunt uitgegaan het dat die literatuur saamgestel is uit (nagemaakte) taalhandelinge⁸⁹, is **Richard Ohmann**. Hy was een van die eerste literêre kritici wat geskryf het oor die moontlikheid dat die taalhandelingssteorie toegepas sou kon word op die literatuur. In 'n artikel, "Speech acts and the definition of literature" (1971), stel hy dit uit wans uit duidelik dat hy literatuur beskou as 'n **diskoers** in die wydste sin van die woord: "I shall seize on this homeliest of all facts, and say that discourse is the genus of literature" (Ohmann, 1971:4). Sy volgende taak is dan om literêre diskoers van nie-literêre diskoers te onderskei, wat hy dan op 'n omslagtige wyse probeer doen.

Die resultate van sy poging om literatuur in terme van taalhandelinge te definieer, klink s6: "*a literary word is a discourse abstracted, or detached, from the circumstances and conditions which make illocutionary acts possible; hence it is a discourse without illocutionary force*" (Ohmann, 1971:13). Hierby voeg hy 'n kwalifikasie, naamlik dat die skrywer wel die illokutiewe handeling uitvoer van 'n literêre werk te skryf; hy (die skrywer) gee dan voor dat hy diskoers rapporteer en die leser aanvaar die

87 Die toepassings wat deur Afrikaanse literatore gedoen is, word onder 3.3 bespreek.

88 D.i. die 1955-lesingreëls gelewer te Harvard, later gepubliseer onder die titel *How to do things with words* (1976), waarna reeds hierbo verwys is.

89 Fanto (1980:289 e.v.) maak ook melding van Barbara Smith, Monroe Beardsley, e.a., maar hulle bydrae word nie belangrik genoeg geag om deel te wees van hierdie oorsig nie.

pretensie. Die aangepaste definisie lui dan: "*A literary work is a discourse whose sentences lack the illocutionary forces that would normally attach to them. Its illocutionary force is mimetic. By 'mimetic,' I mean purportedly imitative*" (Ohmann, 1971:14 - sy kursiverings). Omdat hierdie taalhandelinge slegs nabootsend is, verwys hy vervolgens na hulle as "quasi-speech-acts".

'n Belangrike eienskap van literêre diskoers waarop Ohmann (1971:17) wys, is dat dit die leser op 'n besonder emotiewe wyse affekteer, sodat die 'boodskap' (d.i. die vorm van die teks) skerper onder sy aandag kom. Hy verwoord sy siening van die besondere werking van literatuur as mimetiese taalhandelinge treffend:

"... since the quasi-speech-acts of literature are not carrying on the world's business - describing, urging, contracting, etc. - the reader may well attend to them in a non-pragmatic way, and thus allow them to realize their emotive potential. In other words, the suspension of normal illocutionary forces tends to shift a reader's attention to the locutionary acts themselves and to their perlocutionary effects." (Ohmann, 1971:17)

Hoewel Searle in *Speech acts* (1969/1980) hoofsaaklik handel oor 'ernstige' uitinge, beskou hy "nonserious" fiksionele uitinge as belangrik genoeg om 'n hoofstuk daaraan te wy in 'n later werk⁹⁰. 'n Enigsins omstrede saak wat hy hierin aanroer, is die definiëring van fiksie en literatuur⁹¹ - twee verskynsels wat duidelik nie presies ooreenstem nie. Om te bepaal of 'n werk fiksie is, is minder problematies - die outeur besluit daaroor, maar omdat lesers oordeel wanneer 'n werk werklik literatuur/literêr is, is die onderskeid hier minder duidelik: "... the literary is continuous with the nonliterary. Not only is there no sharp boundary, but there is not much of a boundary at all" (Searle, 1981:59). Laasgenoemde problematiek word dan nie verder ondersoek nie, maar wel die status van fiksionele diskoers.

Vanuit taalhandelingsperspektief gesien kom dit daarop neer dat dit slegs die outeur se illokutiewe intensie is wat bepaal of 'n werk fiksie is of nie: "What makes it a work of fiction is, so to speak, the illocutionary stance that the author takes

90 *Expression and meaning* (1979/1981), die titel van die hoofstuk is: "The logical status of fictional discourse" (p.58-75).

91 Die term *literature* waarmee hy duidelik bedoel ernstige literatuur of 'letterkunde'.

toward it, and that stance is a matter of the complex illocutionary intentions that the author has when he writes or otherwise composes it" (Searle, 1981:65-66). Outeursintensie word dus hiermee aan die orde gestel. Searle spreek hom vervolgens uit teen daardie skool van kritici wat gemeen het dat die skrywer se bedoeling glad nie bestudeer mag word nie⁹². Hoewel hy erken dat hierdie soort ondersoek te ver gevoer kan word, stel hy dit duidelik dat dit absurd sou wees om te dink dat 'n kritikus die skrywer se bedoeling volkome sou kon ignoreer, "since even as much as to identify a text as a novel, a poem, or even as a text is already to make a claim about the author's intentions" (Searle, 1981:66). Die skrywer se illokutiewe bedoeling/intensie sal ook in die teksontledings wat later in hierdie ondersoek voorkom, 'n rol speel (vgl. hfst.4, 5 en 6).

Fanto (1980:288) stel Searle se sentrale uitgangspunt oor fiktiewe diskoers as taalhandelinge soos volg: "For Searle, the author is pretending to perform the speech acts of fictional discourse." Op Searle se teoretisering en filosofering rondom hierdie siening wil ek nie ingaan nie. Die slotsom waartoe hy in hierdie hoofstuk kom, is egter insiggewend. Hoewel dit volgens hom in fiktiewe tekste gaan om "pretended speech acts", wat op die oog af nie van groot belang blyk te wees nie, heg hy tog groot betekenis daaraan. Een van die redes is dat die rol wat die **verbeelding** speel in die menslike lewe nie onderskat mag word nie; ook die rol wat die produkte van die verbeelding vervul in menslike sosiale lewe is van groter belang as wat algemeen aanvaar word. Een van die aspekte van hierdie rol spruit voort uit die volgende: "serious (i.e. nonfictional) speech acts can be conveyed by fictional texts, even though the conveyed speech act is not represented in the text" (Searle, 1981:74). Hier verwys hy na die **boodskap** of boodskappe wat byna alle belangrike werke oordra deur die teks, al is dit nie in die teks self eksplisiet verwoord nie. Searle wys dan ter afsluiting daarop dat daar (in daardie stadium) nog nie 'n algemene teorie ontwikkel was wat die meganismes waarmee ernstige illokutiewe intensie deur "pretended illocutions" oorgedra word, ondersoek het nie.

Die eerste volskaalse poging om so 'n teorie te ontwikkel, is dié van **Mary Louise**

92 'n Mens sou hier kon praat van die "intentional fallacy-fallacy"! Fanto (1980:289 e.v.) dui egter aan dat verskeie kritici (ene Michael Hanscher e.a.) wel die taalhandelingskonsep van intensionaliteit misbruik het "to allow them to discuss what a writer thought he was doing in composing a literary text". My siening hiervan sal onder 3.4.2 gestel word.

Pratt. In 'n werk getiteld *Toward a speech act theory of literary discourse* (1977) poog sy veral om 'n algemene teorie van diskoers te ontwikkel, "sodat oor literatuur gepraat kan word op dieselfde manier as wat daar oor ander taalhandelinge gepraat word" (Du Plooy, 1986:258). Waar vorige linguistiese bemoeienis met die literatuur (bv. die Russiese formaliste en die Praagse Skool) van die veronderstelling uitgegaan het dat daar 'n inherente verskil tussen poëtiese en gewone taal bestaan, beklemtoon Pratt juis die ooreenkomste tussen die twee soorte taalgebruik.

Wanneer sy haar uitlaat oor die "'poetic language' fallacy" (Pratt, 1977:3-37) stel sy dit eksplisiet dat die literêre diskoers nie 'n aparte, unieke soort taal is nie, maar bloot 'n bepaalde **gebruik** van taal. Om haar punt te illustreer, maak sy eerstens gebruik van die "natural narrative"-teorie van William Labov, 'n sosiolinguis wat uit navorsingsresultate afgelei het dat mense natuurlikerwys hulle vertellings of stories op 'n ooreenstemmende wyse struktureer. 'n Volledig ontwikkelde natuurlike storie bestaan dan volgens Labov (1972:169) uit ses onderafdelings: 'n samevatting, 'n oriëntasie, 'n kompliserende handeling, 'n waardebeplasing, 'n resultaat of oplossing, en 'n coda.⁹³ In aansluiting hierby toon Pratt aan dat daar 'n duidelike ooreenkoms is tussen die struktuur van die natuurlike storie en verhalende literatuur soos die roman, verhale, dramas, en so meer.

Nadat sy bewys het dat die struktuur van die literêre verhaal ooreenkom met natuurlike vertellings, ondersoek sy ook literêre taalgebruik om die ooreenkomste met gewone taal uit te lig. Dit is juis hier dat die teorieë van die sogenaamde "ordinary language philosophers" soos Austin, Searle en Grice vir Pratt besonder bruikbaar blyk te wees. Sy beywer haar vervolgens daarvoor om die gaping tussen die literêre diskoers en gewone taalgebruik verder te vernou. 'n Eelangrike oorweging agter hierdie arbeid is die gedagte dat die literêre werk sodoende bestudeer word as deel van 'n konteks en as 'n kommunikasiehandeling tussen 'n skrywer en 'n leserspubliek⁹⁴. Pratt (1977:86) verwoord haar siening van die voordele van taalhandelingsanalises onder meer soos volg:

93 Die *natural narrative*-teorie word nie in besonderhede bespreek nie, aangesien dit nie in my teksontledings toegepas gaan word nie.

94 Laasgenoemde gedagte, uitgespreek ten gunste van die pragmatiek in die breë, word verwoord in Traugott & Pratt (1980:255).

"There are enormous advantages to talking about literature in this way, (...), for literary works, like all our communicative activities, are context-dependent. Literature itself is a speech context. And as with any utterance, the way people produce and understand literary works depends enormously on unspoken, culturally-shared knowledge of the rules, conventions, and expectations that are in play when language is used in that context."

Ten einde 'n teoretiese basis te verskaf vir die taalhandelings teorie vir literêre diskoers wat sy opstel, maak Pratt gebruik van Searle se **toepaslikheidsvoorwaardes** (*felicity conditions*⁹⁵), sowel as Grice se formulerings van die **samewerkingsbeginsel** (*CP*), **gespreksvoorwaardes** (*Maxims*) en **gespreksimplikasie** (*conversational implicature*). Die gekompliseerde wyse waarop Pratt die praktiese werking van elk van hierdie teorieë verduidelik, verhoed dat dit hier in detail bespreek kan word. Wat hier volg, is 'n poging om slegs enkele relevante en bruikbare⁹⁶ aspekte daarvan uit te lig.

Pratt se uitgangspunt is, soos reeds gestel, dat 'n literêre werk ook 'n taalhandeling is, en daarom gebonde is aan 'n konteks. Binne hierdie konteks, waar daar ook 'n spreker (outeur) en hoorder (leser) betrokke is, geld bepaalde voorwaardes of algemene reëls wat nagekom moet word ten einde die korrekte uitvoering en interpretasie van die literêre taalhandeling te verseker. Wat dus vir 'n gewone taalhandeling geld, geld ook vir die literêre teks as taalhandeling, naamlik sekere **toepaslikheidsvoorwaardes**: "These conditions on which the felicity of a speech act depends are called *appropriateness conditions* or *felicity conditions*", aldus Pratt (1977:81). Die onuitgesproke, kultureel-gedeelde kennis van reëls, konvensies en verwagtings waarna in die aanhaling hierbo (Pratt, 1977:86) verwys is, is hier werksaam. Volgens Du Plooy (1986:261) is dinge soos genre en styl byvoorbeeld deel van die toepaslikheidsvoorwaardes van 'n bepaalde literêre werk.

Nadat Pratt reeds oortuigend aangetoon het dat die struktuur sowel as die taal van die literêre diskoers grootliks ooreenstem met dié van gewone taalhandelinge, tref sy vervolgens 'n vergelyking tussen gewone gespreksituasies of

95 In Traugott & Pratt (1980:269) sê die skryfsters dat die term *felicity conditions* gewoonlik deur filosofiese gebruik word, terwyl linguïste *appropriateness conditions* verkies.

96 D.w.s. vir die doeleindes van 'n ideologiekritiese benadering.

kommunikasiesituasies en die literêre taalhandelingsituasie⁹⁷. In eersgenoemde situasies geld bepaalde reëls, byvoorbeeld dat gespreksgenote beurt neem om aan die gesprek deel te neem, wat nie in laasgenoemde geld nie. Waar daar wel ooreenkomste aan te toon is, wys Pratt daarop dat Grice se samewerkingsbeginsel (CP) en gespreksvoorwaardes op 'n besondere wyse ook vir die literêre taalsituasie in werking tree en die literêre kommunikasie laat slaag. Volgens Pratt is die **samewerkingsbeginsel** ('n aangepaste weergawe van Austin en Searle se toepaslikheidsvoorwaardes) op 'n besondere wyse beskerm in die 'gesprek' tussen die outeur van 'n literêre teks en die lesers, hoofsaaklik vanweë die omvattende seleksieprosesse wat literêre werke te beurt val voordat dit gepubliseer kan word. Hieroor binnekort meer.

Du Plooy (1986:262) wys daarop dat die toepassing van Grice se **gespreksvoorwaardes** (die kwantiteit, die kwaliteit, die relatiewiteit en die wyse van aanbieding van 'n gesprek), op die literêre taalsituasie impliseer dat "informasie aan 'n 'gehoor' voorberei en geselekteer sal word voordat dit in 'n teks opgeneem word, maar ook dat die informasie wat gewoonlik die een of ander gebeurtenis of ondervinding wil oordra, relevant en die moeite werd (*tellable*) sal wees". Wanneer hierdie voorwaardes bewustelik deur die outeur verontagsaam word, dui dit daarop dat implikasies in die literêre gesprek voorkom. Ons het reeds daarna verwys dat die samewerkingbeginsel in so 'n gespreksituasie beskerm word; die verontagsaming daarvan is dus vir die leser 'n aanduiding dat die outeur 'n bykomende betekenis wil kommunikeer, 'n verskynsel wat in Grice se taalhandelingssterme **gespreksimplikasie** heet. Die volgende aanhaling illustreer haar siening hieroor:

"I suggested that exploitation is virtually the only kind of intentional nonfulfillment of maxims that the literary speech situation allows, that intentional failure to fulfill a maxim in literature always counts as flouting and is thus always intended to be resolved by implicature." (Pratt, 1977:163)

In haar verduideliking van literêre gespreksimplikasie⁹⁸ onderskei Pratt twee

⁹⁷ Pratt (1977:100-115) noem dit die "literary speech situation" in 'n hoofstuk met daardie titel.

⁹⁸ Die volgende is 'n kompakte definisie van gespreksimplikasies: "Implicatures which are required to maintain the assumption that the CP is in force are called *conversational implicature*" (Pratt, 1977:154).

gespreksvlakke⁹⁹, naamlik die gesprek tussen die verteller (*narrator*) en die leser, en die gesprek tussen die outeur en die leser. Indien die verteller van 'n outobiografiese verhaal byvoorbeeld weier om oor sekere belangrike details van sy lewe te praat, dui hierdie oortreding van die kwantiteitsvoorwaarde (*Maxim of Quantity*) daarop dat die outeur op die ander gespreksvlak 'n sekere ongesproke betekenis wil oordra (implikasies is dus hier in werking). Hier sou dus sprake wees van 'n "flouting" van die reëls wat geld vir die outobiografie of die roman as genre, wat volgens Pratt sou impliseer dat die outeur afwyk (sy praat van *deviance*) van die beperkinge wat hom deur die genre opgelê word.¹⁰⁰

Ook in 'n later werk waaraan Pratt meegewerk het, word die gedagte uiteengesit dat "deviance in literature" intensioneel is en verbind word met een of ander ernstige kommunikatiewe intensie (vgl. Traugott & Pratt, 1980:262). In die literêre kommunikasiesituasie word reëls, toepaslikheidsvoorwaardes, en dies meer doelbewus omvergewerp as deel van die artistieke tegniek, maar omdat dit geskied met die wedyrsydse instemming en begrip (die samewerkingsbeginsel) van die outeur en die leser, wat bewustelik en gewilliglik met mekaar in hierdie verhouding getree het, is dit alles betekenisvol (vgl. Du Plooy, 1986:263). Omdat skrywers bewus is van die groter poging wat die leser bereid is om te maak ten einde die kommunikasie te laat slaag, het hulle groter vryheid "to exploit and explore communicative deviance in literature" (Traugott & Pratt, 1980:262). Dit alles geld egter slegs indien daar van die veronderstelling uitgegaan word, soos in die taalhandelings teorie meestal die geval is, dat die leser wel bereid is om sy samewerking te gee. Die teendeel kan ook voorkom, in welke geval gespreksimplikasies byvoorbeeld nie gesnap word nie en die kommunikasie skeefloop.¹⁰¹

In die inleiding tot *Toward a speech act theory of literary discourse* wys Pratt daarop dat literatuur as konsep reeds waardes impliseer. Nie alle boeke word gepubliseer

99 'n Uiteensetting van die literêre gespreksvlakke wat in my ondersoek as vertrekpunte sal dien, volg onder 3.4.2.

100 Fanto (1980:298-299) meen dat Pratt se analogie tussen gespreksimplikasie en dieselfde proses in die literatuur nie volledig is nie, en dat sy Grice se teorie verby sy beperkte vermoëns gestoot het.

101 Hierdie tekortkoming van die taalhandelings teorie oor die algemeen word in 'n later bydrae van Pratt uitgewys. Vgl. 2.4.3 hieronder.

nie, nie alle gemeenskappe stem ooreen oor wat literatuur eintlik is nie, en nie alle vorme van verbale kuns word as literatuur erken nie. Sy noem ook die feit dat Marxistiese en sosiologiese kritici reeds jare lank beswaar maak teen die versteekte ideologie agter intrinsieke en formalistiese kritiek, en teen die geneigdheid by hierdie soort kritiek om ideologie juis te bedek en te verswyg. Haar eie bydrae tot die regstelling van hierdie wanpraktyke verwoord sy ten slotte só: "The few steps I have taken here toward supplying the literary speech act with its context and toward reintegrating it into the broader schema of our verbal and social activities will, I hope, suggest that a **socially based, use-oriented linguistics** is a prerequisite toward sealing the breach between formal and sociological approaches to literature" (Pratt, 1977:xix, beklemtonings deur my - MAR).

Hoewel hierdie poging van Pratt uiters verdienstelik is en daarom vir hierdie studie van besondere belang, gaan dit mank aan ernstige tekortkominge, gesien vanuit 'n post-strukturalistiese en ideologiekritiese oogpunt. In 'n later publikasie (vgl. die bespreking onder 2.4.3) wys Pratt self hierdie gebreke in haar eie siening van taalhandelinge, sowel as in dié van ander taalhandelingsteoretici, op voortrefflike wyse uit.

'n Narratologiese toepassing van die taalhandelingsteorie wat Pratt (1987) se latere posisie as't ware antisipeer (ofskoon Pratt nie na hierdie werk verwys nie), is Susan Lanser (1981) se uitvoerige bespreking van "**point of view**" as narratiewe (taal-) handeling in die prosa. Hierdie term, wat 'n geruime tyd reeds in onguns geraak het, word deur Lanser sodanig gedefinieer dat dit nie slegs dui op tegniese aspekte van die vertelwyse nie, maar ook op die onderliggende ideologiese standpuntinname in die literêre teks. Dit is veral in die taalhandelingsteorie dat Lanser (1981:8) die moontlikheid vind om die gaping tussen die strukturele aspekte en die ideologiese implikasies van die teks te oorbrug: "...speech act theory provides that bridge between structural approaches to narrative and a concept of the text as an ideological as well as aesthetic act". 'n Taalhandelingsbenadering tot "point of view" bied daarom volgens haar (soos Pratt reeds aangetoon het - vgl. bespreking hierbo)

102 In Van Coller (1987:88 e.v.) se bespreking van Lanser verwys hy hier na die "textual voice" wat sy onderskei, d.w.s die stem wat verantwoordelik is vir die bestaan van die fiksionele wêreld. Hierdie begrip en verskeie ander in Lanser se werk wat indirek aansluit by my ondersoek, kan ek nie hier betrek sonder om die perke van die studie te oorskry nie.

die "socially-based, use-oriented linguistics" wat nodig is om die breuk tussen formele en sosiologiese benaderings tot die literatuur te heel, aldus Lanser (1981:62).

Dit is vir Lanser moontlik om die sosiale en ideologiese aspekte¹⁰³ van die literatuur te betrek omdat sy in ag neem dat **menslike waarneming** altyd en onontkombaar **subjektief** is: "... human perception is always structured upon a relationship of perceiver to perceived - upon a point of view" (Lanser, 1981:3-4). Hierdie "point of view" is des te meer werksaam wanneer die diskoers gestruktureer word vir die oordra van waardes en houdinge, soos in die literêre kommunikasie by uitstek die geval is. Die volgende definisie van die konsep "point of view" gee 'n aanduiding van die formidabele omvang van die begrip en dien ook as verduideliking waarom ek dit nie in hierdie ondersoek meer uitvoerig gaan gebruik as wat hieronder aangedui sal word nie:

"If we understand point of view to concern the relations between narrating subjects and the literary system which is the text-in-context, then we confront a complex network of interactions between author, narrator(s), characters, and audiences both real and implied. At the very least, the notion of point of view subsumes those aspects of narrative structure that concern the mode of presenting, representing speech, perception, and event; the identities of those who speak and perceive; their relationships with one another and with the recipients of their discourses; their attitudes, statuses, personalities, and beliefs." (Lanser, 1981:13-14)

Uit hierdie definisie blyk dit duidelik dat Lanser ook die soort inklusiewe, relasionele en sosiaalgerigte benadering voorstaan wat ek onderskryf. Ek is dit ook eens met die wyse waarop sy, soos Pratt (1977), die tradisionele onderskeid tussen 'literêre' en 'gewone' taalgebruik ondergrawe deur aan literêre vorm 'n plek toe te ken as 'n modus van sosiale gedrag: "If literary form can be understood as a mode of social behaviour, then the traditional distinction between poetics and rhetoric is erased, and point of view can function at once as ideology and technique" (Lanser, 1981:63). Beginsels wat vir ander vorme van diskoers geld, word dan ook van toepassing op die literêre gespreksituasie, byvoorbeeld die feit dat die gesag, status,

103 Lanser (1981:7) dui eksplisiet aan dat sy die verhouding tussen tekstuele en ekstratekstuele strukture sien soos Goldman, Jameson en Eagleton dit sien.

betroubaarheid en rol van die spreker bepaal hoe die hoorder/leser die boodskap gaan interpreteer.

'n Besondere winspunt van Lanser se benadering is dat sy nie 'n strenge onderskeid handhaaf tussen die narratiewe instansies in 'n teks nie en haar ook nie, soos baie ander teoretici, beperk tot 'n bespreking van die 'abstrakte outeur' binne die teks nie. Die volgende aanhaling dui daarop dat sy besondere gewig toeken aan die rol van die konkrete, historiese skrywer en hoe sy/haar verhouding tot die (konkrete) lesers hulle realisering van 'n teks beïnvloed, 'n siening wat ek heelhartig ondersteun:

"The degree of consent a reader gives is a function of the authority which the fictional world holds for this reader, and this authority, in turn, is a manifestation of the novelist's authority. As whatever a reader knows of the author is brought to the reading of a text, the writer's and the text's authority are dynamically intertwined; either is capable of enhancing or diminishing the other." (Lanser, 1981:85)

Indien daar aanvaar word dat die doel van 'n kommunikatiewe handeling maksimale resepsie van 'n boodskap is, moet 'n hele kompleks van faktore in ag geneem word wat die bereiking van daardie doel (dit wil sê die wyse waarop die boodskap ontvang, geïnterpreteer en beoordeel word) bepaal, aldus Lanser (1981:85). Hierdie faktore noem Lanser elemente van status, kontak en houding/posisie (*stance*¹⁰⁴), wat bepalend is vir die verhouding tussen spreker en die luisteraar, sowel as vir die boodskap en die verbale handeling. Omdat hierdie drie faktore myns insiens in verband gebring behoort te word met ideologiese implikasies in en van 'n literêre teks, gee ek vervolgens 'n kort omskrywing van elk:

Status: Hierdie faktor het betrekking op die verhouding van die spreker tot die taalhandeling, dit wil sê die gesag, kompetensie en geloofwaardigheid wat die spreker konvensioneel en persoonlik toegelaat word. "In general, a linguistic community gives its members a greater or lesser 'right to communicate'" (Lanser, 1981:86) - faktore soos die geslag, ouderdom, sosiale posisie, ras, klas en beroep kan hier 'n rol speel. 'n Skrywer se werk kan ook gelees word op grond van vorige

104 Vgl. ook (hierbo) Searle se siening dat die illokutiewe "stance" wat die skrywer teenoor die teks inneem bepaal of dit 'n literêre werk sal wees of nie.

sukcesvolle werke, maar hierdie status kan in gedrang kom indien 'n volgende werk nie dieselfde peil bereik nie.¹⁰⁵

Kontak: Status is dinamies verbonde aan die soort kontak of verhouding wat 'n spreker/skrywer met sy gehoor/lesers tot stand bring. Fisiese kontak (tipografie ens.) kan 'n respons by die leser teweeg bring, en ook psigologiese kontak wat berus op magsverhoudinge (vgl. Pratt se siening hiervan - 2.4.3), status en die houding van die spreker.

Houding of perspektief: Die spreker se (modale) verhouding tot die boodskap wat hy of sy uiter, is vir die skrywer van fiksie net so onvermydelik soos vir enige ander persoon wat 'n sin uiter. Die psigologiese houding van 'n verteller sal goedkeuring of afkeur van gebeure of karakters aandui, terwyl die ideologiese houding of posisie van die verteller (of die skrywer) eweneens gesuggereer kan word deur byvoorbeeld aan 'n karakter die ideologie van die outeur toe te ken. Ideologiese houdinge in 'n teks kan volgens Lanser (1981:216,217), op grond van die graad van inbedding, geplaas word op 'n glyskaal van ekplisiet en letterlik tot ingebed en figuurlik (ironies, metafories of simbolies).

Hierdie drie faktore wat Lanser beskryf, toon na my mening besondere ooreenkomste met die faktore wat volgens Pratt (1986:67-69) werkzaam is in die taalhandelingsituasie, bykomend tot Grice se gespreksvoorwaardes, naamlik affektiewe relasies, magsverhoudinge en gemeenskaplike doelwitte of die gebrek daaraan (vgl. bespreking hieronder). Ten slotte bepleit Lanser (1981:293-294) ook, soos Pratt, dat fiksie se potensiaal om transformasies teweeg te bring, erken moet word: "Fiction can indeed have all the power and authority of factual truth, and more". Die potensiaal om die gemeenskap te transformeer, lê opgesluit in "novelistic communication" se (ideologiese) rol as 'n medium vir kulturele kommunikasie, die kommunikasie van waardes en norme, en van maniere om na die wêreld te lyk. Om hierdie siening van romanmatige kommunikasie verder te beklemtoon, wys Lanser (1981:293) daarop dat die roman se basiese illokusionêre handeling ideologiese

105 Lanser (1981:86) stel dit só: "Conversely, the status originally accorded the writer may subsequently be revoked if the author's skill in communicating is weak, if his or her creative power fails, or if s/he does not provide credible evidence for the validity of textual assertions, events, or views."

instruksie/onderrig is en dat die grondliggende versoek is: luister na my woord, glo en verstaan.

2.4.3 Mary Louise Pratt oor taalhandelinge en ideologie

Die feit dat literatore begin belangstel het in die pragmatiek en in die taalhandelingssteorie in die besonder, word deur Pratt hoofsaaklik toegeskryf daaraan dat hierdie benaderings 'n nuwe perspektief gee op een van die sentrale aangeleenthede van literêre teorie, naamlik die verhouding tussen die leser, die skrywer en die teks (Traugott & Pratt, 1980:255). Die bewustheid van die belang van die sosiale aspekte van die literatuur kan hieruit afgelei word. Die woorde waarmee Pratt *Toward a speech act theory of literary discourse* afsluit, getuig daarvan dat sy die toekomstige rol van die linguistiek in literêre studies in die sosiolinguistiese rigting sien ontwikkel het: "If we are to have a 'science of literature,' as called for by the Russian Formalists, we should understand from the outset that that science will be a social, not a mathematical one" (Pratt, 1977:223). Dat die taalhandelingssteorie tot in daardie stadium reeds 'n bydrae gemaak het om literêre taal terug te plaas in 'n sosiale konteks, het in die oorsig hierbo reeds geblyk.

Die Kopernikaanse omwenteling wat Derrida en die post-strukturalistiese ideologiekritici in die siening van taal, die mens, die literêre teks, ensovoorts teweeggebring het, sou egter ook die taalhandelingssteorie van literêre diskoers nie onaangeraak laat nie.¹⁰⁶ Pratt se artikel, "Ideology and speech-act theory" (1986), is 'n sprekende bewys hiervan. Genoemde artikel bied 'n nuwe, ideologiekritiese invalshoek op die kwessie van literêre taalhandelinge en is daarom vir die verdere verloop van my ondersoek van soveel belang dat dit vervolgens redelik uitvoerig bespreek word.

Pratt begin deur aan te sluit by Halliday (1978:4) se bewering dat die linguistiek vir meer as twee dekades lank gedomineer is deur 'n sogenaamde **individualistiese ideologie**. Die sosiale konteks van taal is as gevolg hiervan eksplisiet uit ondersoekes uitgesluit en hierdie linguïste het 'n hoogs intellektualistiese, individualistiese en

106 Soos in die besprekings van ideologiekritici soos Eagleton (2.3.2), Frow (2.3.3) en Jameson (2.3.4) geblyk het, is sommige kontemporêre Marxistiese kritici eweneens deur post-strukturalisme en Derridaanse dekonstruksie beïnvloed - klaarblyklik ten goede.

daarom idealistiese konsep van taal gehuldig. In teenstelling met hierdie standpunt merk Halliday op dat linguistiese teorieë wel deeglik sosiale waardes enkodeer, en dat hulle beslis ook ideologies bepaal of gedetermineer word - 'n feit wat geleerdes verkies om te ignoreer, aldus Pratt. Hierdie **ideologiese determinante** kan waargeneem word in die aannames wat teorieë maak oor watter eienskappe van 'n taal en sy subjekte basies en belangrik is, in beweringe oor watter soort taalgebruik 'normaal' of ongemerk is, in die inhoude van idealiserings, en so meer. Volgens Halliday is linguïste dikwels lede van 'n akademiese elite wat teorieë ontwerp wat slegs geldig is binne hulle eie sosiale milieu.

Die taalhandelings teorie word algemeen beskou as 'n korrektief op die abstrakte, geïndividualiseerde taalbeskouing wat Halliday kritiseer, veral omdat dit 'n manier gebied het om weg te beweeg van taal as 'n outonome, selfgenoegsame grammatikale sisteem na die terrein van taalgebruik as sosiale praktyk. In werklikheid is taalhandelingsfilosowe egter steeds skepties oor die teorie se vermoë om **taalgebruik as sosiale praktyk** te ondersoek en funksioneer dit eerder as 'n komponent van 'n outonome linguïstiek. "Thus, despite Austin's original thrust away from logic, much work in speech-act theory today is focused on exploring the logical properties of individual sentences", meen Pratt (1986:60). Hierdie feit en ander verskaf die aanleiding daartoe dat Pratt vervolgens sekere standhoudende ideologiese dimensies van die taalhandelings teorie ondersoek.

Dit is veral die **normaliserende en naturaliserende werking** van **ideologie** wat onder die soeklig kom, dit is "its action of specifying within a discourse what is given or normal, and what is problematic or abnormal or unnatural" (Pratt, 1986:60). Pratt beroep haar hier op Catherine Belsey se karakterisering van ideologie se vermoë om die posisie van die **subjek**¹⁰⁷ voor te stel as "fixed and unchangeable, an element in a given system of differences which is human nature and the world of human experience, and to show possible action as an endless repetition of 'normal' familiar action" (Belsey, 1980:90). As gevolg van hierdie geïdealiseerde siening van die subjek wat die taalhandelings teorie ten gronslag lê¹⁰⁸, het dit hoofsaaklik 'n **een-tot-**

107 Soos in 2.1.4 aangedui is, sluit Belsey hier aan by Althusser se siening dat die subjek in taal en diskoers gekonstitueer is.

108 In Derrida se terme gaan dit hier ten diepste oor logosentrisme (vgl. die bespreking onder 3.2.4) terwyl die Marxisme die ideologie van die kapitalisme veral met hierdie siening verbind (vgl. Althusser

een-norm geïnternaliseer sodat die literêre taalhandelingsituasie beskou word as 'n een-tot-een- private interaksie tussen DIE leser en DIE teks (terwyl die leser as substituuat dien vir DIE skrywer omdat hy of sy nie werklik teenwoordig is nie. Hierdie vereenvoudigde siening laat nie ruimte vir besprekings van soorte lesers, soorte lesings, en selfs die feit dat 'n enkele lesende subjek deur 'n teks in veelvuldige rolle geplaas kan word nie. Hierby voeg Pratt (1986:61-62): "This model makes it easy to overlook the fact that, though literary production and reception often take place in private settings, literary works are public speech acts (in the sense that they are institutional, and have no personalized addressee), and people are playing generalized social roles when they participate in them." Regverdigheidshalwe voeg sy by dat verskeie ander literêre teorieë die een-tot-een-model van die literêre gespreksituasie deel.

Om terug te keer tot die kwessie van die subjek: Pratt (1986:62) wys daarop dat hierdie enkelvoudige leser en skrywer duidelik voorbeelde is van "the notorious unified subject, a villainous creature now being hounded out of France, and seeking refuge in corners of England and North America". Sekere van die dominante weergawes van die taalhandelings teorie veronderstel by elke normale taalhandeling die bestaan van 'n outentieke, konsekwente, essensiële subjek, 'n 'ware self, aan wie illokusionêre intensies en toepaslikheidsvoorwaardes as't ware vasheg. Dit is juis teen hierdie idee van 'n outentieke self wat ten volle gerealiseer word deur taal/spraak, in taal wat voldoende is vir hierdie uitdrukking van die self, dat Derrida hom, volgens Pratt, uitgespreek het. Na 'n beredenering van haar eie kritiek teen hierdie uitgangspunt kom sy tot die volgende belangrike gevolgtrekking: "In fact, once you set aside the notion of speech acts as normally anchored in a unified, essential subject, it becomes apparent that people always speak from and in a socially constituted position, a position that is, moreover, constantly shifting, and defined in a speech situation by the intersection of many different forces" (Pratt, 1986:63). Met hierdie siening van die taalhandelingsituasie wil ek my identifiseer in die verdere gang van hierdie studie.

Binne die siening van die **nonessensiële, sosiaal gekonstitueerde subjek**, is konteks nie bloot die agtergrond waarteen 'n persoon praat nie; die konteks en die subjek bepaal mekaar eerder wedersyds. Dit is dus nodig om buite die ideologie van

eerlikheid te tree en nie langer die konsep van die geprivatiseerde individu te bevoordeel nie. In dié geval word dit dan moontlik om die subjek in sy **geposisioneerde** raak te sien en sy situasie behoorlik te karakteriseer, eerder as om dit bloot as afwykend¹⁰⁹ of abnormaal te etiketteer. **Indirekte taalhandelinge** is 'n voorbeeld van hoe kompleks situasies kan wees: "These can be analysed precisely as acts which mediate and express complex intentional states, such as wanting to get people to do things as if it were they who wanted to do those things" (Pratt, 1986:64).

In die literatuur het die konsep van die enkelvoudige, gepersonaliseerde sprekende subjek 'n ooglopende uitwerking gehad op die wyse waarop die rol van die skrywer voortaan verstaan sou word, sê Pratt (1986:64) en verduidelik: "For literary texts can manifestly not be taken as involving a private, individualized, monolithic self addressing another such self, sincerely, straight from the heart." Om hierdie teenstrydighede te medieer, het teoretici die konsep van die 'implisiete outeur' ingevoer, dit wil sê 'n stem of posisie wat weggeabstraheer is van die 'werklike' skrywer, wat die teks geproduseer het maar nie 'persoonlik' kan bestaan vir die ontvangers nie. Volgens Pratt word hierdie kategorie onnodig indien die soeke na 'n outentieke, 'werklike' skrywer wat iewers teenwoordig is, gestaak word: "'Authorship' (then) becomes a certain position occupied by a speaking subject and endowed with certain characteristics and certain relationships to other dimensions of that subject" (Pratt, 1986:64).

Hierna vervolg Pratt deur verder aan te toon hoe een-tot-een-interaksie en 'n enkelvoudige, gepersonaliseerde subjek deur taalhandelinge teorie genormaliseer is. Die antwoord wat dié teorie bied op die vraag oor wat die twee subjekte doen wanneer hulle met mekaar praat, is dat hulle **saamwerk**: "Speech act theory stresses language as essentially a cooperative form of behavior, in which participants work together rationally to achieve shared or common goals" (Pratt, 1986:64). Wat veral hier ter sprake is, is Grice se samewerkingsbeginsel (die *CP*) en sy gespreksvoorwaardes, dit wil sê kwantiteit, kwaliteit, relevansie en wyse. Grice se vooronderstelling van samewerking is duidelik gebaseer op rasionaliteit, en beide is 'menslik' en daarom 'redelik', 'normaal' en 'natuurlik'. Pratt toon hierna die

109 Pratt gebruik hier weer die term "deviant" wat sy in haar vroeër publikasie (1977:210 e.v.) aangewend het om juis dit te suggereer wat sy hier afwys (vgl. 2.4.1).

ooreenkomste aan tussen Grice se gespreksvoorwaardes en Austin en Searle se toepaslikheidsvoorwaardes (bv. eerlikheid, nie-ooglopendheid en voorbereiding). Hoewel Grice self toegee het dat sy voorwaardes slegs geldig is vir taalgebruik wat ingestel is op die maksimale effektiewe uitruiling van informasie, is dit mettertyd wyd toegepas op die literatuur asof dit die norm sou wees wat geld vir nie-literêre verbale interaksie. Dit het geskied ten spyte van die feit dat mense voortdurend omring word deur die volgende: "speech events that are principled ways, not cooperative, not exchanges, not efficient, and where truthfulness, proportion, relevance, and informativeness are systematically absent or mitigated" (Pratt, 1986:65). Enkele sulke voorbeelde wat Pratt in die loop van die artikel noem, is toesprake op politieke vergaderings, advertensies, gesprekke tussen twee mense wat mekaar die hof maak, en so meer.

Die ideologiese parameters wat hierdie "maximal efficient exchange of information" normaliseer, word deur Pratt, myns insiens tereg, herlei na die industriële (kapitalistiese?) samelewing wat doeltreffendheid as natuurlike en normale voorhou, sodat taalgebruik 'n vorm van produksie en 'n kommoditeit word - die naam van die kommoditeit is 'informasie', "a category associated above all with positivist science and mass communications" (Pratt, 1986:66). Pratt verwys dan in aansluiting hierby na Foucault se kritiek op die sogenaamde "discourse of truth and falsehood", die geestesgoedere van 'n gemeenskap waarin industriële produksie, handel, wetenskap en die massamedia die magtigste determinante van die sosiale en materiële lewe is. Die menings van ander ideologiesekritici soos Coward en Ellis (vgl. 2.3.3 hierbo) word ook bygehaal om Pratt se siening te ondersteun.

'n Belangrike bydrae wat Pratt (1986:67 e.v.) in haar artikel maak, is die toevoegings tot Grice se samewerkingsgedagte wat sy voorstel. Drie faktore geld volgens haar dikwels as (byna alternatiewe) gespreksvoorwaardes wanneer taalhandelinge uitgevoer word: affektiewe relasies (*affective relations*), magsrelasies (*power relations*) en die kwessie van gemeenskaplike doelwitte (*the question of shared goals*). Dié drie bykomende faktore wat volgens Pratt (1986:67-69) in taalhandelingsituasies werksaam is, kan soos volg omskryf word:

(1) Die **affektiewe relasies** tussen deelnemers dui op die grade van vyandigheid, intimiteit, gemeenskaplike belange, ensovoorts. Volgens Pratt het hierdie faktore nie net 'n invloed op wat mense doen nie, maar ook op die reëls waarvolgens hulle

optree in 'n situasie. Waar mense byvoorbeeld met mekaar stry of baklei, word die eerlikheid-en-samewerkingsbeginsels grootliks omvergewerp en tree 'n nuwe stel reëls in werking.

(2) Sover dit **magsverhoudinge** betref, gaan Grice se samewerkingsbeginsel van die standpunt uit dat die partye wat deelneem aan 'n gesprek 'n gelyke aandeel het. Pratt se kritiek hierteen kon net sowel van 'n Marxistiese ideologiekritikus gekom het: "the notion of language exchange brings before us the persistent and terribly misleading metaphor of the linguistic marketplace, a kind of verbal utopia where a mythical free enterprise of words prevails, all voices vying equally to be heard" (Pratt, 1986:68). Die basiese feit is egter dat die meeste gespreksituasies hiërargies is en dat die standpunt van die magtigste party dinge definieer: "to put it crudely, some people get to do more talking than others, some are supposed to do more listening, and not everybody's words are worth the same" (Pratt, 1986:68). Sodoende reproduseer die taalhandelinge teorie op 'n onkritiese wyse die diskoers van waarheid en valsheid (ook genoem die "assertive discourse") wat volgens Pratt vanuit 'n ideologiekritiese oogpunt ondersoek word deur verskeie skrywers, insluitende Foucault, Derrida, Greimas, Roger Fowler, Coward en Ellis.¹¹⁰

(3) Voortvloeiend uit die vorige twee punte, stel Pratt (1986:68-69) dit dat slegs sommige gespreksituasies gekarakteriseer word deur **gemeenskaplike doelwitte** al dan nie tussen deelnemers; dit is duidelik net so algemeen vir sprekers om uiteenlopende doelwitte en belange te hê in 'n situasie. Een van die opvallendste voorbeelde hiervan is juis in die werklike mark (*marketplace*) te vinde: 'n winkelklerk sal byvoorbeeld vir 'n voornemende koper sê dat 'n kledingstuk haar uitstekend pas, terwyl dit duidelik nie die geval is nie. Die klerk se opmerking maak slegs sin in terme van kwaliteit, kwantiteit en wyse vir sover dit in verband gebring kan word met die klerk se eie doelwitte, belange en werksposisie. Op die keper beskou is daar kwalik 'n goeie rede te bedink waarom gedeelde doelwitte 'n

110 Die volgende aanhaling uit 'n werk van George Alexander (1978:25) illustreer Pratt se punt treffend: "A certain kind of function is given to language in assertive discourse which is mined with difficulties: language is seen as representation and intentional, and therefore the position of the subject who signifies (judges, and affirms, and then goes on to legislate) remains unchallenged ... the tactics of assertion brings into play an either/or logic essential to the production of the discourses of truth and falsity, which functions as effects of power."

natuurlike norm sou kon wees vir verbale interaksie.

Die groot tekortkoming wat Pratt raaksien is dus dat 'n groot hoeveelheid alledaagse, konvensionele taalhandelinge gelys word as buite die samewerkingsbeginsel en daarom as afwykend en abnormaal.¹¹¹ 'n Teorie van taalgebruik en kommunikasie wat nie in staat is om sosiale waarde toe te ken aan uitinge wat antagonisties, ambivalent, meerduidig, en so meer is nie, hou nie rekening met die wêreld waarin ons leef nie. "The 'normalized' forms of expression invoke a harmonious and homogeneous social world that is quite different from any known social formation", beweer Pratt (1986:69) tereg. Sy wys ook daarop dat Jurgen Habermas 'n alternatiewe uitweg uit die dilemma kies, naamlik dat daar eksplisiet verklaar word dat linguistiese norme waardebelaaie is en dat bouwerk aan 'n grammatika 'n uitgesproke utopiese proses is. Habermas se ideale taalhandeling postuleer hy dan as basis vir 'n sosiale kritiek: wanneer mense se werklike taalhandelinge afwyk van die norme van die grammatika, sien Habermas dit as sistematiese distorsies weens misvormings van die betrokke gemeenskap.

Die bevraagtekening van eerlikheid en samewerking as norme, hou duidelik implikasies in vir literêre analise. Die siening dat die ooreenkoms tussen die leser en die skrywer berus op rasonale samewerking in die rigting van gemeenskaplike doelwitte, moet eweneens aangepas word: "One must be able to talk about reader/text/author relations that are coercive, subversive, conflictive, submissive, as well as cooperative, and about relations that are some or all of these simultaneously or at different points in a text" (Pratt, 1986:70). Sodoende sal die taalhandelingsweergawe van byvoorbeeld avant-garde-tekste en 'weerstandlesings' soos dié van feministiese kritici aansienlik verryk word. Hoewel dit moeilik sal wees om hierdie komplekse siening van die leser/teks/skrywer-verhouding te verreken, dien dit tog vir my as belangrike riglyn met die oog op die teksontledings wat later volg.

'n Laaste voorbeeld waarmee Pratt haar siening illustreer, het betrekking op die kwessie van fiktiviteit. Representatiewe diskoers word deur taalhandelingsteoretici

111 'n Ander opsie as Pratt se toevoegings sou wees dat 'n mens Grice se teorie uitbrei en terme byvoeg soos "a Coercive Principle, a Conflictive Principle, a Subversive Principle, a Submissive Principle" (Pratt, 1986:70).

meestal gesien as surrogaat-taalgebruik: "That is, it views representative (or constative or assertive) speech acts as language that stands for the world, as verbal undertakings to fit words to the world" (Pratt, 1986:70). Fiktiewe diskoers word verder gesien as verbale aktiwiteit wat die taalhandelingsreëls oortree of ophef. Volgens Pratt behoort literatoure nie met so 'n marginalisering van die literatuur tevrede wees nie. 'n Teorie word dus benodig wat in ag neem dat representatiewe diskoers, hetsy fiktief of nie, altyd betrokke is by sowel "fitting words to world" én "fitting world to words"; dat taal en linguistiese instellings deels die wêreld konstrueer en konstitueer vir die betrokke taalgemeenskappe, eerder as om dit bloot te beskryf. Hierdie diskoerse is dus altyd gelyktydig **wêreldbeskrywende, wêreldskeppende en wêreldveranderende** ondernemings. Hiermee het Pratt myns insiens die sosiale rol van die literatuur dubbel onderstreep.

Pratt sluit af deur die mening uit te spreek dat daar van fiksie gepraat moet word as uitinge wat 'n fiktiewe stand van sake in 'n komplekse maar positief spesifiseerbare verhouding tot die werklike wêreld plaas. Hierdie verhouding kan egter nie bloot in terme van die referensiële stellings wat moontlik in die fiktiewe tekste ingebed is, verklaar word nie. "It is just too simplistic to reduce all the signifying practices involved in representation to the production of true or false assertions", aldus Pratt (1986:71). Die ironie van die saak is egter dat hoewel hierdie bevraagtekening van die norm van "assertive discourse" die belofte inhou van beter maniere om oor fiksie te praat, dit die diskoers bevraagteken waarna linguistiek en literêre kritiek wesenlik streef. Dit bring ons by 'n aanbeveling, maar ook 'n groot dilemma waaroor Pratt haar aan die begin van hierdie artikel reeds uitgespreek het.

Pratt beveel aan dat mense met verskillende sieninge van taal (of ook die literatuur) in **dialog** moet tree ten einde mekaar se **ideologiese determinante** in reliëf te bring, en dit beskikbaar te stel vir erkenning, aanvaarding, of kritiek (vir vele 'n onaanvaarbare gedagte). Haar volgende opmerking kon net sowel van die situasie binne die Afrikaanse linguistiese en literêre wêreld gesê gewees het: "The impact such mutual demystification can have is suggested by the extent to which it tends to be avoided in contemporary linguistic debate" (Pratt, 1986:59). In die Afrikaanse literêre toneel lyk dit ook asof die establishment-akademici (akademici met sterk verbintenisse aan die heersende orde) se siening van taal en literatuur so diep in 'n politieke ideologie gewortel is dat daar algemene weerstand teen en weersin in ideologiekritiese bevraagtekening van die heersende vooronderstellings, aannames

en beskouinge is. In die teksontledings wat later volg, sal ek 'n poging aanwend om tekens van die naturaliserende, normaliserende en dikwels ook neutraliserende werking van die ideologie van (veral) die hegemoniese orde uit te wys.

Ek wil afsluit deur daarop te wys dat ons in hierdie artikel (Pratt, 1986) te doen het met 'n aangepaste, 'dekonstruktiewe' en ideologiekritiese weergawe van Pratt (1977:xix) se vorige pleidooi vir 'n literatuurbeskouing wat die literêre makrotaalhandeling terugplaas in sy sosiale konteks waar hy sy volwaardige sosiale funksie kan vervul. Binne die Suid-Afrikaanse konteks sou hierdie funksie kon wees om ideologie te skep, in stand te hou, te kritiseer, te ondermyn, of les bes al hierdie funksies tegelyk!

2.4.4 'n Werkdefinisie van literêre taalhandelinge

Literatuur wil kommunikeer. Taal is die medium waardeur betekenisoordrag in die literêre kommunikasieproses plaasvind. Die **pragmatiek**, dit wil sê die studie van taal-in-gebruik, bestudeer **taaluitinge** wat, in teenstelling met sinne, naas linguistiese eienskappe ook nie-linguistiese aspekte betrek wanneer dit bestudeer word. Sodra 'n sin as 'n uiting beskou word, kom die tyd, die plek, die spreker en sy bedoelings, die hoorder en sy houdings, kortom die totale **gespreksituasie** of **konteks** waarin die uiting gemaak en ontvang word, ook in berekening. Omdat die **literêre teks** wesenlik 'n **makrotaaluiting** is, is dit eweneens gebonde aan die sosiale konteks waarbinne dit geskryf en gelees word. Hierdie literêre taaluiting met sy besondere sosiale funksie word deur taalhandelingssteoretici 'n **makrotaalhandeling** genoem, omdat dit altyd as **diskoers** 'n aktiewe **sosiale rol** vervul in die betrokke gemeenskap.

Hoewel die literêre taalhandeling in sekere opsigte verskil van die taalhandelinge wat in 'n ander gesprek tussen twee of meer mense uitgevoer word (daar word byvoorbeeld nie beurte geneem in die gesprek nie), is die ooreenkomste van veel groter belang. In die literêre diskoers tree die **skrywer/outeur** op as die **spreker** en is die **leser** of **leserspubliek** die **onvanger(s)** van die komplekse **boodskap** (dit wil sê die literêre teks wat in die toepaslike linguistiese sisteem geproduseer is). In taalhandelingssterme sou 'n mens kon sê dat 'n literêre taalhandeling met 'n bepaalde **intensie** of **bedoeling** uitgevoer word en dat daar onuitgesproke reëls en **voorwaardes** (gespreksvoorwaardes word teksvoorwaardes) in werking is wanneer

die leser dit ontvang en die betekenis daarvan probeer begryp. Dit moet egter uit die staanspoor duidelik gestel word dat hier nie sprake is van enkelvoudige, konsekwente intensies of van 'n 'ware betekenis' wat aan taaluitinge geheg kan word nie; die skrywer sowel as die leserspubliek bestaan nie uit 'ware selwe' of private, essensiële, geïndividualiseerde subjekte nie, maar uit individue wat as subjekte gekonstitueer is en komplekse sosiale rolle vervul. Ook **betekenis** is daarom **nonessensieel** en **sosiaalbepaald**, en ideologiese determinante is altyd teenwoordig wanneer betekenis toegeken word binne die literêre diskoers.

Teen die agtergrond van wat pas gesê is oor literêre betekenis en oor die subjekte wat betrokke is by die literêre kommunikasiesituasie, moet ook die reëls en voorwaardes wat ter spake is, beoordeel word. Die **toepaslikheidsvoorwaarde** van **eerlikheid** (Austin en Searle) en die **samewerkingsbeginsel** (Grice) geld nie *per se* vir enige taalhandelingsituasie nie en daarom ook nie vir die literêre teks as taalhandeling nie. Gespreksvoorwaardes soos kwantiteit (ekonomie), kwaliteit (opregtheid), relevansie en wyse geld slegs konsekwent in geïdealiseerde gespreksituasies. Ander faktore wat meestal ook 'n rol speel, is die aard van die **affektiewe relasie** tussen die spreker en die ontvanger(s), die **magsverhoudinge** wat tussen hulle werkzaam is en die kwessie van **gemeenskaplike doelwitte** al dan nie. Die geslaagdheid van die kommunikasie is verder ook afhanklik van die volgende: die **status** van die spreker, die **kontak** wat die spreker bewerkstellig met die hoorder(s) en die **houding** of **perspektief** van die spreker ten opsigte van sy/haar boodskap. Al hierdie dinge is ook in werking en ter sake wanneer die literêre taalhandeling ondersoek word.

Wanneer die outeur doelbewus in gebreke bly om sekere gespreks- of teksvoorwaardes na te kom terwyl die samewerkingsbeginsel wel in stand gehou word, tree **gespreksimplikasies** in werking. Hierdeur word daar 'n appèl op die leser

gemaak om 'n bepaalde houding in te neem en saam te werk om die kommunikasie so goed moontlik te laat slaag. Opvallende voorbeelde wat in die literatuur voorkom, is stylfigure soos ironie, die hiperbool, metafoor, ensovoorts. 'n Mens sou egter ook kon sê dat die boodskap van 'n literêre teks op grond van gespreksimplikasies van die makrotaaluiting afgelei moet word. Nou verbonde hieraan, is die kwessie van **indirekte taalhandelinge** wat eweneens volop in die literêre gesprek voorkom, trouens, in 'n sekere sin kan die totale representatiewe diskoers beskou word as die indirekte kommunikasie van veel meer as wat in soveel woorde gesê word. Juis omdat daar soveel veronderstel en aangeneem word wanneer kommunikasie deur middel van literêre tekste nagestreef word, is **presupposisies** voortdurend in werking as aannames omtrent gedeelde kennis, oordele, en so meer tussen skrywer en leser/leserspubliek. Die literêre kommunikasiesituasie steun grootliks daarop dat die literêre teks as makrotaalhandeling informasie en 'n boodskap kan oordra wat nie deel is van die taalgegewe nie.

Die **kanonieke gespreksituasie** waarin 'n taalhandeling plaasvind, het die volgende onderdele: die spreker, die aangesprokene(s), die toehoorder(s), die plek waar die gesprek plaasvind en die tyd waarop dit plaasvind. Omdat die posisie van die spreker bepalend is vir al die ander elemente, word daar verwys na die **deiktiese sentrum** waarin die **egosentriese spreker** hom/haar bevind. Ook in 'n literêre teks soos 'n roman kan die deiktiese sentrum, persoons-, tyd- en plekdeksis vasgestel word ten einde afleidings te maak omtrent die vertellersperspektief, karakterisering, die gebruik van tyd, ruimtebeelding, ensovoorts wat vir die interpretasie van die teks as makrotaalhandeling van waarde is. Omdat deksis die verhouding tussen die taalteks en sy konteks reflekteer, kan afleidings omtrent die sosiale diskoers in 'n gemeenskap gemaak word op grond van die gebruik van sommige **deiktiese uitdrukkings**. Dit is veral 'n aspek soos **sosiale deksis** (bv, aanspreek- en groetvorme) wat die spreker en die aangesprokene binne 'n sosiale werklikheid

plaas waarin (meestal ongelyke) sprekersrolle aan persone van verskillende ouderdom, geslag, klas, ras, ensomeer toegeken word. Die voorkoms van deiktiese uitdrukkings in literêre tekste, is grootliks 'n weerspieëling van die stand van intermenslike verhoudinge binne die tydenootlike diskoers in die gemeenskap.

Tot dusver was daar slegs sprake van die **gespreksvlak** waarin die skrywer/outeur en die leser/leserspubliek hul geposisioneerde rolle vervul binne die literêre gespreksituasie; daar is egter meer gespreksvlakke wat beskikbaar is vir die ondersoek wanneer daar gekyk word na die wyses waarop die literêre diskoers werksaam is in sy sosiale konteks. Hoewel die konkrete outeur nie noodwendig geskei kan of hoef te word van die sogenaamde implisiete outeur (die organiserende, strukturerende instansie in die teks) nie, kan daar ter wille van 'n ideologiekritiese ondersoek wel (met sekere voorbehoude) so 'n onderskeid getref word. 'n Verdere vlak waarop gesprekke gevoer word in die literêre teks, is dié wat op die vlak van die verhaal deur middel van die dialoog geskied, met ander woorde waar die karakters self optree as sprekers en ontvangers. Op elkeen van hierdie gespreksvlakke (wat in 3.4.2 nader toegelig word) word taalhandelinge uitgevoer waaraan 'n verskeidenheid van kommunikatiewe intensies geheg kan word, en wat begryp moet word deur 'n ontvanger wat, net soos die outeur, slegs in staat is tot manifestasies van sy/haar **sosiale gekonstitueerdheid** en **geposisioneerdeheid** in daardie spesifieke situasie.¹¹²

Die taalhandelingsteorie (en pragmatiek) se teoretiese apparatuur kan dus - soos uit die bespreking hierbo geblyk het - wel met vrug gebruik word wanneer literêre tekste as uitinge in 'n sosiale konteks bestudeer word, maar dan met inagneming van die wyse waarop hierdie tekste **geïnstitusioneel** is sodat skrywers en lesers

112 Omdat dit alles ook vir my eie ondersoek geld, erken ek hiermee die relatiwiteit, relasionaliteit en onvolkomenheid van alles wat ek in hierdie proefskrif te sê het.

veralgemeende sosiale rolle vervul wanneer hulle aan die gesprekke deelneem. Die illokutiewe krag van 'n literêre taalhandeling is die draer van die skrywer se kommunikatiewe intensie, en die perlokusie-effek op die leser as ontvanger is die konsekwensies van die handeling wat uitgevoer is. Om enige van hierdie aspekte werklik rasioneel, konsekwent en sistematies te probeer vaspen, sou egter eweneens 'n simptoom wees van 'n geïdealiseerde siening van die literêre kommunikasieproses.

Die logosentriese diskoers van waarheid en valsheid moet uit taalhandelingsontledings van literêre tekste geweer word sodat die literêr-kritiese diskoers op 'n nederiger, meer selfkritiese vlak gevoer kan word. Miskien sou dit dan meer moontlik wees om die literatuur, as taalhandelinge met sosiale implikasies, werklik ernstig op te neem, en in die ondersoek te verreken dat literêre tekste nie net wêreldbeskrywend is nie, maar inderdaad ook die wêreld wil skep en verander - en dit inderdaad doen. Die ondersoekraam vir die bestudering van die Afrikaanse roman wat in die volgende afdeling saamgestel word, moet hierdie oortuiging verreken.